UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BREYTENBACH J H

# DIE KONINGSKAP VAN JEHU: ´N ONDERSOEK NA DIE MOONTLIKHEID VAN ´N VERANTWOORDE HISTORIESE REKONSTRUKSIE

DD UP 1991

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Die koningskap van Jehu: 'n Ondersoek na die moontlikheid van 'n verantwoorde historiese rekonstruksie

Johan Hendrik Breytenbach

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Doctor Divinitatis in die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria

Oktober 1991
Pretoria

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DANKWOORD

Hierdie studie is nie sonder die gewaardeerde hulp van talle instansies en persone voltooi nie. My opregte dank aan almal wat meegehelp het, in besonder die volgende:

Die groot gemeenskap van geleerdes. Sonder hulle arbeid om op te bou, is 'n studie soos hierdie onmoontlik. Dit bly 'n voortgaande voorreg om deur hulle oë nuwe ruimtes te sien oopgaan wat wag om verken te word.

Die gemeentes Meyerton, Vaalwater en Wonderboom-Suid. Die geduld, aanmoediging en begrip wat hulle gegee het, is sprekend van die warmte wat 'n predikant in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ontvang. Besondere dank aan die gemeente Wonderboom-Suid wat 'n lang studieverlof toegestaan het, en die gemeente Pretoria wat ruim finansiële hulp gegee het.

Professor J P Oberholzer, my promotor. Sy geduld en begrip is beproef in die tyd waarin hierdie proefskrif gestalte gekry het. Op sy kenmerkende manier het hy my toegelaat om self uit te vind watter paaie doodloopstrate is, en dan rustig die weg gewys.

Mejuffrou Thea Heckroodt van die Merenskybiblioteek. Die vriendelike en onbaatsugtige hulp van hierdie bekwame bibliotekaris was vir my van onberekenbare waarde.

Mevrou Hannie Pretorius wat die tikwerk gedoen het. Haar geduld en haar aandrang om elke letter, kolletjie en strepie korrek te hê, getuig van besondere bekwaamheid en ervaring. Geen enkele fout wat deurgeglip het, staan op haar rekening nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Professor A G van Aarde. Hy het uit sy pad gegaan om as redakteur van die Hervormde Teologiese Studies 'n artikel te laat evalueer vir publikasie voor die verstryking van die indiendatum van die proefskrif, sodat aan al die vereistes voldoen kon word.

Lourika, Mia en Albertus. Hulle het die meeste bystand, aanmoediging en onderskraging gegee. Hulle moes ook die meeste verdra en opoffer.

Maar bo alles: aan God die dank.

Wonderboom-Suid
Oktober 1991

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Die koningskap van Jehu: 'n Ondersoek na die moontlikheid van 'n verantwoorde historiese rekonstruksie**

**deur Johan Hendrik Breytenbach**

**PROMOTOR : Prof J P Oberholzer**
**DEPARTEMENT: Ou-Testamentiese Wetenskap**
**GRAAD : Doctor Divinitatis**

## OPSOMMING

Die historikus maak 'n rekonstruksie van die geskiedenis op die fondament van betroubare historiese getuienis. Dit word gelewer deur dokumente en monumente uit die verlede. Die aard van die dokument wat getuienis lewer, is van deurslaggewende belang in die beoordeling van die betroubaarheid van die getuienis. Die omstandigheidsgetuienis wat uit materiële reste afgelei word, is afhanklik van interpretasie. Dit is hipoteties van aard en moet versigtig gebruik word.

2 Konings 9-10 is deel van die Deuteronomistiese Geskiedenis, 'n teologiese konstruksie wat 'n verskeidenheid bronne onkrities opneem. In 2 Konings 9-10 is 'n voor-deuteronomistiese Jehuvertelling opgeneem, uitgebrei en in diens van die teologiese intensie van die Deuteronomis gestel. Hierdie vertelling is 'n propagandageskrif wat die magsoorname van Jehu religieus legitimeer. Dit bied 'n onbetroubare rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu se opstand. Die besonderhede in die vertelling is histories ook nie betroubaar nie.

Die getuienis van Kronieke is 'n verwerking van die rekonstruksie van die Deuteronomis. Die onafhanklike getuienis van Hosea 1:4 reflekteer 'n Jehuvyandige tradisie. Die Assiriese inskripsies open 'n ander perspektief op die opstand van Jehu, maar is nie noodwendig betroubaar nie.

Die omstandigheidsgetuienis van die 'nuwe argeologie' ondermyn ernstig die aanname dat Israel 'n diep verdeelde gemeenskap

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was. Die getuienis maak 'n radikaal ander rekonstruksie van die maatskaplike stratifikasie van Israel waarskynlik. Die aard van die getuienis kan hierdie rekonstruksie nie bo die sfeer van die spekulatiewe uitlig nie.

Die gebrek aan voldoende, betroubare getuienis lei tot talle spekulatiewe rekonstruksies van die geskiedenis van Jehu. Totdat meer en betroubaarder getuienis aan die lig kom, kan die historikus die geskiedenis van Jehu slegs bespiegelend rekonstrueer.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# The kingship of Jehu: An investigation into the possibility of a justifiable reconstruction of its history

**by Johan Hendrik Breytenbach**

**PROMOTOR : Prof J P Oberholzer**
**DEPARTMENT: Old Testament Studies**
**DEGREE : Doctor Divinitatis**

## SUMMARY

The historian reconstructs history on the basis of reliable historical evidence. This is given by documents and monuments from the past. The nature of a witnessing document is of crucial importance in establishing the reliability of its evidence. The circumstantional evidence deduced from material remains, depends on interpretation. It is hypothetical by nature, and should be used with caution.

2 Kings 9-10 forms part of the Deuteronomistic History, a theological construction that uncritically included a variety of sources. A pre-deuteronomistic Jehu narrative, expanded to serve the theological intention of the Deuteronomist, was included in 2 Kings 9-10. The original narrative is a propaganda piece, intended to legitimize Jehu's kingship from a religious viewpoint. It presents an unreliable reconstruction of the history of Jehu's usurpation. Much of the detail in the narrative is historically also untrustworthy.

The evidence given by Chronicles is an adaptation of the account rendered by the Deuteronomistic History. Independent evidence in Hosea 1:4 reflects a tradition hostile to the Jehu dynasty. The Assyrian inscriptions open a new perspective on Jehu's rebellion, but their evidence is not perforce to be considered reliable.

The circumstantional evidence drawn from the results of 'new archeology' substantially undermines the assumption that

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Israel was a deeply divided society. It opens the possibility of a radically altered reconstruction of Israelite society. The nature of the evidence, however, does not make it possible to lift this reconstruction out of the realm of the speculative.

The lack of sufficient, reliable evidence led to a number of speculative reconstructions of the history of Jehu's kingship. Until sufficient and more reliable evidence comes to light, the historian will only be capable of reconstructing Jehu's history in a speculative manner.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## INHOUDSOPGAWE

**Bladsy nr**

**HOOFSTUK 1**

**DIE MOTIVERING VIR HIERDIE STUDIE** ................. 1

**HOOFSTUK 2**

**REKENSKAP OOR 'N MODEL VIR GESKIEDSKRYWING**......... 6

2.1 Die eie aard van die geskiedenis as wetenskap .................................... 7

2.2 Die objek van wetenskaplike geskiedskrywing ... 9

2.3 Die historikus se bronne ...................... 12

2.4 Die historikus en die rekonstruksie van die geskiedenis ................................... 16

2.5 Die waarde en sin van geskiedskrywing ......... 21

2.6 Die bronne vir die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel ........................ 24

2.7 Die Ou Testament as bron van die geskiedenis van Israel .................................... 27

2.8 Die Ou Testament as getuie in hierdie ondersoek .................................... 41

**HOOFSTUK 3**

**JEHU SE KONINGSKAP VOLGENS KONINGS** ................. 49

3.1 Die aard van die Deuteronomistiese Geskiedenis .................................. 49

3.2 Die plek en funksie van 2 Konings 9-10 in die boek Konings ................................... 58

3.3 Die voor-deuteronomistiese Jehuvertelling ..... 66

3.4 Voor-deuteronomistiese bewerking(s) van die Jehuvertelling?................................ 79

3.5 Die intensie en **Sitz im Leben** van die oorspronklike Jehuvertelling ................. 83

3.6 Konklusie ..................................... 92

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy nr

**HOOFSTUK 4**

**ANDER GETUIENIS IN DIE OU TESTAMENT OOR DIE KONINGSKAP VAN JEHU** .............................. 95

4.1 Die getuienis in 2 Kronieke 22:5-9 ........... 95

4.1.1 Die aard van die Kronistiese Geskiedenis .... 96

4.1.2 2 Kronieke 22:5-9 as deel van die Kronistiese Geskiedenis ................................ 100

4.1.3 Onafhanklike getuienis in 2 Kronieke 22:5-9? 103

4.2 Die getuienis van Hosea 1:4 .................. 107

4.3 Konklusie .................................... 110

**HOOFSTUK 5**

**DIE GETUIENIS UIT DIE ASSIRIESE INSKRIPSIES** ........ 111

5.1 Die betroubaarheid van die Assiriese getuienis .................................... 111

5.2 Die getuienis oor Jehu in die inskripsies van Salmaneser III ........................... 114

**HOOFSTUK 6**

**AGTERGRONDGETUIENIS OOR DIE KONINGSKAP VAN JEHU** .... 116

6.1 Israel tydens die bewind van Jehu: 'n profiel ...................................... 119

6.2 Joram se buitelandse politiek as agtergrond vir die staatsgreep van Jehu .................. 132

6.3 Die groot stilte: die regeringstyd van Jehu ... 138

**HOOFSTUK 7**

**DIE KONINGSKAP VAN JEHU: 'N BEOORDELING** ........... 140

7.1 Die Jehuvertelling as historiese bron ......... 141

7.2 Die koningskap van Jehu: die begin van die einde?......................................... 146

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy nr

7.2.1 Jehu se magsoorname: 'n bloedige Jahwerevolusie .............................. 147

7.2.2 Die regering van Jehu: 'n periode van agteruitgang ................................ 149

7.2.3 Israel deur Jehu se optrede prysgegee aan die vyande rondom ........................... 152

7.3 Samevatting ................................... 153

**LITERATUURVERWYSINGS** .............................. 155

**AFKORTINGS** ..................................... 175

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 1

## DIE MOTIVERING VIR HIERDIE STUDIE

Die boek Konings struktureer sy aanbieding van die geskiedenis van die koninkryke Juda en Israel op 'n besondere manier (Nelson 1988:39-48). In die eerste deel van sy geskiedenis fokus Konings op die geskiedenis van Israel eerder as op dié van Juda. Die beskrywing van die geskiedenis van Israel in dié deel is proporsioneel aansienlik langer en meer gedetailleerd as dié van die geskiedenis van Juda. Daarby word die geskiedenis van ses konings van Israel vervleg met vertellings van die optrede van profete (Wallace 1986:21-40), teenoor die enkele profetewoord aan Rehabeam van Juda. In die tweede deel van Konings se aanbieding van die geskiedenis word proporsioneel meer ruimte aan die konings van Juda as aan die konings van Israel gewy. Slegs in die geskiedenis van Joas van Israel word nog 'n profetevertelling aangetref, terwyl die geskiedenis van Hiskia en Josia van Juda sulke vertellings bevat. Daarbenewens word die optrede van die priester Jojada uitvoerig beskryf by die herstel van die Dawidshuis in 2 Konings 11.

Die verdeling tussen hierdie dele in Konings loop tussen 2 Konings 10 en 11 deur. Die beskrywing van die geskiedenis van Jehu sluit nie slegs die beskrywing van die geskiedenis van die huis van Agab af nie, maar ook die hele eerste deel van die geskiedenis van die konings van Israel en Juda. Volgens Mullen (1988:193-206), vorm die toesegging van 'n beperkte dinastieke lyn aan Jehu (2 Kon 10:30) die wentelpunt in die benadering tot die beskrywing van die geskiedenis van Israel en Juda tussen die twee dele in Konings.

In sy aanbieding van die geskiedenis van die konings van Israel gee Konings 'n beklemtoonde plek aan die geskiedenis van Agab en sy huis. Hierdie omvangrykste beskrywing van enige dinastie in Israel sluit, benewens die groot Elia- en

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Elisasiklus, ook etlike ander profetevertellings in. Die gedeelte word dubbel omraam. Ter inleiding word beklemtoon dat Agab meer gedoen het om '...die Here die God van Israel uit te tart as al die konings van Israel voor hom' (1 Kon 16:30,33), terwyl dit afgesluit word met die gunstige oordeel oor die optrede van Jehu: 'Omdat jy gedoen het wat goed en reg is in my oë en jy die huis van Agab alles aangedoen het wat Ek my voorgeneem het, sal jou kinders tot in die vierde geslag op die troon van Israel sit' (2 Kon 10:30). 'n Tweede raam word om hierdie gedeelte geplaas deur Elia aan die begin en Atalia aan die einde in 'n besondere verteltyd te stel (Nelson 1988:43-44). Deur die geskiedenis van Agab tot Jehu op hierdie wyse te beklemtoon, slaag Konings daarin om die tema van hierdie gedeelte skerp te belig (Cook 1986:27-48).

Die tema van die Agab-Jehukompleks kan beskryf word as 'Baäl-diens in Israel' (Hoffmann 1980:104). Hoewel al die konings van Israel, met uitsondering van Sallum en Hosea, verwyt word dat hulle die sondes van Jerobeam voortgesit het, word slegs Agab en sy seuns Ahasia en Joram daarvan beskuldig dat hulle die Baäls gedien het. Die beskuldiging is eksplisiet teen Agab (1 Kon 16:13) en Ahasia (1 Kon 22:54), maar teen Joram word dit geïmpliseer in die woorde van Elisa (2 Kon 3:13). Hierdie beskuldiging word veralgemenend weer opgeneem in die beoordeling van die geskiedenis van Israel in 2 Konings 17:16. In die res van Konings is dit egter afwesig.

Konings stel die regering van Agab voor as die laagtepunt in die geskiedenis van Israel omdat die Baäldiens tydens sy bewind 'n hoogtepunt bereik het. Die optrede van Jehu bring egter 'n ingrypende wending mee in die geskiedenis van Israel omdat dit die vernietiging van die Baäldiens ingehou het. Dit verbaas 'n mens dan nie dat hierdie hoofstuk in die geskiedenis van Israel die belangstelling van talle navorsers geprikkel het nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die bestendige stroom publikasies wat onder die titel 'Geskiedenis van Israel' verskyn, word hierdie gedeelte bykans altyd afsonderlik behandel. Die aandag wat dit geniet in kommentare en tientalle artikels onderstreep die belangstelling wat dit wakker maak. Daarbenewens verskyn daar redelik dikwels monografieë wat oor een of ander aspek van die Agab-Jehukompleks handel. Sonder om enigsins aanspraak op volledigheid te maak, word die invloedrykste studies wat die afgelope kwarteeu die lig gesien het genoem. Steck se studie oor die Eliavertellings het in 1968 verskyn. Dit is in 1972 gevolg deur die studie van Schmitt oor die Elisavertellings. Hentschel het beide die Elia- en Elisavertellings onder oë geneem in 'n publikasie van 1977. Die geskiedenis van die dinastie van Omri is deur Miller ondersoek in 'n dissertasie (1964). Timm (1982) het ook die dinastie van die Omri grondig ondersoek. Die koningskap van Jehu is die onderwerp van studies deur Knott (1971), Trebolle-Barrera (1984, nie vir my toeganklik nie) en Minokami (1989).

Suid-Afrikaanse geleerdes wat hulle aandag op die Agab-Jehukompleks toegespits het, is onder andere Bronner (1968) en Smit (1989) op die Elia- en Elisavertellings; Pienaar (1974) op die dinastie van Omri; en Barnard op die koningskap van Agab (1980) en die dinastie van die Nimsiede (1982).

Hierdie groot aantal wetenskaplike ondersoeke wat die afgelope klompie jare die lig gesien het, verteenwoordig 'n verskeidenheid benaderings. Dit laat die vraag ontstaan of nog 'n ondersoek geregverdig kan word. Enkele oorwegings dui nie slegs die regverdigbaarheid nie, maar ook die wenslikheid van 'n verdere ondersoek aan.

* In die groot meerderheid studies word 2 Konings 9*-10* as 'n goeie en betroubare historiese bron aanvaar. Hierdie aanname rus op twee pilare: die hoeveelheid historiese detail wat in die Jehuvertelling aangetref word; en die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tydgenootlikheid van die vertelling met die gebeure wat dit beskryf (vgl Timm 1982:137-142). Studies in die geskiedenisfilosofie en -metodiek het hierdie pilare as onvoldoende norme vir die beoordeling van die betroubaarheid van 'n historiese getuie uitgewys. Die waarde van die Jehuvertelling as historiese bron verdien opnuut 'n ondersoek.

* In talle bestaande studies word van die aanname uitgegaan dat Israel etnies-religieus 'n diep verdeelde gemeenskap was. Ondersoeke na die oorspronge van Israel in die jongste verlede (vgl Coote & Whitelam 1987; Lemche 1985) skep 'n totaal nuwe beeld van die sosiale en ekonomiese verhoudinge in Israel (Lemche 1988). 'n Ondersoek na die spanning tussen die diens aan Jahwe en die diens aan Baäl wat in 2 Konings 9-10 gereflekteer word, is aangewese.

* Die skerp kritiek van Garbini (1988:1-20), en uit 'n heel ander hoek die ewe skerp kritiek van Whitelam (1986:45-70) op die wyse van historiese studie in die Ou-Testamentiese wetenskap raak ook die studies van die koningskap van Jehu. Dit vra dat daar opnuut besin word oor die moontlikheid om 'n verantwoorde geskiedenis van Jehu te skryf op grond van die getuienis wat die dokumente uit daardie tyd bied. Die moontlikhede wat die gebruik van die resultate van die 'nuwe argeologie' en sosiale studies bied vir die rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu, moet terselfdertyd in die lig van die problematiek eie aan die gebruik van daardie resultate (Herion 1986:3-33; Mayes 1989:39-63; Rogerson 1989:17-37; Carroll 1989:203-225; Dever 1990:169-172) ondersoek word.

* Die koningskap van Jehu omvat 'n baie beperkte en spesifieke periode in die geskiedenis van Israel. Daar is voldoende dokumentêre bronne om aan die insigte van moderne wetenskaplike geskiedskrywing te toets sonder dat

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit dreig om die ondersoeker te verswelg. Terselfdertyd is daar voldoende getuienis uit die totale omgewing waarin Jehu se regering geplaas is om die moontlikhede van die 'nuwe argeologie' en die sosiaal-wetenskaplike benadering vir die rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu te benut. In 'n ondersoek na die koningskap van Jehu is daar gevolglik genoeg ruimte en geleentheid om die beperkinge en moontlikhede van 'n verantwoorde rekonstruksie van die geskiedenis op die basis van die getuienis uit die Ou Testament en sy wêreld te aksentueer.

Hierdie studie beoog nie primêr om 'n volledige rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu te bied nie. Dit wil die moontlikheid van 'n verantwoorde rekonstruksie ondersoek deur die betroubaarheid van die getuienis uit al die verskillende bronne te beoordeel.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2

## REKENSKAP OOR 'N MODEL VIR GESKIEDSKRYWING

Geskiedskrywing as wetenskap is wêreldwyd in 'n krisis (Handlin 1979:3-24; Lübbe 1977:9; Hamerow 1987:3-38). Die wetenskaplikheid van geskiedskrywing, die aard van hierdie wetenskap, sy objek van studie, die metodes wat gebruik word, en die nut daarvan word krities bevraagteken. Hierdie kritiese vraagstelling laat die vakgebied van die Ou-Testamentiese wetenskap nie onaangeroer nie. Die studiegebied wat hom besig hou met die geskiedenis van Israel en Juda, is stewig gevestig in die groter vakgebied maar die begrensing en benaming daarvan bly problematies (Noth 1954:9; De Vaux 1978:ix). Teen die wyse waarop geskiedskrywing in hierdie studiegebied beoefen word, is die afgelope tyd besondere skerp kritiek gelewer (Whitelam 1986:45-70; Garbini 1988:1-20). Die kritiek van Garbini raak nie net die beoefening van geskiedskrywing in die Ou-Testamentiese wetenskap nie, maar selfs die plek van hierdie studiegebied in die Ou-Testamentiese wetenskap op sigself deur die beoefenaars se kompetensie te betwyfel: '...all those who ... have written about the story of the ancient Hebrews are not historians by profession ... They are **Alttestamentler**.... (1988:2).

In hierdie hoofstuk sal die aandag, in die lig van hierdie kritiek, eers toegespits word op 'n baie beknopte ondersoek na geskiedskrywing as wetenskap. Vervolgens sal daar gepoog word om die kontoere aan te dui vir 'n model waarvolgens die geskiedskrywing as deel van die Ou-Testamentiese wetenskap beoefen kan word. Dit spreek vanself dat nóg die een nóg die ander aspek volledig in die bestek van hierdie studie behandel kan word. Albei aspekte is immers die onderwerp vir 'n volledige monografie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.1 Die eie aard van die geskiedenis as wetenskap

Die mens is nie 'n kousaal-meganiese wese nie (Oberholzer 1954:287). Hierdie filosofiese premisse het wye implikasies (Oberholzer 1980:1-14). Een van die implikasies daarvan is dat geskiedenis vir 'n mens moontlik word.

As nie-kousaal-meganiese wese is die mens begenadig met die vermoë om op so 'n wyse te kan dink dat hy keusevryheid kan uitoefen en gevolglik verantwoordelikheid moet aanvaar (Dreyer 1974:17). Hierdie gawe benut 'n mens nie in 'n vakuum nie maar in die werklikheid van die wêreld waarin hy leef (Carr 1986:29). Hy is nie magteloos prysgegee aan 'n blinde noodlot of onverbiddelike wetmatighede of 'n onbreekbare ketting van oorsaak-en-gevolg nie (Dreyer 1974:205; Carr 1986:43). As 'n denkende wese maak hy verantwoordelike keuses wat moontlikheid tot werklikheid omskep. Sodoende gryp hy in sy leefwêreld in en oefen hy invloed daarop uit (Muller 1969:35).

In sy omgang met die wêreld waarin hy leef is die mens nie as absolute, eensame individu besig nie. Hy is een in die wêreld wat bevolk is met ander mense, skepsels en kragte (Carr 1986:41). Sy besig wees met die wêreld is nie waardeloos nie (Dreyer 1974:33). Dit is ook nie sonder waardes nie (Oberholzer 1954:117), omdat hy in sy omgang met die wêreld besig is om sin te gee en sin te soek (Oberholzer 1954:120; Dreyer 1974:33) by die uitoefening van keuses.

Die wêreld waarin die mens leef, is nie 'n nuwe wêreld nie: dit is 'n wêreld met 'n verlede. Die verlede is ook 'n gegewene van die mens se leefwêreld, waarmee hy moet omgaan. Geskiedenis is die sinsoekende en singewende omgang van die mens met hierdie verlede. Die geskiedenis is daarom nie staties, eenvormig en afgehandel nie, maar 'n voortgaande aktiwiteit met vele gesigte (Butterfield 1954:11; Dreyer 1974:15).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die geskiedenis is kleiner as die verlede, omdat dit nie belangstel in alles van die verlede nie, en nog minder die totale verlede bloot wil beskryf. Sinsoekend en singewend rig die geskiedenis hom op die wêreld waarin die mens van die verlede geleef het; op die relasie tussen die mens en sy wêreld; en op die menslike aktiwiteite van die verlede in soverre dit **betekenisvol** is (Walsh 1964:30).

> Dat mense 'n geslagsdrang het, langs die gewone fisiese weë verwek en gebore word, groei en groot word, dat hulle moet eet en drink, dat hulle aan allerhande fisiese en psigiese aftakelingsprosesse onderhewig is, oud word en doodgaan - al hierdie dinge is juis dinge wat die grootste gedeelte van die menslike aktiwiteit in beslag neem, maar dit is vanselfsprekend en vir die historikus van geen belang nie. Wat egter wel van belang is, is dat mense al hierdie dinge omring met bepaalde taboes, gewoontes, sanksies en beskouinge van goed en sleg en op hierdie wyse van die vanselfsprekende dinge iets maak wat menslik betekenisvol is (Dreyer 1974:32).

Aan die ander kant is geskiedenis wyer as die akademiese dissipline wat hom met geskiedskrywing besig hou. Tradisies en gebruike, volksvertellings en die historiese roman, die bewaring van gedenkwaardighede en die versameling van munte is alles voorbeelde van 'n sinsoekende en singewende omgang met die verlede. In elke geval wat as voorbeeld opgehaal is, het ons te doen met 'n eie soort geskiedenisaktiwiteit (Dreyer 1974:15).

Akademiese geskiedskrywing, of dan geskiedenis as wetenskap, is net een manier van besig wees met die geskiedenis. Dit beteken dat geskiedenis as wetenskap die sinsoekende en singewende omgang van die mens met die verlede is wat onderwerp word aan die norme en eise van wetenskaplikheid en wat aan die voorwaardes van wetenskaplikheid voldoen (Dreyer 1974:16).

© University of Pretoria  Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vraag of dit moontlik is om so met die verlede om te gaan dat die kennis van die verlede aan die voorwaardes, norme en eise van wetenskaplikheid voldoen, word steeds gedebatteer (Marwick 1984:99-135; Lübbe 1977:9-23). Dit val buite die bestek van hierdie studie om daardie debat hier verder te voer. Dit is voldoende om daarop te wys dat daar redelike eenstemmigheid heers dat wetenskaplike kennis aan die minimumvereistes van rasionaliteit, objektiewe geldigheid, mededeelbaarheid, metodologiese verantwoordbaarheid en gesistematiseerdheid moet voldoen (Dreyer 1974:122; Walsh 1964:36). Dreyer (1974:122-134) toon aan dat die kennis wat geskiedenis as wetenskap van die verlede aanbied, aan hierdie minimumvereistes voldoen, soos dit in die geesteswetenskappe funksioneer. Die wyse waarop hierdie vereistes in geskiedenis as wetenskap toegepas word, word egter in 'n hoë mate beïnvloed deur die objek van studie wat in wetenskaplike geskiedskrywing in die kollig staan.

## 2.2 **Die objek van wetenskaplike geskiedskrywing**

'Die historikus se voorwerp van studie is die leefwêreld van die mens en die gedurige aktiwiteit van die mens om gestalte aan sy leefwêreld te gee soos wat hy meen dit behoort te wees' (Dreyer 1974:34).

Dit is vanselfsprekend dat die historikus nie voortdurend die geheel van die geskiedenis onder die loep kan neem nie. Die omvang van die geskiedenis alleen verplig hom al tot seleksie; so ook die belangstelling van 'n individuele historikus in 'n bepaalde tema of periode. Selfs die groot opgesette historiese werke word gekenmerk deur seleksie (Spengler 1917; Toynbee 1934).

Die historikus neem dus 'n bepaalde tema of periode of persoon (Gottschalk 1969:62) uit die geskiedenis en dit word sy studievoorwerp. Die voorwerp van sy studie stel hom onmiddellik voor 'n probleem: die verlede is nie meer voor hande nie

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Lembeck 1988:44). Dit is vir die historikus op geen manier moontlik om die verlede tot hede te maak en as't ware onder laboratoriumtoestande te bestudeer nie (Marwick 1984:99). Die historikus word dus verplig om navorsing te doen oor 'n objek wat nie meer onmiddellik benader kan word nie.

Die enigste manier waarop die historikus toegang kan kry tot die geskiedenis as objek van sy navorsing, is deur middel van die reste wat van die verlede oorgebly het. Hierdie reste beskryf Droysen (1937:38) as '...alles und jedes, was die Spur von Menschengeist und Menschenhand an sich trägt'. Dit is hierdie omvangryke en uiteenlopende reste van die verlede wat vir die historikus as poort na die geskiedenis dien.

Die eerste taak van die historikus is dus om die reste uit die verlede, wat in die dokumente en monumente (Dreyer 1974:30) van die verlede voor hande is, noukeurig na te vors en deur sy navorsing die data wat hierdie reste bied, te bekom. In die negentiende eeu was dit die ideaal om deur 'n byna onoor-sigtelike massa versamelde data die geskiedenis te beskryf. Die data is aangebied as feite wat vir hulleself spreek en, na die ideaal van Rancke, die verlede beskryf '...wie es eigent-lich gewesen ist' (Marwick 1984:36).

Sedert die eeuwenteling het die kritiek van geskiedenisfilo-sowe dit al duideliker gemaak dat die geskiedenis nie só maklik te agtergehaal is nie. Die geskiedenis is immers nie gelyk aan die verlede nie en bestaan nie bloot uit data nie, maar uit gebeure en hulle sinvolle samehange (Deist 1976:23; vgl Carr 1986:5). Die data uit die verlede is ook nie sonder meer feite nie. 'n Feit is 'n abstraksie uit hierdie data, wat aangebied word as 'n oordeel wat waar is (Dreyer 1974:50).

Die reste uit die verlede lewer aan die historikus data wat getuig aangaande die verlede. Alles wat in die getuienis aangebied word, is nie vir die historikus van belang nie, maar slegs wat betekenisvol is (Dreyer 1974:32). Dit bring mee dat

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar data uit die verlede is wat vir die historikus nie as historiese feite geld nie. Eers die betekenisvolheid van 'n spesifieke datum in sy samehang met ander data uit die verlede wat reeds as histories betekenisvol geld en daarom as feite gereken word, laat daardie spesifieke datum uit die verlede tot 'n historiese feit word (Carr 1986:6).

Die reste uit die verlede gee nie sonder meer aan die historikus die feite van die geskiedenis prys nie. Die dokumente wat van die verlede getuig, is self reeds die resultaat van menslike omgang met die toenmalige hede. Daar is reeds keuses gemaak ten opsigte van die betekenisvolheid van gegewens en die samehang van gebeure is reeds geïnterpreteer.

> But what, when we get down to it, do these documents ... tell us? No document can tell us more than what the author of the document thought - what he thought had happened, what he thought ought to happen or would happen, or perhaps only what he wanted others to think he thought, or even only what he himself thought he thought' (Carr 1986:10).

Verder is die monumente wat uit die verlede oorgebly het bloot daar, sonder dat hulle self iets sê (Gottschalk 1969:88). Oor die betekenis van daardie monumente getuig vakspesialiste wat hulle daarop toespits. Die historikus gebruik hierdie getuienis van die spesialiste om die historiese feite wat vir hom belangrik is, uit te wan (Gottschalk 1969:128).

Die historikus benader die geskiedenis dus deur die bronne wat data oor die verlede lewer, te gebruik. Hierdie data maak nie sonder meer die objek van sy studie deursigtelik nie. Die historikus moet self in die data wat sy bronne oor die verlede bied, die feite naspeur wat getuienis lewer oor die geskiedenis (Dreyer 1974:30).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ten einde hierdie getuienis te bekom, is die historikus verplig om met sy bronne in gesprek te tree (Carr 1986:23).

## 2.3 Die historikus se bronne

Die bronne waarmee die historikus in gesprek tree, '...alles und jedes was die Spur von Menschengeist und Menschenhand an sich trägt', is van wyd uiteenlopende aard. Die historikus kan nie verwag om elkeen van hierdie bronne self onmiddellik in die gesprek te ontmoet nie. Daarom maak hy dankbaar gebruik van die ander vakdissiplines wat die getuienis van dié bronne wat nie vir hom sonder kundige hulp toeganklik is nie, vertolk (Van der Dussen 1986:43; Gottschalk 1969:126).

Die monumente wat vir die historikus as bron van historiese getuienis dien, sluit alle nie-dokumentêre voorwerpe uit die verlede in. Daaronder tel dinge soos geboue, gebruiksvoorwerpe, wapens, grafte, munte en kunswerke. Die getuienis wat hierdie voorwerpe bied, is nie meer as omstandigheidsgetuienis nie. Dit lewer 'n blik op die omstandighede waaronder mense geleef en gewerk het, en bied getuienis aangaande die materiële produkte wat uit daardie omgewing en aktiwiteite gekom het. Om hierdie getuienis histories bruikbaar te maak, is dit nodig dat die navorsing wat op elke bepaalde terrein gedoen word, met die metodes en tegnieke van die bepaalde vakwetenskap uitgevoer word (Gottschalk 1969:128). Die bestudering van die monumente uit die verlede bied immers nie self geskiedenis nie, en die weergee van die resultate van daardie studie is ook nog nie wetenskaplike geskiedskrywing nie. Dit is primêr die beskrywing van data uit die verlede en moet so onbevange en objektief moontlik weergegee word (Dreyer 1974:91; Butterfield 1954:23).

Die wetenskaplike geskiedskrywing bring die feite wat uit hierdie bronne verkry is, saam met die feite wat deur al die ander ter sake bronne gebied word, in 'n samehangende en sinvolle historiese geheel byeen. Indien die numismatikus of

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die argeoloog, byvoorbeeld, sy ondersoek doen asof dit sonder meer geskiedenis is of historiese bewyse bied, oorspan hy die moontlikhede van sy vak (Pienaar, Olivier & Cornelius 1989). Dit benewel die resultate van die navorsing en bemoeilik die werk van die historikus (Dever 1987:220; Miller 1976:47).

Die dokumentêre bronne wat die historikus benut, is alle reste uit die verlede wat skriftelike data aangaande die toenmalige hede bevat. Hierdie dokumente is veelsoortig. Dit sluit onder meer beskrewe potskerwe en koninklike standbeelde, kwitansies en dagboeke, briewe en wetenskaplike studies, skrifoefeninge en literêre kunswerke in. In die dokumentêre bronne word nie net omstandigheidsgetuienis aangetref nie maar getuienis van spesifieke aard wat besondere gebeurtenisse, persone, plekke, datums en dies meer op die toneel bring. Vanweë hierdie besondere aard van die getuienis wat dokumentêre bronne lewer, word tussen intensionele en nie-intensionele dokumentêre bronne onderskei (Elton 1967:77; Handlin 1979:252).

Intensionele dokumente is dokumente wat geskryf is met die bedoeling om data uit die toenmalige hede te bewaar (Elton 1967:77; Marwick 1984:143). Onder intensionele dokumente word onder meer kontrakte, joernale, amptelike annale en kronieke gereken. Nie-intensionele dokumente is dokumente waarin data uit die verlede bewaar word sonder dat die dokument die bedoeling het om daardie inligting te bewaar (Elton 1967:78; Marwick 1984:144). Hieronder tel briewe, toesprake, verhale en literêre kunswerke.

Die dokumente tot beskikking van die historikus is nie almal ewe betroubaar nie. Daar word 'n onderskeid tussen primêre en sekondêre bronne gemaak, wat as 'n voorlopige maatstaf vir betroubaarheid dien. 'n Primêre bron is 'n dokument waarin die data uit die verlede eerstehands bewaar word. So 'n dokument is dikwels tydgenootlik tot die gebeure wat beskryf word (Gottschalk 1969:53; Marwick 1984:137). Onder hierdie

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dokumente tel kwitansies, notules, hoekstene en dagboeke. Sekondêre bronne is dokumente waarin daar gesteun word op oorgelewerde getuienis uit die verlede. Hierdie dokumente vertoon 'n verwyderdheid van ten minste een getuie van die gebeure wat dit beskryf en dikwels ook 'n verwyderdheid in tyd (Gottschalk 1969:53; Marwick 1984:137). Voorbeelde van sekondêre bronne is, onder andere, hofuitsprake, oorvertellings, geskiedenisse en vertalings.

Hierdie onderskeidinge wat tussen dokumente getref word, help die historikus al tot 'n hoë mate om die historiese waarde van 'n bron te bepaal. Uit intensionele historiese dokumente kan hy verwag om meer historiese data te bekom as uit nie-intensionele dokumente. Die data wat 'n primêre bron bied, gee 'n meer direkte toegang tot die verlede as dié in 'n sekondêre bron. Dit is egter nie moontlik om hierdie onderskeidinge as normatiewe maatstawwe meganies toe te pas nie. 'n Intensionele historiese dokument wat vir sy bewaring van die feite uit die verlede steun op ongetoetste hoorsêgetuienis, is van minder waarde as 'n nie-intensionele ooggetuieverslag (Gottschalk 1969:56). 'n Primêre intensionele dokument wat uiters eensydig data selekteer en aanbied as propagandageskrif, het vir die historikus minder waarde as 'n nie-intensionele, sekondêre bron wat dieselfde gebeure uit 'n wyer perspektief beskryf.

Dit is duidelik dat die historikus die gesprek wat hy met sy bronne voer, verantwoordelik en krities moet voer (Bloch 1984:64; Marwick 1984:150). Deur hierdie gesprek moet hy nie alleen die betroubaarheid van sy bronne weeg nie, maar ook die geloofwaardigheid van die getuienis wat hulle lewer, beoordeel. Die eksterne kritiese oorwegings soos die oorsprong, oorspronklikheid en datering van 'n dokument speel 'n belangrike rol in die beoordeling van die outentisiteit van die bron as getuie (Gottschalk 1969:118). Die historikus, op soek na die waarheid (Dreyer 1974:47), toets die geloofwaardigheid van die getuienis wat sy bronne lewer aan die kriteria van koherensie en korrespondensie (Dreyer 1974:83; Walsh 1964:90).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die toepassing van hierdie kriteria speel die interne kritiek wat betrekking het op die aard, bedoeling en betekenis van 'n dokument, 'n deurslaggewende rol (Gottschalk 1969:139). Dit hou in dat die interpretasie van 'n dokument as dokument, en nie slegs van die data nie, van die grootste belang is in die oorweging van die getuienis wat 'n dokument bied. Die historikus steun dan ook in die ontsluiting van dokumentêre bronne onvermydelik op die resultate van die navorsing van daardie wetenskappe wat hulle met letterkunde in die wydste sin besig hou.

Hierdie wetenskappe bring die agtergrond, aard, intensie en betekenis van 'n dokument aan die lig (Gottschalk 1969:126). Dit stel die historikus in staat om só met die dokument in gesprek te tree dat hy die regte kritiese vrae kan stel, en ter sake en bruikbare inligting kan bekom. 'n Propagandageskrif sal in die kritiese ondersoek waarskynlik as 'n bevooroordeelde bron beoordeel word ten opsigte van die gebeurtenisse wat dit beskryf, maar uit die aard van die dokument as 'n uiters waardevolle getuie dien oor die ideologie wat daardeur gedien word.

Dit is duidelik dat die betroubaarheid en geloofwaardigheid van 'n dokument nie 'n absolute gegewene is wat bloot aan die hand van enkele reëls beoordeel kan word nie. Die geloofwaardigheid en betroubaarheid van die dokument lê op meer as een vlak, en dit hang meer met die aard van die dokument saam as met die volheid aan historiese data en tydsnabyheid aan die gebeure (Garbini 1988:16).

Die historikus weeg nie slegs die betroubaarheid en geloofwaardigheid van sy bronne in die gesprek nie. Omdat hy nie alles van die verlede wil weergee nie, maar die betekenisvolle in 'n sinvolle samehang wil saamvoeg, beoordeel hy ook die relevansie van die getuienis wat sy bronne bied met die oog op sy besondere navorsing (Deist 1976:24). Die historikus dra die verantwoordelikheid om met die ter sake bronne so in

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gesprek te tree dat hy die relevante gegewens kan onderskei en selekteer. Eers nadat die historikus met al die beskikbare bronne in kritiese gesprek getree het, kan hy die relevante en histories betroubare feite selekteer en in 'n geheel as samehangende argument aanbied (Marwick 1984:151; Gottschalk 1969:207).

## 2.4 Die historikus en die rekonstruksie van die geskiedenis

Die historikus het nog net begin om sy plig te doen wanneer hy al die ter sake historiese feite in die gesprek met sy bronne versamel het (Carr 1986:5). Sy tweede en belangrikste verantwoordelikheid is om as skrywer (selfs as kunstenaar, Muller 1969:31) hierdie feite in 'n samehangende geheel in sy eie werklikheid te vertolk. 'The facts speak only when the historian calls on them: it is he who decides to which facts to give the floor, and in what order and context' (Carr 1986:5).

Hoe die historikus hierdie feite in 'n nuwe verhaal vertolk (Lembeck 1988:212), is die resultaat van sy kritiese gesprek met sy bronne. Op grond van daardie gesprek oordeel die historikus oor die betroubaarheid, geloofwaardigheid, betekenisvolheid en relevansie van die getuienis wat sy bronne gelewer het vir sy studie. Die gesprek met sy bronne speel vormend mee in die oordeel van die historikus oor die gewig wat hy aan 'n bepaalde feit of aan 'n samehang van feite gee en dit oefen 'n belangrike kontrolerende invloed uit op sy oordeel oor die samehang wat die getuienisse en feite onderling het. Deur hierdie gesprek met sy bronne word sinvolle seleksie vir die historikus moontlik, omdat die gesprek hom in sy beoordeling van die data daartoe lei om sekere data as betekenisvol, en dus as historiese feite, te erken, terwyl hy ander as nie-betekenisvol, en daarom as nie-historiese feite, onvermeld laat (Deist 1976:24).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die historikus is egter steeds as **wetenskaplike** skeppend werksaam (Dreyer 1974:78). Dit beteken dat hy nie met kunstenaarsvryheid mag omgaan met die getuienis wat sy bronne lewer nie. Hy moet hom steeds teenoor sy bronne en sy lesers verantwoord vir die gebruik wat hy van die getuienis gemaak het (Marwick 1984:151). Die verantwoording doen die historikus by wyse van steekhoudende argumentasie. Hy moet argumente aanvoer waarom hy 'n bepaalde bron betroubaarder ag as 'n ander; waarom hy 'n bepaalde getuienis as relevant beskou en 'n ander nie; en waarom hy saamstem of verskil oor die getuienis van sy bronne aangaande die samehang van gebeure of die betekenis daarvan. As wetenskaplike word van die historikus verwag om die kriteria waarmee hy die getuienis weeg, duidelik te toon en konsekwent toe te pas.

Wetenskaplike geskiedskrywing kan dus nie bloot 'n napraat van die historiese rekonstruksie van enigiemand anders wees nie. Op sterkte van die getuienis voor hom (Handlin 1979:22) bied die historikus as wetenskaplike sy rekonstruksie van die samehang en betekenis van die getuienis uit sy bronne hipoteties aan. Hierdie hipotese staan oop vir beoordeling, kritiek en korreksie deur vakgenote, die wetenskaplike gemeenskap en alle ander lesers (Lucey 1984:88). Die historikus is nie daarop uit om finale bewyse te lewer nie, en kan dit ook nie doen nie (Halpern 1988:13). Sy rekonstruksie wil ander oortuig en daarom moet dit oop bly vir diskussie.

> ...kan ander historici met behulp van dieselfde feitemateriaal - dit wil sê nie noodwendig dieselfde **historiese** feite nie - ook daardie hipotese bevestig of nie? Kan hulle wél, is die hipotese gestaaf en staan daardie feite ás historiese feite. Kan hulle nie, verval die hipotese as ongeldig en daarmee saam sy feite ás historiese feite (Deist 1976:24; oorspronklik beklemtoon).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die wetenskaplike rekonstruksie van die geskiedenis kan daar tussen twee genres onderskei word. Die een genre spits hom toe op die ondersoek van die bronne en die rekonstruksie van die geskiedenis in 'n nuwe hipotetiese samehang en betekenis. Die ander genre spits hom daarop toe om deur die bestudering van dieselfde bronne 'n bestaande hipotese in die rekonstruksie te toets (Herion 1986:25-26). Dit is gewens dat die historikus hom sal verantwoord oor die genre waarbinne hy sy werk plaas, maar omdat bestaande hipoteses self historiese bronne is, is genreverwarring en -versmelting nie volledig vermybaar nie.

Die historikus se arbeid is voorlopig en hipoteties van aard, juis omdat dit self deel is van die geskiedenis. Dit gee nie 'n finale en versteende beeld van hoe die geskiedenis werklik was wat hy beskryf nie, maar 'n beeld van die historikus se eie verstaan van die geskiedenis wat hy beskryf het in sy eie leefwêreld en sy eie tyd.

Die historikus kan nie van sy eie leefwêreld en sy eie tyd vrykom wanneer hy geskiedenis skryf nie. Die positiwistiese ideaal van geheel objektiewe geskiedskrywing is nie haalbaar nie (Dreyer 1974:103; Walsh 1964:118). Geskiedskrywing is skeppende arbeid (Muller 1969:31; Dreyer 1974:77), waarin die historikus in sy individualiteit binne sy leefwêreld tot verstaan van die vergane werklikheid wil kom en sy eie verstaan daarvan wil weergee.

> Before you study the history, study the historian ... Before you study the historian, study his historical and social environment. The historian, being an individual, is also a product of history and of society .... (Carr 1986:38).

Die geskiedenis is egter nie volledig aan die subjektiwiteit van die geskiedskrywer uitgelewer nie. Die historikus mag nie

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ongeërg oor die feite heen loop nie, hy mag nie getuienis fabriseer nie, en hy mag ook nie die feite wat nie in sy hipotese pas, doelbewus verswyg nie (Dreyer 1974:78).

> He will find something to say as a historian only through the creative tension that arises from exercising the full power of his imagination and understanding against the unyielding evidence that survives the past (Handlin 1979:22).

Die getuienis wat uit die noukeurige ondersoek van sy bronne aan die lig gekom het, is die getuienis wat die historikus samehangend as geskiedenis moet interpreteer. Daardie feite en getuienis het 'n eie geldigheid as feite en getuienis uit die verlede.

> They provide us with a reasonable assurance that certain things did happen, that they happened in a certain order, and that certain connections exist between them, independent of any philosophy or creed of ours (Butterfield 1954:23).

In die rekonstruksie van die geskiedenis staan die historikus nóg volledig objektief teenoor die getuienis in sy bronne, nóg is die getuienis volledig uitgelewer aan die subjektiwiteit van die historikus. Op die oog af bevind hy hom

> ...in an apparently precarious situation, navigating delicately between the Scylla of an untenable theory of history as an objective compilation of facts, of the unqualified primacy of fact over interpretation, and the Charybdis of an equally untenable theory of history as the subjective product of the mind of the historian who establishes the facts of history and masters them through the process of interpretation, between a view of history having the centre of gravity in the past and a view having the centre of gravity in the present (Carr 1986:23).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie is inderdaad net 'n oënskynlike onhoudbare situasie. Die historikus is besig met 'n geesteswetenskaplike aktiwiteit, wat anders verloop as 'n natuurwetenskaplike of sosiaalwetenskaplike aktiwiteit (Dreyer 1974:129; vgl daarteenoor Dovring 1984:96; Braudel 1980:69).

As wetenskaplike is die historikus nie volkome alleen en absoluut outonoom besig nie (Carr 1986:38). In sy arbeid in die hede werk die historikus met getuienis uit die verlede. Hoewel die historikus self hierdie getuienis selekteer, weeg en interpreteer, behou die getuienis steeds hulle eie geldigheid en speel mee in die vorming van die historikus se oordeel. Tussen hede en verlede, feit en interpretasie, hipotese en vergane werklikheid, historikus en geskiedenis is daar 'n voortdurende wisselwerking (Carr 1986:24; Dreyer 1974:109). Deur hierdie wisselwerking kom daar 'n vormende gesprek op dreef tussen historikus en geskiedenis, wat die historikus slyp en vorm in sy verstaan van die onherroepbare verlede in die hede wat hy beleef. Die geskiedenis wat die historikus skryf, is die vrug van hierdie wisselwerkende gesprek met daardie verlede. Dit wil nie die verlede verklaar nie maar verstaan (Dreyer 1974:129-134). In hierdie gesprek wat tot verstaan van die vergane hede in die beleefde hede wil lei, staan die historikus as subjek en die geskiedenis as objek nie wedersyds uitsluitend teenoor mekaar nie, maar in sinvolle kommunikasie naas mekaar (vgl Dreyer 1974:74).

Die historikus se rekonstruksie van die geskiedenis staan op twee pilare: sy plig om al die ter sake getuienis aan te hoor, enersyds, en sy vermoë om die gesprek met sy bronne te voer, andersyds. Dreyer (1974:78) stel dit treffend:

> **Die geniale, intuïtiewe gryp van die sinvolheid van menswees - wat moontlik is op grond van die intersubjektiewe kommunikasie tussen mense - bly een van die twee grondpilare van die historikus se rekonstruksie en interpretasie van die verlede.**

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die ander grondpilaar waarop die werk van die historikus rus, is die **nougesette navorsing van die verlede** (beklemtoning in die oorspronklike).

## 2.5 Die waarde en sin van geskiedskrywing

Die verlede op sigself het geen nut meer nie, want dit is onherroeplik verby. Die vraag is dan of geskiedskrywing, die sinsoekende en singewende wetenskaplike omgang met die verlede, enige waarde en werklikheidsbetrokkenheid het.

Uit die hoek van die pragmatisme (Dreyer 1974:2) beoordeel, het die vraag na die nut van die geskiedenis veral in die Amerikaanse wêreld tot 'n krisis in geskiedskrywing gelei (Handlin 1979:vii; Hamerow 1987:1). Die waarde van geskiedenis en geskiedskrywing kan egter nie in 'n vermeende utiliteitswaarde gesoek word nie (Handlin 1979:413; Hamerow 1987: 243). '...history finally solves and settles nothing ... it yields no more certain meaning than Unamuno's call "to live, seeing that we all have to die; to live, because life is an end in itself"' (Muller 1969:373).

'n Antwoord op die vraag na die waarde van die geskiedenis moet eerder gesoek word in die eie aard van geskiedskrywing as 'n geesteswetenskaplike aktiwiteit. Die historikus gaan in die geskiedskrywing sinsoekend en singewend, op 'n verantwoordbare manier, met die verlede om. Deur sy noukeurige navorsing van die verbygegane werklikheid soek hy na die sinvolle in die aktiwiteite van mense in die verlede. Deur sy interpretasie en rekonstruksie van die geskiedenis dui hy die sinvolheid van menslike aktiwiteite in die verlede op so 'n wyse aan dat dit in sy eie leefwêreld verstaanbaar word (Van der Dussen 1986:40; Butterfield 1954:65). Die waarde van geskiedskrywing lê opgesluit in die bydrae wat dit lewer tot die verstaan van die mens as sedelike wese; as wese wat verantwoordelik sy keusevryheid uitoefen (Dreyer 1974:16).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die historikus is, deur die beoefening van wetenskaplike geskiedskrywing, 'n gespreksgenoot in die sinsoekende en singewende aktiwiteite van die mense in sy eie wêreld en sy eie tyd. Daarom skryf geskiedenis as wetenskap nie voor nie, onderrig dit ook nie en voorspel dit nie, maar dui dit verwerklikte moontlikhede uit die verlede verstaanbaar vir die hede aan (Faber 1974:38; Berkhof 1958:185; Hamerow 1987:243). Die geskiedskrywing van die historikus kan 'n invloed uitoefen op die keuses van mense in die hede, maar dit bepaal nie die keuses nie. Die keuses word steeds deur mense gemaak wat in die werklikheid van hulle eie wêreld en tyd leef. In hierdie keuses word hulle deur die wysheid gelei waaroor hulle beskik.

> Die wysheid leer 'n mens deur persoonlike lewenservaring en besinning; maar 'n mens leer dit veral deur jou saamleef met jou medemens. Die geskiedenis is dan 'n grenslose rykdom van leringe aangaande mense, maar ons benader hierdie rykdom met 'n wysheid wat ons reeds het en alleen deur die geskiedenis ryker en dieper gemaak word (Dreyer 1974:19).

Die waarde van geskiedskrywing lê in die verantwoordbare ontsluiting van hierdie rykdom aan menslike keuses en optredes uit die verlede. Dit verryk die mens nie alleen ten opsigte van die hede nie, maar is waardevol vir die mens wat sy keusevryheid in die hede uitoefen met die oog op die toekoms (Bultmann 1974:50-65; Huizinga 1937:96). Die geskiedenis maak dit moontlik om uit die verlede die goeie te neem, sodat die toekoms daarop gebou kan word (Dreyer 1974:19). Wetenskaplike geskiedskrywing vind sy waarde ook daarin dat dit hierdie goeie uit die verlede in die hede krities verantwoord vir die keuses met die oog op die toekoms.

Dié beskouing oor die waarde van geskiedenis en geskiedskrywing bring die vraag na vore: het dit sin? Waarheen reik die toekoms as deel van die geskiedenis? (Carr 1986:129). Waarin lê die sinvolle wat die historikus in sy omgang met die verlede singewend wil aandui?

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op hierdie vrae gee nóg die geskiedenis, nóg die geskiedeniswetenskap 'n antwoord. Die historikus moet hom egter daarvan rekenskap gee, omdat sy antwoord op hierdie vrae 'n deurslaggewende rol speel in die bydrae wat hy lewer tot die verryking en verdieping van die wysheid waaruit mense leef in hulle wêreld. Sy antwoord op hierdie vrae is nie 'n vakwetenskaplike antwoord nie, maar die blootlegging van die grondliggende wysheid waaruit die historikus self leef.

> When we have reconstructed the whole of mundane history it does not form a self-explanatory system, and our attitude to it, our whole relationship to the human drama, is a larger affair altogether - it is a matter not of scholarship, but of religion (Butterfield 1954:22).

Die historikus se beskouing oor goed en kwaad (Van der Dussen 1986:55; Carr 1986:74; Butterfield 1954:48), oor die gerigtheid van die geskiedenis op 'n doel en op volvoering (Dreyer 1974:231), en oor kousaliteit en die aksidentele in die geskiedenis (Carr 1986:81; Dreyer 1974:189), word in laaste instansie bepaal deur sy geloof (Toynbee 1974:83-99; Harvey 1967:242; Dreyer 1974:241; Carr 1986:125). 'One of the most fundamental differences between people must be the question whether they believe in God or not; for on that depends their whole interpretation of the universe and of history' (Butterfield 1954:113).

Geen metafisika bied 'n afdoende antwoord op die vraag na die sin en die sinvolheid van die geskiedenis nie (Bultmann 1974:64; Labuschagne 1987:326), ook nie 'n christelike metafisika nie (Dreyer 1974:250; Labuschagne 1987:305). Die sin van die geskiedenis word ontsluit deur die geloof in Jesus Christus, geloof wat as grondslag en kern self 'n historiese

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gebeure het. In die ontmoeting met die vleesgeworde, gekruisigde, opgestane en lewende Heer word 'n mens eers voluit bewus van sy menslikheid, sy menswees en sy historisiteit.

> Die mens is die geroepene deur God en op die aanspraak van God moet die mens antwoord met 'n beslissing wat die inset van die hele menslike persoon beteken. Dit is nie 'n ontneming van die vryheid van die mens nie, maar 'n intensifiëring van sy vryheid, verantwoordelikheid en toerekenbaarheid soos op geen ander wyse moontlik is nie. Die teenstelling van God en Satan, van goed en kwaad as transendent-veranderde prinsipes is dan nie 'n metafisiese stelsel wat die geskiedenis maar net tot 'n skyn maak nie, maar het die betekenis dat die keuse wat 'n mens maak, die rigting wat hy met sy lewe inslaan, die gestalte wat hy aan sy leefwêreld gee, nie net betekenis het vir die oomblik of selfs vir sy lewensduur of selfs nog meer vir geslagte wat kom nie, maar dit het 'n betrokkenheid op die **telos** wat deur God gestel is en wat die **eschaton** van alle geskiedenis is. Daarmee kry elke oomblik van die geskiedenis 'n enorme intensiteit: elke beslissing, elke daad het ewigheidsbetekenis en die mens is toerekenbaar deur God en aan God rekenskap verskuldig (Dreyer 1974:250).

## 2.6 Die bronne vir die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel

Die opskrif van hierdie paragraaf stel reeds 'n probleem daar. 'Israel' het meer as een referent en kan verwys na die aartsvader Jakob, na die noordelike koninkryk, na die volk Israel as geheel, na die inwoners van sowel die noordelike as die suidelike koninkryk, na die kultusgemeenskap, na die moderne

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



staat Israel en nog meer (Haldar 1962; Oberholzer 1966:230-235). Vanweë die ingeburgerdheid en vaartbelyndheid van die term Israel as 'n aanduiding van die volk as geheel voor die ryskeuring en van die noordelike koninkryk na die rykskeuring (Noth 1954:9; De Vaux 1978:18), word dit in hierdie studie in daardie sin gebruik. Ander referente word, waar nodig, nader omskryf.

Die historikus wat hom besig hou met die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel gaan nie anders te werk as enige ander historikus nie (Ramsey 1982:3). Hy het egter te kampe met twee probleme. Die skaarste aan bronne maak sy werk moeilik, omdat dit 'n baie smal gespreksbasis bied. Dit is egter nie net 'n nadeel nie (vgl Carr 1986:8) en ook nie sy grootste probleem nie. Die belangrikste probleem waarmee hy te make het, is die aard van die enkele grootste dokumentêre bron tot sy beskikking, te wete die Ou Testament. Op hierdie probleem word later in besonderhede teruggekom.

Afgesien van die Ou Testament, het Israel baie min dokumentêre getuienis van sy verlede nagelaat (Garbini 1988:16; Miller 1976:9; vgl Smelik 1987). Van hierdie epigrafiese getuienis is uitstekende primêre bronne vir die geskiedenis van Israel en Juda, maar die Siloaminskripsie is die enigste wat as 'n intensionele historiese bron beskou kan word (Smelik 1987:62-68; Pritchard 1974:321).

Uit die wêreld van die Ou Nabye Ooste, waarvan Israel deel was, het die graaf van die argeoloog 'n groot hoeveelheid dokumentêre getuienis aan die lig gebring. Hierdie getuienis fokus, soos te verwagte, op die gebeure in die land en tyd van herkoms en nie op Israel nie. Dit het nogtans groot waarde as vergelykende data en vir die lig wat dit werp op die politieke, sosiale, ekonomiese en kulturele wêreld waarvan Israel deel was. Waar hierdie bronne skriftelike verwysings na Israel het, is die getuienis dikwels van groot belang, omdat dit intensionele getuienis is.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar kan egter nie aan hierdie getuienis 'n prinsipiële voorrang bo die getuienis van die Ou Testament gegee word nie. Ook die getuienis uit hierdie bronne moet krities beoordeel word. Terwyl die oorsprong en ouderdom van hierdie epigrafiese getuienis as 'n reël baie spesifiek bepaal kan word, in teenstelling met die getuienis van die Ou Testament, hang die betroubaarheid van die getuienis nie hoofsaaklik daarvan af nie. Die aard en intensie van die getuienis speel die deurslaggewende rol in die beoordeling van die betroubaarheid daarvan. 'It is the nature, not the date of a narrative text which determines the degree of historical validity to be attached to it....' (Garbini 1988:16).

Benewens die dokumentêre getuienis, lewer die materiële getuienis wat die argeologie aan die lig bring 'n onmisbare bydrae tot die verstaan van die verlede van Israel. Dit is nie slegs die argeologiese opgrawings in Palestina wat belangrike getuienis vir die geskiedenis van Israel lewer nie, maar die totale argeologiese arbeid in die Ou Nabye Ooste. Die 'nuwe argeologie' wat die data uit opgrawings interpreteer deur gebruik te maak van die insigte van talle ander studies (Dever 1981:15-29; 1982:103-107; Meyers 1984:36-40), lewer getuienis wat die totale kultuurwêreld en die ontwikkelingsgang in daardie kultuurwêreld waarin Israel se geskiedenis afgespeel het, deurlig.

> It would be true to say that early in the 19th century the Jews were the one nation in the ancient Near East with which the European was familiar. Now, partly owing to the decipherment of their texts and partly from the excavation of their cities and shrines, the history of the Egyptians, the Sumerians and other inhabitants of modern Iraq, the Hittites, the Hurrians and others is almost equally well known,

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> and the position of the little Jewish kingdoms can be seen in a much better perspective as part of the whole civilisation of the Near East (Kenyon 1971:18).

Hierdie belangrike getuienis moet as selfstandige getuienis, naas die getuienis van die dokumentêre bronne, beoordeel word. In die argeologie gaan dit om die interpretasie van vondste (Miller 1987:55-63). Hoewel dokumentêre getuienis 'n uiters belangrike rol vervul in die interpretasie van die vondste (Yadin 1985:21-27; Gottwald 1985:34-46; Carroll 1989:206-209), staan die argeologiese data en die dokumentêre data onafhanklik naas mekaar. Dit moet ook naas mekaar gehou word. Indien die argeologiese data uit die staanspoor 'n ondergeskikte posisie as 'bewysmateriaal' in die interpretasie van die dokumentêre getuienis gegee word, word die argeologiese getuienis effektief die swye opgelê. Die waarde van die argeologiese getuienis is egter juis dat dit as onafhanklike getuienis perspektiewe op en aspekte van die verlede open, wat anders is as dié van die dokumentêre getuienis (Pienaar et al 1989).

## 2.7 Die Ou Testament as bron van die geskiedenis van Israel

Die belangrikste bron vir die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel is die Ou Testament. Op die oog af (Garbini 1988:2) bied die Ou Testament 'n rykdom van data oor die geskiedenis van Israel. As historiese bron is die Ou Testament egter vir die historikus 'n mynveld.

Die Ou Testament is nie net een boek nie, maar 'n veelheid van boeke. Die kritiese ondersoek van die Ou Testament het die ingewikkelde wordingsgeskiedenis en komposisie van elke boek in die Ou Testament aan die lig gebring. Die historikus moet ook daarmee rekening hou, omdat die boeke in die Ou Testament nie sonder meer die historiese data prysgee nie. Dit moet telkens aan die teks ontworstel word, voordat dit beoordeel en geweeg kan word.

© University of Pretoria  Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oor die hele spektrum van wetenskaplike ondersoek na die Ou Testament heers daar oor een saak eenstemmigheid: die boeke in die Ou Testament is primêr geloofsboeke. Daar heers ook eenstemmigheid oor die feit dat 'n deel van hierdie boeke 'n rekonstruksie van die geskiedenis van Israel is. Dié eenstemmigheid bring die historikus egter nie veel in die sak nie, omdat dit nie naastenby eenstemmigheid beteken oor die gewig wat aan die getuienis van hierdie geloofsboeke vir die wetenskaplike rekonstruksie van die geskiedenis van Israel gegee moet word nie. Selfs die boeke met 'n opsigtelik historiese karakter word as historiografie wyd verskillend beoordeel (vgl Halpern 1988:3-13; Burnyeat 1978:33-37; Lemche 1988:52-54; Barr 1980:1-17). Twee voorbeelde dui die uiteenlopende beoordeling duidelik aan:

> ...much of the narrative material in these scriptures is historiographical in intent in so far as it attempts a narrative account of past events (Hayes 1977:2).

> ...the narratives which are to be found in the Hebrew Bible are all less than historical ... but regardless of the Bible, the Hebrews probably had a historiography... (Garbini 1988:178).

Die historikus is noodwendig aangewese op die resultate van die werk van Ou-Testamentici. Die resultate van die ondersoeke in die Ou-Testamentiese wetenskap toon aan die historikus verskillende benaderings wat gevolg kan word in die beoordeling van die betroubaarheid van die getuienis uit die Ou Testament (oorsigtelik o a Hayes 1977:1-69; Ramsey 1982).

Die fundamentalistiese benadering (Barr 1977) gaan van die vertrekpunt uit dat die getuienis van die Ou Testament aangaande die verlede sonder meer as sakrale geskiedenis betroubaar is. Die historikus se taak is eintlik niks meer nie as

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om die geskiedenis, soos dit in die Ou Testament gerekonstrueer word, na te vertel. Dit moet hy so doen dat oneffenhede gelyk geskaaf word, terwyl hy ander getuienis slegs gebruik om die geskiedenis wat in die Ou Testament gegee word, mee aan te vul, te verduidelik en te bewys (Ramsey 1982:107; Barr 1980:77).

Die historikus wat sy taak ernstig neem, kan nie hierdie weg volg nie. Hierdie benadering maak die kritiese gesprek met die Ou Testament as getuie onmoontlik en lê die Ou Testament self die swye op: '...their doctrines of scripture and scriptural infallibility are devices which ensure that scripture will speak only in terms of this conservative ideology' (Barr 1980:68).

Die Bybelse Argeologie (Dever 1990:12-31) heg groot waarde aan die eksterne getuienis wat deur argeoloë aan die lig gebring is om die betroubaarheid van die getuienis in die Ou Testament mee aan te dui. Hierdie benadering word veral verbind met die name van Albright en sy leerlinge Bright en Wright. Die benadering het ontwikkel in reaksie op die literêr-kritiese metodes (Hayes 1977:66; Dever 1987:215) van die negentiende eeu (Kraus 1969:255). Hierdie benadering aanvaar dat die dokumente in die Ou Testament nie tydgenootlik opgeteken is nie, maar oordeel dat dit nietemin 'n historiese kern bevat.

> It is well realized today that all the documents, regardless of the date of their composition, contain ancient material. Though the authors of the documents shaped that material and impressed their character upon it, it is doubtful - even where it cannot be proved in detail - that a single one of them invented material **de novo** (Bright 1970:63).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In hierdie benadering word die literêr-kritiese vrae na die aard, intensie en ontstaansgeskiedenis van die dokumente in die Ou Testament ondergeskik gestel aan die vrae na die leefwêreld wat in die dokumente weerspieël word. Die getuienis van die Ou Testament word as basies betroubaar geag, en die betroubaarheid kan slegs bevraagteken word indien die eksterne getuienis dit volkome weerlê.

> To pick and choose from the traditions, ... according historicity to this while denying it to that, is a most subjective procedure reflecting no more than one's own predilections. Nor is there any objective method by which the history of traditions may be traced and historical worth assayed by examination of the traditions themselves. Form criticism, indispensable as it is in understanding and interpreting the traditions, cannot in the nature of the case pass judgment on historicity in the absence of external evidence.
>
> The only safe and proper course lies in a balanced examination of the traditions against the background of the world of the day and, in the light of that, making such positive statements as the evidence allows. Hypothetical reconstructions, plausible though these may be, are to be eschewed. Much must remain obscure. But enough can be said to make it certain that the patriarchal traditions are firmly anchored in history (Bright 1970:69).

Die manier waarop die eksterne getuienis in hierdie benadering benut word, bevredig nie (Dever 1990:12-31). Die dokumentêre getuienis wat die Ou Testament lewer word 'n onaanvaarbare voorrang gegee bo die getuienis wat van buite die Ou Testament kom. Dit word by voorbaat aanvaar dat die tradisies wat in die Ou Testament opgeneem is, een of ander verbintenis met die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werklike ervarings van werklike mense het, selfs al kom dit uit 'n lang vergane tyd, en daarom betroubaar behoort te wees (Pienaar et al 1989).

Met hierdie voor-oordeel as vertrekpunt word die getuienis van die eksterne bronne ondersoek met die verwagting dat dit die getuienis van die Ou Testament sal steun en as outentiek sal aantoon (Dever 1990:12-31; Moyer & Matthews 1985:149-159; 1985:222-237). Indien die verwagte getuienis uit die eksterne bronne verkry is, word aanvaar dat die getuienis van die Ou Testament ook in besonderhede as betroubaar geld.

> The evidence so far adduced gives us every right to affirm that the patriarchal narratives are firmly based in history ... We can assert with full confidence that Abraham, Isaac and Jacob were actual historical individuals (Bright 1970:82).

Op hierdie wyse word die eksterne getuienis nie onafhanklik beoordeel nie, maar onder die dwang van die dokumentêre getuienis uit die Ou Testament geplaas. Die getuienis van die Ou Testament self kan egter so geïnterpreteer word dat dit 'n heel ander rekonstruksie van die geskiedenis moontlik maak. Daarby het die ondersoeke van veral Thompson (1974) en Van Seters (1975) aangedui dat die eksterne getuienis wat ingeroep is om die betroubaarheid van die Ou-Testamentiese getuienis oor die aartsvaders aan te toon, anders geïnterpreteer behoort te word; dat dit 'n omgewing lank na die vermeende periode van die aartsvaders reflekteer en gevolglik die ander konstruksie van die geskiedenis van die aartsvaders steun.

> ...the evidence used to butress the 'authenticity' of the Genesis stories is either non-existent or has been distorted, and ... consequently, it has **not** been demonstrated that the patriarchal tales reflect a second millennium milieu (Ramsey 1982:29; oorspronklik beklemtoon).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die waarde van die eksterne getuienis in die beoordeling van die betroubaarheid van die Ou-Testamentiese getuienis en in die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel kan nie ontken word nie. Die beperkinge van daardie getuienis mag egter ook nie misgekyk word nie (Noth 1977:142-144; Miller 1987:55-63). Een van daardie beperkinge is dat die eksterne getuienis nie die betroubaarheid van die getuienis van die Ou Testament kan bewys nie (Lemche 1988:73).

Die name van die geleerdes Alt, Noth en Von Rad word veral verbind met die benadering van die Leipzigse skool. In hierdie benadering word 'n besliste voorrang gegee aan die getuienis van die dokumentêre bronne bo die materiële getuienis wat die argeologie lewer (Noth 1954:45; 1977:140). Dit beteken nie dat die waarde van die argeologie ontken word nie.

> Die 'Geschichte Israels' lässt sich heute nicht mehr auf Grund lediglich der auf uns gekommenen schriftliche Mitteilungen ohne Rücksicht auf die reichen und im weiten Umfang schon gut gesicherten Ergebnisse der palästinischen Archäologie für die in Frage kommenden Zeiten darstellen (Noth 1954:45).

In die kritiese beoordeling van die betroubaarheid van die getuienis van die dokumente in die Ou Testament word die teks self egter as vertrekpunt geneem. In reaksie op die literêr-kritiese werk van die negentiende eeu vra hierdie benadering dat die aandag krities toegespits word op die kleiner eenhede waaruit die bronne wat deur die literêre kritiek onderskei is, opgebou word (Koch 1974:84). Deur gebruik te maak van **formgeschichtliche** metodes word die algemene literêre vorm waarin 'n kleiner eenheid hom voordoen, bepaal (Koch 1974:49). Daarna word die kleiner eenheid deur die **Überlieferungsgeschichte** in sy historiese gang nader ondersoek.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Die Überlieferungsgeschichte untersucht das abgeschlossene Einzelstück einer Gattung, kurz 'eine Überlieferung' genannt, auf seine eigentümliche Geschichte und seinen **besonderen** Sitz im Leben hin (Koch 1974:49; oorspronklik beklemtoon).

Hierdie benadering poog om die historiese en teologiese plek en standpunt van die oudste oorleweringstrap, die tradisie en opvatting wat dit oorspronklik wou dien, en die oorspronklike skepper(s) van die oorlewering te agterhaal (Von Rad 1969:18). Die omstandighede wat tot die vorming van die oorlewering gelei het, die veranderinge wat dit ondergaan het in die opname daarvan in groter eenhede, en die omstandighede wat tot die veranderinge gelei het, moet deur die **überlieferungsgeschichtliche** navorsing self noukeurig afgelei word (Noth 1954:49).

Eers nadat hierdie arbeid verrig is, kan die betroubaarheid van die oorspronklike oorlewering beoordeel word (Noth 1954: 49).

> Gegeben sind nicht die Tatsachen, sondern die Überlieferung; indem wir deren Welt rekonstruieren, nähern wir uns die Tatsachen. Was beim Auszug der Ahnen Israels aus Ägypten am Schilfmeer sich ereignet hat, ... danach kann erst gefragt werden, nachdem die älteste Überlieferungsstufe der einschlägigen Texte erkannt worden ist (Koch 1974:68).

Die **formgeschichtliche** benadering wat gevolg is, het spoedig aangetoon dat die bronne wat in die literêre kritiek van die negentiende eeu onderskei is, opgebou word uit verskillende **Gattungen**, soos volksoorleweringe, legendes, sagas en etiologieë. Aan die hand van die **Gattung** waaronder 'n **Überlieferung** tuisgebring kan word, is die betroubaarheid en geloofwaardigheid van die getuienis wat dit bevat, beoordeel (Ramsey 1982:79; Townsend 1972:29).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die uitgangspunt dat die teks van die Ou Testament, wat hom as getuie van die verlede aanbied, grondig en krities met die oog op sy getuienis ondersoek moet word, is nie nuut nie (Deist 1990:7-22). Die wyse waarop die getuienis van die dokumente in die Ou Testament deur die **Überlieferungsgeschichte** beoordeel word, toon egter belangrike leemtes. 'Once a narrative has been judged to be an etiology, their approach regards the events described in that narrative to be void of historicity' (Ramsey 1982:79).

Literêre vorm kan nie by voorbaat die betroubaarheid al dan nie van die getuienis daarin vervat, bepaal nie. Die talle etiologieë wat deur hierdie benadering geïdentifiseer en as histories onbetroubaar beoordeel word, illustreer juis hierdie kritiek. Dit is immers goed moontlik dat 'n bestaande tradisie in 'n nuwe literêre omgewing etiologies benut kan word, maar dan is dit nie 'n totale nuwe skepping nie (Ramsey 1982:79; Townsend 1972:85). 'n Etiologie wat so gebruik word, kan betroubare historiese getuienis lewer.

Die wyse waarop die verskillende **Gattungen** in die **Formgeschichte** geïdentifiseer en gedefinieer word, bevredig ook nie (Van Seters 1975:125-148; Townsend 1972:86). Dit word dikwels bloot op 'n subjektiewe opinie gegrond en dikwels word 'n literêre eenheid te losweg onder 'n bepaalde **Gattung** tuisgebring (Ramsey 1982:142). Die resultate van die **überlieferungsgeschichtliche** studies is gevolglik nie goed kontroleerbaar nie en is dikwels baie subjektief gekleur (Bright 1970:66; Townsend 1972:35; Mendenhall 1973:4). Dit geld nie slegs die resultate van studies wat op enkeloorleweringe gerig is nie, maar ook groter konstruksies wat op grond van hierdie resultate gemaak word.

In hierdie benadering word die dokumentêre getuienis van die Ou Testament as betroubaar of onbetroubaar beoordeel nadat die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ondersoek onderneem is as '...a study of the history of tradition, not a study of the history in our traditions' (Townsend 1972:34). Hierdie werkwyse bring 'n verwarring tussen die beoordeling van die data in die bronne wat in die getuienis van die Ou Testament benut is, en die rekonstruksie wat uit daardie bronne in die dokumente aangebied word (Halpern 1988:6; Lemche 1985:377-385).

Die taalwetenskap het 'n verdere leemte in die **überlieferungsgeschichtliche** benadering blootgelê. Terwyl die **Überlieferungsgeschichte** die aandag op die kleiner eenhede toespits waaruit die tradisies van die Ou Testament opgebou is en deur die naloop van die historiese ontwikkelingsgang van hierdie kleiner eenhede tot verstaan en beoordeling van die dokumente wil kom, vra die moderne taalwetenskap die aandag vir die struktuur, komposisie en intensie van die finale teksgestalte van die tradisie. Dit stel as metodologiese voorwaarde vir die gekontroleerde verstaan van die teks dat die sinchroniese arbeid die diachroniese voorafgaan (Loader 1978:1-40).

Die teks in sy finale gestalte het 'n eie betekenis en getuienis wat verdiskonteer moet word voordat **überlieferungsgeschichtliche** vrae daaraan gestel kan word (Sanders 1972:ix-xx; Blenkinsopp 1977:24; Childs 1970:97-122; Lemche 1988:51-58). Hierdie insig het belangrike implikasies vir die getuienis van die dokumente in die Ou Testament, veral vir daardie omvangryke tradisies wat die karakter van geskiedenis dra.

> ...the significance of the narratives in their final form is that they address the identity and problems of the more or less elite communities outside their homeland in terms of a traumatic deportation after the fall of Jerusalem in 587 B C E (Coote & Whitelam 1987: 14).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die kritiek wat teen die **überlieferungsgeschichtliche** benadering ingebring is, beklemtoon dat die historikus die resultate daarvan met groot omsigtigheid moet gebruik. Die teks word in hierdie benadering oorvra, met die gevolg dat die resultate uiters tentatief en subjektief is. Die kritiek onderstreep verder die feit dat dit nie moontlik is om met die gebruik van 'n enkele metode die betroubaarheid van die getuienis wat in die dokumente uit die Ou Testament gelewer word, te beoordeel nie.

Sedert die middel van die sestigerjare het 'n benadering tot die wetenskaplike rekonstruksie van die geskiedenis van Israel ontwikkel waarin die getuienis van die Ou Testament 'n beduidend ondergeskikte rol speel. Hierdie benadering kan as die vergelykende historiese benadering getipeer word (Coote & Whitelam 1987:9). In hierdie benadering word data uit elke moontlike vakdissipline wat lig op die totale leefwêreld van Israel kan werp, versamel. Hierdie data word gelewer deur die antropologie, sosiologie, ekonomie, geologie, demografie, klimatologie, staatsleer en enige ander studie wat lig werp op die menslike samelewing. Die data word ook nie beperk tot die wêreld van die Ou Nabye Ooste nie, maar so wyd moontlik word vergelykbare data ingesamel. Samelewings met 'n min of meer vergelykbare struktuur, min of meer vergelykbare verskynsels in selfs uiteenlopende samelewings en die invloed wat 'n verandering in min of meer 'n vergelykbare faktor op samelewings het, kom alles in hierdie vergelykende studies in die visier (vgl Clements 1989). Hierdie versamelde data word onderling vergelyk om 'n geheelbeeld te vorm van die totale leefwêreld van Israel, maar dit dien tegelyk as die basis vir die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel. Die voorlopers in hierdie benadering is veral Mendenhall (1962; 1973) en Gottwald (1979).

Hierdie benadering word gekenmerk deur die verskeidenheid werkwyses, klemtone en beoordelings van die data (vgl Menden-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hall 1983:91-103; Coote & Whitelam 1987; Herion 1986:3-33; Clements 1989). Dit weerspieël dikwels die verskille in benaderings wat bestaan in die verskillende vakwetenskappe wat die vergelykende data lewer (Rogerson 1989:17-37; Mayes 1989:39-63; Herion 1986:3-33). Die data wat deur die Ou Testament gelewer word, word onder die geleerdes wat hierdie benadering volg, ewe uiteenlopend beoordeel. Sommige behou die getuienis van die Ou Testament as 'n basiese raamwerk in die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel (Mendenhall 1973; Gottwald 1979), terwyl ander dit feitlik volledig buite spel plaas (Coote & Whitelam 1987; Lemche 1985).

Daar is egter onder die geleerdes wat hierdie benadering volg 'n eenstemmige beklemtoning van die problematiek in die gebruik van die getuienis van die Ou Testament. Hierdie getuienis is gekleur deur die interpretasie wat 'n later gemeenskap onder heel ander omstandighede daaraan gegee het (Mendenhall 1973:4-19; Gotwald 1987:30; Herion 1981:25-57; Coote & Whitelam 1987:168; Lemche 1988:51-54). Dit word as baie moeilik, indien nie as onmoontlik nie, beskou om deur die interpretasie wat die teks in sy finale gestalte gee te dring tot onderliggende betroubare historiese getuienis.

> The adaptation and reformulation of the various traditions mean that it is extremely difficult if not impossible to get behind or beneath to anything like an underlying historical core ... In the context of the present state of the discipline of biblical studies, with its concern with literature, structure, final form and philological minutiae, attempts to reconstruct the history of Israel are often understandably looked upon only with passing antiquarian interest or seen as the pursuit of the impossible (Coote & Whitelam 1987:165).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit raak nie net die getuienis wat die enkel-oorleweringe en die groter tradisiekomplekse in die Ou Testament lewer nie, maar ook die getuienis wat die hele rekonstruksie van die geskiedenis van Israel in die Ou Testament aanbied (Garbini 1988:14; Coote & Whitelam 1987:14; Lemche 1985:377385).

> ...nearly all works on the history of Israel accept the Old Testament's own outline, time-scheme, and even evaluation of the events it describes far too uncritically, even when being prepared to take quite radical measures with detailed problems (Barton 1988:305).

Hierdie beskouing neem as vertrekpunt dat die getuienis van die Ou Testament minimum betroubaarheid het. Die getuienis van alle ander moontlike bronne wat vergelykend benut kan word om die geheelbeeld van die leefwêreld van Israel te rekonstrueer, vorm die basis vir die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel en die getuienis van die Ou Testament kan net aanvaar word as dit deur hierdie vergelykende data gesteun word.

> ...the value of the Old Testament as a historical source is very relative and ... a particular piece of information cannot be considered reliable until it has been confirmed from elsewhere.

> ...the history of the Hebrews could be written only with the determinitive help of external sources which would allow us to evaluate the value of the biblical data (Garbini 1988:16).

Hierdie vertrekpunt word gestut deur die aanname in hierdie benadering dat die Ou-Testamentiese rekonstruksie van die geskiedenis van Israel 'n onbetroubare en eensydige beeld van die geskiedenis van Israel skep, soos dit gevorm is deur die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bril van die uitgelese groepie na-eksiliese maghebbers (Garbini 1988:174; Coote & Whitelam 1987:169; Herion 1981:25-57). Historici wat die getuienis van die Ou Testament as belangrikste bron in die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel benut, dra hierdie eensydige beeld eintlik net voort (Garbini 1988:21; Coote & Whitelam 1987:17).

> They present an odd world, drawn from the biblical traditions, populated by a few leading individuals with a minimal and shadowy supporting cast. ... As such these standard presentations fail to account for or even investigate the underlying causes of social change (Coote & Whitelam 1987:18).

Die vergelykende historiese benadering stel met sy multi-dissiplinêre aanpak van die geskiedenis van Israel nuwe en ander vrae. Die vergelykende data bring 'n magdom nuwe kennis aan die lig en open perspektiewe wat andersins geslote sou bly. Sodoende word die agtergrond waarteen die geskiedenis van Israel afgespeel het, met nuwe besonderhede gevul wat die oorsake van historiese gebeure en die ontwikkelingsgang van die geskiedenis van Israel van 'n noodsaaklike dieptedimensie voorsien.

Dit is egter 'n moeilike, en dikwels onmoontlike, onderneming om die betroubaarheid van die getuienis van die Ou Testament slegs aan die hand van hierdie vergelykende data te beoordeel, sowel wat die getuienis van enkel-oorleweringe as die getuienis van die rekonstruksie van die geskiedenis betref. Getuienis van buite die Ou Testament wat gebruik kan word om spesifieke gebeurtenisse en spesifieke data wat in die dokumente van die Ou Testament beskryf word mee te kontroleer, en dus te bevestig, is uiters seldsaam. In talle gevalle is die getuienis van die Ou Testament die enigste getuienis wat oor 'n gebeurtenis, persoon of verskynsel in die samelewing handel. In hierdie opsig geld die woorde van Martin Noth (1954:45)

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



steeds: 'Geschichte lässt sich nur auf Grund literarischer Überlieferungen darstellen, die Vorgänge berichten, Personen und Orte namhaft machen.'

Om in beginsel reeds die getuienis van die Ou Testament as onbetroubaar en ongeloofwaardig te beoordeel, beteken dat die historikus nie langer 'n geskiedenis van Israel kan skryf nie, maar dat hy hoogstens 'n voorgeskiedenis kan rekonstrueer.

Die getuienis wat deur die multi-dissiplinêre vergelykende studies aangebied word, is nie meer nie as die resultate van ondersoeke na analogieë oor 'n wye gebied (Harvey 1967:69; Miller 1987:55-63). Om hierdie getuienis met die wêreld van Israel te kan vergelyk, is data uit Israel self onontbeerlik. Indien hierdie data ontbreek, onvoldoende is of onbetroubaar is, kan die data uit die analoë verskynsels nie die gaping met dwingende bewyskrag vul nie. Dit bly spekulatief en in afwagting van verdere data wat kan help om die gaping meer bevredigend mee te vul.

> Archaeology and ethnography can hardly make good a fundamentally defective text. By defective here I simply mean that the text is fine as text, as literary object, but as a testimony to, or palimpsest of, social reality it is gravely defective (Carroll 1989:209).

Daarbenewens is die resultate van die vergelykende studies soms baie subjektief gekleur (Mendenhall 1983:91; Herion 1986:333), ten spyte van die feit dat die benadering juis poog om eksplisiet wetenskaplik te wees (Dever 1981:15-29).

Dit is juis die poging om eksplisiet wetenskaplike metodes, waarmee dan bedoel word natuurwetenskaplike metodes, toe te pas op 'n geesteswetenskap, wat uit verskillende hoeke as die belangrikste kritiek op hierdie benadering aangedui word

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Dreyer 1974:101; Pienaar et al 1989; Deist 1990:7-22; Herion 1986:3-33). Die historikus as geesteswetenskaplike probeer nie om die geskiedenis te verklaar nie, terwyl dit die bedoeling van die natuurwetenskap is om die verskynsels wat hy ondersoek te verklaar (Dreyer 1974:90; Bloch 1984:143; Deist 1988:39-45). Die historikus wil eerder die verlede sinvol probeer verstaan. Daarom kan die historikus nie die getuienis van die Ou Testament by voorbaat reeds benader asof dit 'n minimum aan betroubare getuienis bevat en daarom buite spel moet staan nie. Dit bly die historikus se onontkombare taak om hierdie getuienis in 'n kritiese gesprek te hoor en te beoordeel, al is dit hoe moeilik en selfs skynbaar onmoontlik. Dit is immers deur hierdie getuienis wat die verstaan van die wêreld en die geskiedenis van Israel op 'n bepaalde tydstip gedra word. Die historikus moet eers daardie verstaan begryp, voordat hy die ontoegeeflike harde feite wat in die getuienis gegee word, kan beoordeel (Handlin 1979:22).

## 2.8 Die Ou Testament as getuie in hierdie ondersoek

Dit is goed om in die oorweging van die verskillende benaderings tot die beoordeling van die data wat die Ou Testament as getuie van die toenmalige hede bevat, 'n historiese perspektief te behou. Die benaderings is self 'n uitdrukking van die stand van die wetenskaplike ondersoek na die geskiedenis van Israel, wat aan die leefwêreld en tyd van die wetenskaplikes gebonde is (Coote & Whitelam 1987:173; Herion 1986:3-33). Die kritiek op en die wysiging van 'n benadering deur vakgenote is die resultaat van lewende en voortgaande refleksie oor die geskiedskrywing deur geskiedskrywers. Hierdie refleksie moet in 'n eie benadering verdiskonteer word.

Die benadering van 'n historikus tot die historiografie is, aan die ander kant, altyd 'n persoonlike benadering. Die oordele waartoe hy kom in die gesprek met sy bronne weerspieël sy eie interpretasie. In dié sin is die benadering en die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



arbeid van die historikus altyd subjektief, en kan dit nie aanspraak maak op finale geldigheid nie.

Die verskillende benaderings behoort dus nie teen mekaar afgespeel te word in terme van 'waar' en 'onwaar' nie. Die verskillende benaderings kan ook nie met mekaar versoen word deur nou die een en dan weer die ander te volg of deur die grootste gemene deler uit die verskillende benaderings te probeer trek nie. Die historikus behoort hom te verantwoord ten opsigte van sy eie benadering en die benadering aan sy vakgenote bloot te lê vir beoordeling en diskussie (Harvey 1967:43).

In hierdie studie word van die standpunt uitgegaan dat die Ou Testament belangrike getuienis aangaande die geskiedenis van Israel kan lewer. Daarom moet die getuienis van die Ou Testament met erns benader word, en moet dit gehoor en beoordeel word. Terselfdertyd word aanvaar dat hierdie getuienis deur lewende mense gelewer is; mense wat in 'n eie wêreld en eie tyd 'n weergawe van die geskiedenis gegee het wat sinvol is; maar ook mense wat in hulle interpretasie van wat sinvol is uit die verlede, 'n eie visie gehad het en 'n eie benadering en bedoeling met hulle weergawe van die geskiedenis. Daarom moet die getuienis krities beoordeel word.

In die beoordeling van die getuienis van die dokumente uit die Ou Testament moet onderskei word tussen die beoordeling van die rekonstruksie van die geskiedenis in die dokument en die beoordeling van data wat die basis van die rekonstruksie vorm (Halpern 1988:6-13). By die beoordeling van die rekonstruksie wat in die Ou Testament aangebied word, moet die eie aard van die Ou Testament op sigself enersyds en van die dokument wat beoordeel word andersyds deeglik in ag geneem word. Hierin speel die insigte van die literatuurwetenskap uiteraard 'n belangrike rol.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die beoordeling van die getuienis van die Ou Testament as dokument op sigself, is dit belangrik om in ag te neem dat die Ou Testament nie 'n stuk wetenskaplike geskiedskrywing is nie, maar 'n geloofsboek. Die vrae van die historikus is dus in wese vreemd aan hierdie korpus-as-eenheid. Hierdie korpus bestaan uit 'n veelheid van literatuur (kyk Gottwald 1987:104-105 vir 'n skematiese oorsig). In hierdie veelheid word 'n verskeidenheid stemme gehoor wat die werklikheid van die wêreld waarin hulle geleef het, sinvol interpreteer (Deist 1990:7-22). Hierdie interpretasies, hoe uiteenlopend dit ook mag wees, is deur die geloofsgemeenskap as die saambindende geloofsgetuienis aanvaar wat die Ou Testament as kanon tot 'n eenheid maak (Venter 1987:1-11).

Selfs die getuienis van die dokumente in die Ou Testament wat in die vorm van 'n historiese relaas gegiet is (Hayes 1977:2), is nie wetenskaplike geskiedskrywing nie. Hoewel dit nie ontken kan word dat hierdie dokumente geskiedenis is nie (Halpern 1988:3-13), ontbreek die kritiese beoordeling van die bronne wat in die rekonstruksie van die geskiedenis gebruik word, word die data waarop die rekonstruksie rus nie noukeurig nagevors en kontroleerbaar meegedeel nie, en word die rekonstruksie nie as hipotese bedoel wat oop is vir diskussie en toetsing nie. Die bedoeling van hierdie dokumente is nie om die verlede te verstaan en te beskryf in terme van die historiese aktiwiteite en keuse-uitoefening van mense nie. Die rekonstruksie van die geskiedenis word onderwerp aan die teologiese paradigmas van die verskillende aanbieders van die getuienis. Die intensie is veel eerder om die totale werklikheid, ook die historiese werklikheid, te verstaan in terme van die geloofswerklikheid van die verhouding tussen God en mens; God en volk; God en wêreld (Vriezen 1974:54; Westermann 1978:8).

> Im Alten Testament gehört zu allem Geschehenden das Wirken und Reden Gottes; Wirklichkeit ohne Wirken

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Gottes gibt es für den Menschen des Alten Testaments noch nicht. Das die Geschichte Bewegende geschieht zwischen Gott und Mensch .... (Westermann 1978:8).

In hierdie teologiese aanbieding van die geskiedenis neem die dokumente allerlei voor hande materiaal nuut-interpreterend in hulle getuienis op (Fohrer 1972:113). Onder hierdie materiaal is ook oorleweringsgoed van historiese aard. Dit word egter nie by wyse van historiografiese argumentvoering herinterpreteer nie, maar reeds geïnterpreteer opgeneem.

> Wichtig ist dabei, dass solche Traditionen nur selten übernommen, in aktualisierender Art von neuen verkündigt oder wieder in Erinnerung gerufen werden. Vielmehr werden sie gewöhnlich in einer bestimmten Interpretation verwendet. Die Tradition wird bei ihrer Übernahme und Verwendung gewöhnlich gleichzeitig interpretiert; und sie wandelt sich meist in der Interpretation, so dass sie einen anderen und sogar einen gegenteilichen Sinn erhalten kann (Fohrer 1972:120).

Dit is duidelik dat die getuienis van die Ou Testament van so 'n aard is dat dit nie as intensionele of primêre getuienis beskou kan word nie. Dit beteken egter nie dat hierdie getuienis in beginsel van die hand gewys moet word as onbetroubaar nie, omdat selfs nie-intensionele en nie-primêre getuienis betroubaar kan wees. Selfs indien die historikus nie die rekonstruksie van die geskiedenis wat in die getuienis van die Ou Testament aangebied word aanvaar nie, sal hy steeds die data waarop die rekonstruksie berus, moet oorweeg en beoordeel.

Die data wat in die getuienis van afsonderlike dokumente in die Ou Testament gelewer word, moet met omsigtigheid en krities hanteer word. Eerstens moet die historikus hom

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vergewis van die aard van die dokument waarin die getuienis opgeneem is. Deur die resultate van die literêre kritiek moet hy die komposisie, besondere gesigspunt, intensie en verbande waarin die teks beweeg, bepaal. Daarmee kan hy die aard van die dokument wat die getuienis lewer, vasstel (Halpern 1988: 11-13). Omdat die aard van die getuienis die belangrikste kriterium is by die beoordeling van die betroubaarheid daarvan, wys hierdie studie die historikus reeds die weg in sy ondersoek na die betroubaarheid van die data in 'n teks (Ramsey 1982:99; Barton 1984:19-35).

Indien die literêre ondersoek toon dat die dokument waarin die getuienis opgeneem is, nuutskeppend is of die bedoeling het om te vermaak of geskryf is vir lofprysende gebruik in die liturgie, dui dit daarop dat die dokument nie 'n historiografiese aard of intensie het nie. Die ondersoeker moet nie hoë verwagting koester dat so 'n teks betroubare getuienis oor gebeure, persone of historiese samehange sal bevat nie. Indien hy meen om wel betroubare getuienis oor hierdie sake in die teks terug te vind, moet hy die verantwoordelikheid neem om dit by wyse van argumentasie aan te toon.

Indien die literêre ondersoek, aan die ander kant, toon dat die teks na sy aard wel die bedoeling het om getuienis uit die verlede in 'n nuwe interpretasie te verdiskonteer, moet die historikus daardie getuienis verder ondersoek. Deur die diachroniese ondersoek van die teks word daar dan gevra na die oorsprong, die oorleweringspad en die interpretasie-omvorming wat die getuienis ondergaan het, die oorspronklike **Sitz im Leben** van die getuienis, die aanvanklike intensie daarvan, en die belang wat dit oorspronklik gedien het.

Nadat die historikus hierdie moeisame weg geloop het, kan hy ten minste al 'n verantwoorde oordeel vel oor die aard van die getuienis wat die dokument lewer en 'n beslissing gee oor die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vraag of die dokument inderdaad getuienis bied oor die geskiedenis waarmee die historikus hom besig hou al dan nie. Getuienis wat hy langs hierdie weg versamel het, is egter nog nie noodwendig betroubare getuienis nie. Dit staan voorlopig slegs naas die getuienis wat ander bronne bied.

Die getuienis uit eksterne bronne het nie 'n prinsipiële voorrang bo die getuienis van dokumente uit die Ou Testament nie. Dit is nie ter sake of hierdie getuienis uit eksterne dokumentêre of materiële bronne verkry is nie: dit moet net so krities as selfstandige getuienis ondersoek word as die getuienis van die Ou Testament. Eers nadat die historikus vasgestel het dat hierdie bronne data lewer wat as getuienis van die geskiedenis van Israel kan dien, kan dit naas die getuienis van die Ou Testament gestel word.

Die geskiedskrywer het min vaste bakens (Garbini 1988:16) waaraan hy hom kan oriënteer in sy beoordeling van die betroubaarheid van die getuienis van die Ou Testament. Deur al die getuienis onderling met mekaar te vergelyk, kan hy egter oor die betroubaarheid van die getuienis oordeel met behulp van die kritiese maatstawwe van korrespondensie en koherensie (Dreyer 1974:83; Walsh 1964:90).

In die vergelykende naasmekaar stel van al die getuienis is dit soms moontlik om met redelike sekerheid te oordeel oor die betroubaarheid van die getuienis wat dokumente uit die Ou Testament bied. Die Ou Testament getuig byvoorbeeld dat Jehu 'n tydgenoot was van Gasael. Die Assiriese koningsinskripsies van Salmaneser III getuig dat hy in sy agtiende regeringsjaar in 'n geveg met Gasael betrokke was en in dieselfde jaar tribuut van Jehu ontvang het (Pritchard 1974:280). Hierdie ooreenstemmende getuienis uit twee heeltemal onafhanklike dokumentêre bronne stut mekaar wedersyds en kan dus sonder twyfel as betroubaar aanvaar word.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die getuienis van die Ou Testament oor Jerigo as 'n sterk, ommuurde stad wat deur Josua verower is, word nie deur enige ander bron gesteun nie. Die teendeel is waar: die getuienis van die argeologie toon dat Jerigo in die laaste helfte van die tweede millennium v C hoogstens 'n onbeduidende nedersetting was (Kenyon 1957:256-265; Weippert & Weippert 1976:105-148). Die getuienis van die Ou Testament oor die statuur van Jerigo word daarmee as onbetroubaar uitgewys. Dit bring ook die getuienis oor die verowering deur Josua in gedrang, maar slegs in dié mate dat oor die waarskynlikheid daarvan getwyfel kan word. Die argeologiese getuienis alleen kan nie aantoon dat daar nie 'n Josua was nie of dat daar nie 'n verowering van die nedersetting plaasgevind het nie. Die verdere getuienis van die argeologie, die antropologie, staatkundige ontwikkeling en die aard van die dokument waarin die getuienis van die Ou Testament gelewer word, verhoog die onwaarskynlikheid daarvan dat die getuienis van die Ou Testament betroubaar is ten opsigte van hierdie detail. Die historikus kan dus op grond van al die getuienis met redelike sekerheid oordeel dat die getuienis wat die Ou Testament oor hierdie gebeure lewer, nie as historiese feite geld nie.

In die meeste gevalle is dit nie maklik om tot 'n oordeel te kom nie, omdat voldoende vergelykende getuienis ontbreek of omdat die getuienis vatbaar is vir meer as een vertolking.

Die historikus is nietemin ook in hierdie gevalle verplig om te oordeel oor die waarskynlikheid van die getuienis (Harvey 1967:62; Bloch 1984:124) en hy doen dit op sterkte van die geheelbeeld wat hy kry uit die getuienis tot sy beskikking oor die onderwerp wat hy bestudeer. Indien daar geen getuienis tot die teendeel bestaan nie en die aard en intensie van die dokument wat die getuienis lewer, dui nie anders aan nie, moet die getuienis as waarskynlik beoordeel word. Indien die historikus anders oordeel, is hy verantwoordelik daarvoor om sy oordeel met die nodige argumente te staaf.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In hierdie studie word die getuienis van die Ou Testament benader soos alle ander getuienis. Daar kan nie vooraf besluit word of die getuienis van die Ou Testament oor maksimum of minimum betroubaarheid beskik nie, omdat die aard van die getuienis te uiteenlopend is. Die getuienis wat elke dokument lewer, sal krities ondersoek word en daarná sal die betroubaarheid van die getuienis van geval tot geval beoordeel word. Die beoordeling bly steeds tentatief, voorlopig en oop vir diskussie en korreksie. Die beoordeling waartoe daar gekom word, word by wyse van argumentvoering blootgelê ter wille van die diskussie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

## JEHU SE KONINGSKAP VOLGENS KONINGS

In Konings word op verskillende plekke na koning Jehu verwys. Die enigste onafhanklike getuienis oor Jehu is egter opgeteken in 2 Konings 9-10. Hierdie hoofstukke beskryf die opstand van Jehu, sy suksesvolle staatsgreep en die bevestiging van sy koningskap, en gee in 'n kort nota 'n oorsig oor die belangrikste militêre gebeurtenis tydens sy bewind, sy kultiese maatreëls en die duur van sy regering. In 1 Konings 19:16 word 'n profetewoord oor Jehu gegee, en in 2 Konings 15:12 'n profetiese vervullingswoord. Albei hierdie profetewoorde is afhanklik van 2 Konings 9-10. Teen die agtergrond van 2 Konings 9-10 staan ook die verwysing na Jehu in die chronologie van 2 Konings 12:2, en die gebruik van die naam Jehu as patroniem in 2 Konings 13:1 en 14:8.

Ten einde die getuienis wat 2 Konings 9-10 gee te beoordeel, moet die aard van die werk waarin dit opgeneem is, asook die aard van die dokument self, eers bepaal word. Daar word van die wydste omvang van die werk na die getuienis in die kleinste dele toe beweeg, omdat die getuienis in 2 Konings 9-10 nie meer selfstandig staan nie. Die getuienis word gelewer in die stem van die outeur van die totaalkonstruksie.

### 3.1 Die aard van die Deuteronomistiese Geskiedenis

Die verskyning van Martin Noth se **Das deuteronomistische Werk (Dtr)** in 1943 het 'n beslissende invloed uitgeoefen op die beeld wat die wetenskaplike wêreld van die boeke het wat in Joodse tradisie as die Vroeër Profete bekend staan. In die plek van 'n bloemlesing met slegs redaksionele binding, of waarin die Pentateugbronne 'n soort voortsetting gekry het (Sellin-Fohrer 1965:212; Kaiser 1970:117-144), stel Noth die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beeld van 'n eenheidswerk met 'n definitiewe historiografiese karakter en intensie en 'n enkele outeur.

> Wir haben es also wohl mit der aus eigener Initiative unternommenen Arbeit eines Mannes zu tun, in dem die geschichtlichen Katastrophen, die er miterlebt hatte, die Frage nach dem Sinn dieses Geschehens geweckt hatten und der nun an der Hand der ihm verfügbaren Überlieferungen zur Geschichte seines Volkes in einer umfassenden und geschlossenen Geschichtsdarstellung eine Antwort auf diese Frage zu geben suchte (Noth 1943:152).

Van grondliggende belang in hierdie hipotese is die feit dat die Deuteronomistiese Geskiedenis (DtrG) historiografie is (Halpern 1988:29-32). Noth grond hierdie karakterisering van die werk op vier pilare: die Deuteronomis (Dtr) het as eerlike makelaar die oorlewerings in sy bronne **versamel**; daarnaas het hy die relevante getuienis **geselekteer**; verder het hy die geselekteerde getuienis met mekaar **verbind** en oneffenhede uitgestryk in sy aanbieding; en ten slotte het hy die getuienis soms **gekorrigeer** (Noth 1943:137-142). Hy stel as tese: 'Dtr hat die Geschichte Israels nicht konstruieren, sondern auf Grund des ihm zur Verfügung stehenden Materials objektiv darstellen wollen' (Noth 1943:137).

Onafhanklik van Noth het Jepsen (1953) ook tot die konklusie gekom dat die kompleks Deuteronomium-Konings een werk is. Hy sien die ontstaansverloop van die werk egter meer gekompliseerd as Noth, en postuleer drie redaksies. Die aard van die werk is na sy oordeel nie bloot historiografies nie:

> ...sie sind Werke der Besinnung, die in der Zeit des Niederbruchs dem Volk die Gründe des Untergangs aufweisen wollte. ... Diese Geschichtsschreibung ist nicht nur auf die Vergangenheit gerichtet, sondern ganz wesentlich auf die Zukunft (Jepsen 1953:112).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die basiese tese van Noth en Jepsen, dat die boeke Deuteronomium-Konings 'n enkele werk is, het wye aanvaarding in die wetenskaplike wêreld gevind. Die redaksiehistoriese voorstelle wat met beide hipoteses saamgaan, het egter 'n steeds voortgaande debat ontlok. Die standpunte wat in die debat verdedig word, verskil baie wyd (Halpern 1988:111-118). Terwyl die hipotese van Jepsen byna geen navolging gevind het nie, word die enkel-outeur uit die ballingskap wat Noth voorgestel het, steeds verdedig (Hoffmann 1980:15-21; Van Seters 1983:322-353; Kenik 1983:11-21; Peckham 1985:1-2). Meerdere na-eksiliese redaksies is deur Smend (1986:124-137; 1978:123-124) en sy leerlinge Veijola (1975; 1977) en Dietrich (1972) onderskei. 'n Dubbele redaksie, die eerste vooreksilies en Josiaans (Cross 1973:274-289; Nelson 1981; Halpern 1988:115-119; Friedman 1981:1-25) of selfs vroeër (Weippert 1972: 301-339; Lemaire 1980:221-236; Provan 1988:169), en die tweede eksilies, word deur ander geleerdes aanvaar. Die hipotese van 'n dubbele redaksie vind groter aanklank (Lohfink 1985:24-48; Mayes 1983:133-139) en is selfs deur Friedman (1987:146-149) geharmoniseer met die basiese tese van Noth.

Uit 'n **überlieferungsgeschichtliche** hoek is die bronne wat die DtrG as boustene gebruik, deur verskeie studies nader belig. Beyerlin (1963:1-29) en Richter (1963; 1964) het 'n voordeuteronomistiese versameling in Rigters uitgewys, terwyl Weippert (1972:301-339), Rose (1975:3), Lemaire (1986:221-236) en Provan (1988:171-172) op voor-deuteronomistiese versamelings in Konings die aandag gevestig het. In 'n ander trant het Peckham aangedui dat die Dtr nie die bronne wat hy gebruik het, self versamel en verbind het nie. Sy arbeid is ook nie beperk tot die DtrG nie maar strek veel wyer.

> Its sources were complete literary works that comprised both the components of the Pentateuch (JPE) and an earlier version of the history (Dtr[1]). These works were included not simply by citation

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> but with annotation, commentary, criticism and interpretation. They were combined with each other by a system of cross-reference and harmonization and were distributed in die new version of the Pentateuch and the history composed and written by Dtr[2] (Peckham 1985:1).

Hierdie ondersoeke het die pilare waarop Noth se hipotese rus, dat die DtrG historiografie is, ernstig aangetas. Die redaksiehistoriese ondersoeke het die beeld van 'n enkele outeur, wat verantwoordelik is vir die eenheid in die rekonstruksie en met 'n duidelike intensie, in die niet laat verdwyn.

> Es gab kaum den einen Deuteronomisten, sondern eher eine dtr. Schule. Auf diese Weise werden einerseits gewisse Unebenheiten und Ergänzungen innerhalb des dtr. Geschictswerks - bei eng verwandtem Sprachstil und ähnlichem Geist - erklärlich: Der Verfasser wechselte, die Schule blieb. Andererseits wird ihre grosse Breitenwirkung im AT weit über die Geschichtsbücher Jos bis Kon hinaus, z.B. in der Gestaltung der Prophetenbücher, verständlich. Die Schule tradierte und kommentierte - unter dem Einfluss des Deuteronomiums? - geschichtliche und prophetische Überlieferung (Schmidt 1982:139).

Van 'n outeur wat as eerlike makelaar die getuienis in sy bronne versamel en selekteer, is daar ook nie verder sprake nie. Die postulaat van reeds versamelde komplekse wat die Dtr benut, impliseer dat hy voor reeds versamelde, geselekteerde, geïnterpreteerde en gekomponeerde materiaal staan. Sy arbeid verskuif in die deurgee van hierdie materiaal van dié van 'n selfstandige historikus na dié van 'n aktiewe redakteur. Dit bring die eenheidsintegriteit van die DtrG as sodanig in die gedrang, met die gevolg dat die beeld van 'n historiese rekonstruksie wat as eenheid gekonsipieer en aangebied is,

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



moet plek maak vir dié van 'n versamelwerk wat verskillende gesigspunte onder 'n algemene oorhoofse **Leitmotiv** verenig (Polzin 1980:17-18).

Met heel verskillende benaderings is die enkel-outeurskap van die DtrG deur Kenik (1983), Hoffmann (1980) en Van Seters (1983) verdedig. Die resultaat van die studies het egter in gemeen dat die Dtr se hantering van sy bronne nie langer as dié van 'n onpartydige makelaar beskou word nie. As outeur tree hy met groot vryheid op, skep hy self waar bronne ontbreek (Kenik 1983:3; Hoffmann 1980:155; Van Seters 1983:358) en laat hy die bronne na sy mond praat.

> So completely are many of his 'sources' reworked that it is no longer possible to retrieve most of them from the text by literary analysis. Furthermore, the tendency to seperate Dtr's framework from the transmitted materials, as if Dtr's work was te be found only in the former, must also be given up. There is, in fact, a reciprocal relationship between die thematic framework and the received material such that Dtr left very little of it as it was. He could also freely construct analogous fictional traditions if he felt free to do so (Van Seters 1983:320).

Die DtrG word met hierdie beskouing verplaas uit die domein van historiografie na die domein van historiese vertelling. Die outeur se intensie is dan ook volgens hierdie benadering nie primêr gerig op die geskiedenis as geskiedenis nie, maar op die gebruik van die geskiedenis as illustrasie van 'n tema. Hoffmann (1980:366) vind die tema in die kultushervorming van die konings, terwyl Van Seters (1983:359) dit vind in die nasionale identiteit van die eksiliese gemeenskap.

In 'n uitgesproke poging om die aard van die DtrG as historiografie te onderskraag, het Halpern (1988) die wyse waarop die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bronne in die werk aan die woord kom, ondersoek. Teenoor die maksimale ingrype van die Dtr, soos dit by Hoffmann en Van Seters na vore kom, stel hy die minimale ingrype van die historikus. Bepalend in die aanbieding van die geskiedenis is die eie seggingskrag, komposisie en intensie van die bronne self. Terwyl Van Seters die oneffenhede in die aanbieding van die DtrG toeskryf aan die styl waarmee die Dtr sy verskillende belangstellings onderling verbind (Van Seters 1983:320-321), skryf Halpern dit toe aan die Dtr se hantering van sy bronne (1988:219). Die intensie van die Dtr is volgens Halpern primêr antikwaries en dus historiografies (1988:11-13). Op grond van sy worsteling met sy bronne en die getuienis wat hulle lewer, skryf die Dtr as historikus 'n geskiedenis in die volste sin van die woord (1988:275-278).

Die heg geslote argument van Halpern oortuig egter nie. Die minimalistiese siening van die Dtr se ingrype in sy bronne kan moeilik gehandhaaf word. Sy hand is immers nie slegs in die DtrG te bespeur nie, maar aansienlik wyer in die Ou Testament. Sy ingrype in die Pentateugtradisies en die profetiese literatuur stel sy antikwariese belangstelling in die teks onder verdenking. Die verdenking verdiep as in ag geneem word dat daar, selfs nadat die DtrG verskyn het, nie met soveel ontsag met die teks gewerk is as wat verwag kan word in 'n omgewing waar 'n antikwariese belangstelling in bronnemateriaal aangetref word nie. Oor die hele linie van ondersoek, beginnende by Noth self, word gereken met latere toevoegings by die teks. Die verskil in die tekstradisies wat die grondslag van die Masoretiese Teks enersyds en die teks van die Griekse vertalings en Qumran andersyds ten grondslag lê, toon dat daar met groot vryheid omgegaan is met 'n bronteks. Dit is onwaarskynlik dat H(Dtr) en E(Dtr), om Halpern se aanduidings te gebruik, in hierdie kulturele tradisie (Van Seters 1983:2-6) meteens 'n unieke weg gaan.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die DtrG self gee twee aanduidings dat sy belangstelling in sy bronne nie primêr op die antikwariese gerig is nie. Die eerste aanduiding word gevind in die bronne wat hy opneem as boustene vir sy werk. Op talle plekke in die DtrG neem die Dtr allerlei nie-antikwariese materiaal op: wonderwerke, legendes, godsopenbarings, mense se gedagtes, ensovoorts. Hoewel Halpern waarskynlik korrek oordeel dat die Dtr die gawe van onderskeiding by sy lesers veronderstel (1988:241-254), is daar geen aanduibare verskil in die manier waarop die Dtr die materiaal voor hom hanteer nie. 'n Kritiese evaluasie van die bronne wat hy gebruik waarin sy antikwariese belangstelling uitgedruk word, ontbreek by die Dtr (Cook 1986:27-48).

Die tweede aanduiding dat die Dtr nie primêr antikwaries geïnteresseerd is nie, gee hy in die bronnemateriaal wat hy verswyg. Die Dtr self maak die leser, in die rekonstruksie wat hy van die geskiedenis van die verdeelde monargie gee, telkens daarop attent dat hy bronne gebruik met 'n groter omvang as sy eie geskiedenis. Uit hierdie bronne selekteer hy slegs wat vir hom noodsaaklik is, en skep bykomend waar die noodsaaklike ontbreek (Hoffmann 1980:32,155). In sy seleksie uit sy bronne, waar dit getoets kan word, staan sy antikwariese interesse duidelik ondergeskik aan sy tematiese interesse.

Die spanning in die aanbieding van die DtrG dwing uiteindelik vir Halpern om 'n voor-eksiliese geskiedenis, H(Dtr), en 'n eksiliese redakteur, E(Dtr), te aanvaar (1988:226-227). Dit is ook die weg wat Friedman (1987:103-149) gaan in sy eie verdediging van die historiografiese aard en enkel-outeurskap van die DtrG deur die boek aan Jeremia toe te skryf in twee uitgawes. Daarmee kom die vraag na die intensie van die Dtr aan die orde, maar word die hipotese van Noth tegelyk in gedrang gebring en 'n vraagteken gestel agter die historiografiese karakter van die DtrG. Die impuls om 'n geskiedenis te skryf, is immers in die hipotese van Noth juis geleë in die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



katastrofale gebeurtenis van die ballingskap wat die vraag na die sin in die gebeure oproep by 'n individu.

Die geleerde opinie oor die intensie van die DtrG hang saam met die oordeel wat gevel word oor die redaksiegeskiedenis en belangrikste tema van die werk. Selfs Halpern (1988:199) gee toe dat die intensie van die Dtr nie 'n akademiese rekonstruksie van die geskiedenis op sigself is nie, maar ander oogmerke dien: 'The position advanced here is not that Israelite historians prized history as an academic pursuit. Rather, history had meaning for the present - as etiology, an explanation of causality, a spur to policy '(1988:199).

By die soeke na die intensie van die Dtr in die DtrG word twee stelle gegewens oorweeg: die interne teksgetuienis wat die belangrikste tema en daarmee die gerigtheid van die werk blootlê, en die eksterne getuienis wat aan die werk 'n **Sitz im Leben** gee.

In die beoordeling van albei stelle gegewens kom geleerdes tot sterk uiteenlopende opinies oor die intensie van die DtrG. Weinfeld (1985:76-98) oordeel dat die DtrG bedoel is as 'n onderwysing vir koning en onderdaan; Mayes (1983:138-139) sien dit as 'n kritiek op die hoofstroom van die samelewing se denke; Rose (1975:274) interpreteer die DtrG as 'n apologetiese geskrif om die alleenaanspraak van die Jahwisme te steun; Köppel (1979:200) verstaan dit as 'n teologie van die geskiedenis. Die voorbeelde kan gemaklik vermenigvuldig word, veral as in berekening gebring word dat elkeen van die gepostuleerde redaksies 'n eie **Sitz im Leben** en 'n eie intensie deur geleerdes gegee word (Halpern 1988:226-227; Smend 1978: 124). Uiteindelik is dit slegs in die uitwerking van sy eie hipotese dat Noth daarin slaag om aan die DtrG 'n werklik historiografiese intensie te gee.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die besinning van geleerdes oor die hipotese wat Noth die lig laat sien het, het getoon dat dit nie net so aanvaar kan word nie. Die DtrG self gee sterk aanduiding van 'n dokument uit Josiaanse tyd wat tydens die ballingskap 'n redaksionele bewerking ondergaan het. Die omvang van die deuteronomistiese denke strek aansienlik wyer uit as slegs die DtrG, en spore van die denke is reeds in die agtste eeu naspeurbaar (Rendtorff 1983:196). Die beeld van die Dtr as 'n individu wat op eie inisiatief hierdie monumentale werk geskep het, kan nie behou word nie. Dit is meer waarskynlik dat die DtrG en die eksiliese bewerking daarvan die resultaat is van die arbeid van 'n skool van denke. Hierdie skool het met die koninklike hof (Weinfeld 1983:158-171), die kultus en die profete (Jones 1984:45) verbintenisse gehad. Die werksaamhede van hierdie skool kan teruggevoer word tot voor Josia en is gedurende die ballingskap voortgesit (Weinfeld 1985:76-98).

By al die verskille wat tussen geleerdes aangetoon kan word oor aspekte van die DtrG, is daar tog ook eenstemmigheid oor die feit dat die kompleks Deuteronomium-Konings as 'n enkele werk verstaan moet word, of as 'n samehangende onderdeel van 'n groter eenheid Genesis-Konings. Daar word ook deurgaans gereken met die feit dat die werk opgebou is deur gebruik te maak van bronne. Tussen die pole wat die werk as historiografie sien, en dié wat dit as vertelling (Barr 1980:1-17) beoordeel, is daar 'n gemeenskaplikheid in die waardering van die DtrG. Die gemeenskaplikheid lê in die aanvaarding dat geskiedenis 'n prominente plek in die werk het. Die geskiedenis word as die dominante en vormgewende beskou by die beoordeling van die werk as historiografie (Long 1984:3-8). By die beoordeling van die werk as vertelling word die geskiedenis as ondergeskikte voedingsbodem beskou en die werk as 'history-like' (Frei 1974:307).

In die DtrG word 'n verskeidenheid temas aangetref. Sommige van die temas is sterk polemies van aard (Köppel 1979:127-138), terwyl ander 'n duidelike propagandistiese karakter

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vertoon (Nelson 1981:121-127). Daar bestaan 'n groot mate van eenstemmigheid dat hierdie temas verband hou met die Josiaanse hervormings op politieke en kultusgebied, en dat die DtrG hierdie hervorming van 'n sterk teologiese basis wou voorsien (Halpern 1988:227; Van Seters 1983:359; Hoffmann 315-318; Rose 1975:165-169). Daarmee is tegelyk die moontlikheid geskep vir die opname en aanpassing van die DtrG in die program van die restourasiebeweging (Herrmann 1971:155-170; Jones 1984:46) onder invloed van die deuteronomistiese skool gedurende die ballingskap.

Brueggemann het die aard van die boek Konings so beskryf: 'The books of Kings are a passionate, intentional theological statement cast as historical narrative. Both the **statement** and the **casting** are important....' (1982:1 Beklemtoning oorspronklik).

Hierdie beskrywing geld vir die DtrG in sy geheel. Op sterkte van die gietstuk mag die historikus die DtrG met historiografiese vrae nader in die verwagting dat hy getuienis oor die verlede in hierdie werk sal kry. Op sterkte van die verklaring mag die historikus sy vrae slegs stel in die volle bewustheid daarvan dat dit vrae is wat vreemd is aan die werk (Fretheim 1983:30).

### 3.2 Die plek en funksie van 2 Konings 9-10 in die boek Konings

Dit word algemeen aanvaar dat Konings deel vorm van die DtrG. Die verskille in opinie oor die karakter van die Dtr, die redaksie van die DtrG, die aard van die werk en sy **Sitz im Leben** loop oor na Konings, en word dikwels juis uit die studie van Konings begrond. Daar bestaan nietemin wye instemming dat Konings sy gestalte en boodskap aan die Dtr te danke het, en dat die Dtr ook in die skepping van hierdie deel van sy werk verskeie bronne van uiteenlopende aard benut het.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Dtr het 'n aantal komposisietegnieke waarmee hy sy bronne tot 'n eenheid saamsnoer, wat bepalend beïnvloed is deur die materiaal wat hy opneem (Porter 1979:125-162). Van die belangrikste tegnieke wat hy gebruik, is die chronologiese drabalk waaraan hy sy geskiedenis hang (Nelson 1988:39-48); refleksie op sleutelpunte deur toesprake of opstelle (Kenik 1983:201-207) en die seleksie van die materiaal wat hy benut (Köppel 1979:200). In sy aanbieding van die materiaal skep die Dtr assosiasies, lê hy klemtone en aksente, en lewer hy kommentaar (Köppel 1979:200; Cook 1986:27-48). Met hierdie kreatiewe arbeid lig die Dtr die motiewe wat hy uit die verlede wil beklemtoon, uit die verf.

Die belangrike plek wat die Agab-Jehukompleks in Konings beklee, is reeds aangedui (kyk bo bl 1-2). Tesame met die vertelling oor die koningskap van Salomo en die vertellings oor die hervormings van Hiskia en Josia vorm dit die mees omvangryke deel in Konings, en skep dit 'n opvallende retardasie (Alter 1981:53) in die gang van Konings se historiese relaas. Langs dié weg gooi die Dtr die kollig baie sterk op die vertellingskompleks. 'n Mens kan dan ook verwag om in hierdie vertellingskompleks op die spoor te kom van die motiewe wat vir die Dtr van belang is uit die geskiedenis.

Die bronne wat die Dtr saamvoeg om hierdie kompleks mee te bou, is van uiteenlopende aard. DeVries (1985:xlix-lii) onderskei die bronne na hulle aard in letterlike berigte (literal reports) en verbeeldingryke interpretasies (imaginative interpretations), en voeg post-deuteronomistiese uitbreidings as 'n derde groep by. Hoewel daar oor die detail van die indeling meningsverskil bestaan, weerspieël die indeling op sigself die konsensus onder geleerdes dat hierdie kompleks uit disparate materiaal bestaan.

Die Elia- en Elisavertellings hoort tuis by die verbeeldingryke interpretasies wat die Dtr gebruik (DeVries 1985:1).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Onder die letterlike berigte kan die gegewens in die raamwerkvertellings van 1 Konings 16:29-34; 22:39-54; 2 Konings 1:17b-18 en 8:16-27 getel word. Die Jehuvertelling in 2 Konings 9-10 laat hom egter nie sonder meer onder óf die een óf die ander kategorie tuisbring nie. Die vertelling vertoon 'n dichotome beeld: die inleiding, 2 Konings 9:1-13, kan beswaarlik as 'n letterlike berig verstaan word, terwyl die geskiedenis in 2 Konings 9:14-10:36 moeilik anders gekategoriseer kan word. Die dichotomie in die Jehuvertelling het daartoe gelei dat daar twee bronne vir die Jehugeskiedenis gepostuleer is (Gray 1970:537), wat óf deur die Dtr óf deur 'n profetiese redaksie saamgevoeg is (Gray 1970:537; Noth 1943:122). Hierdie aspek word in 'n latere paragraaf in meer besonderhede beredeneer. Dit is egter onwaarskynlik dat daar meer as een bron ten grondslag van die Jehugeskiedenis lê. Die Dtr het die Jehugeskiedenis as 'n bron in sy vertelling opgeneem.

Brueggemann (1982a:31,34) merk op dat die Jehugeskiedenis van beslissende (crucial) betekenis is vir die geskiedenis van Israel en vir die boek Konings.

> It is a candid political narrative which moves at the level of coup-treachery, treason, assassination, and usurpation. ... But at the same time this is an ominous theological statement about the dark movement of God's irresistable power which both raises up and brings down .... (Brueggemann 1982a:31).

Die Dtr bed hierdie geskiedenis in die chronologiese gang van sy vertelling in, maar nie langs die gewone weg nie. Die gelyktydige afsterwe van Joram van Israel en Ahasia van Juda verplig hom om die sinchronistiese inordening van Jehu prys te gee (Hayes & Hooker 1988:10). Hy neem egter wel die chronologiese nota oor die tydsduur van Jehu se regering in sy aanbieding op (2 Kon 10:36) en maak Jehu se troonsbestyging van

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2 Konings 12:1 af die vaste punt vir sy verdere sinchronismes. Hierdie gegewens, saamgelees met die chronologiese data wat hy vir Joram van Israel verstrek, sorg dat die chronologiese ketting van sy vertelling nie verbreek word nie.

Die inordening van Jehu in die chronologie van die konings van Israel staan in skerp kontras tot die wyse waarop sy tydgenoot Atalia uitgesluit word (Nelson 1988:44). Die Dtr onderstreep op hierdie manier dat hy Atalia nie as 'n wettige regeerder beskou nie (Brueggemann 1982a:38). Om hierdie rede word sy ook nie na die gebruiklike maatstawwe deur die Dtr beoordeel nie. Jehu, daarenteen, word as wettige koning in die koningsry opgeneem en van die gebruiklike Dtr beoordeling voorsien.

Tussen die Jehuvertelling, soos die Dtr dit in sy werk opneem, en die beoordeling wat die Dtr gee van Jehu se koningskap, is daar 'n wisselwerking. Die vertelling self skep die voorwaardes vir die positiewe in die Dtr se beoordeling van Jehu se optrede (2 Kon 10:30), terwyl die beoordeling in sy negatiewe pool (2 Kon 10:29,31) duidelik laat blyk waarom daar vir die res van Jehu se optrede as koning eintlik geen belangstelling is nie. Die beslissende betekenis van Jehu se koningskap is in die aanbieding van die Dtr se geskiedenis nie die historiese gebeure op sigself nie, maar die onstuitbare werk van Jahwe wat daaruit afgelees moet word.

Die oorwig van materiaal wat in die Agab-Jehukompleks opgeneem is, hoort tuis in die kategorie 'verbeeldingryke interpretasies'. In hierdie materiaal is die belangrikste figure nie die konings nie, maar die profete. Dit is die profete wat as woordvoerders van Jahwe eintlik die geskiedenis vorm, en nie die konings nie. 'Rather the kings are incidental public points of reference which simply provide a context for the real history-makers, who are the prophets' (Brueggemann 1982:78).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die dichotomie in die Jehuvertelling haal die vertelling tot hoë mate uit hierdie patroon uit. Behalwe vir die optrede van 'n profeet in die inleiding, neem Jehu die handeling oor. Die gebeurtenisse word lewendig en met volop besonderhede vertel. Dit is uit-en-uit die optrede van konings en leiers wat oorheers, terwyl die figuur van die profeet slegs vaagweg in die agtergrond sigbaar word.

Die Dtr laat egter nie toe dat die skyn bedrieg nie. Telkens beklemtoon hy die teologiese motiewe wat vir hom belangrik is en plaas hy die fokus daarop. Dit doen hy deur die verbande wat op strategiese plekke in die vertelling met die voorafgaande profetevertellings gelê word by wyse van belofte-vervulling (Dietrich 1972:22-26) en assosiasie. Op dié wyse word die Jehugeskiedenis besonder eng geknoop aan die Agab/Isebel-Eliavertellings (Steck 1968:33-40), maar ook verbind aan die Elisasiklus (Schmitt 1972:139-140).

Die opdrag van Elisa aan een van sy volgelinge om Jehu as koning te salf (2 Kon 9:1), dien as **Erfüllungsvermerk** by 1 Konings 19:16 en verbind die Jehuvertelling aan die Elia-siklus. Hierdie verband word versterk deur die vertelling in 2 Konings 8:7-15 (Ruprecht 1978:73-82) wat as **Erfüllungsvermerk** by 1 Konings 19:15 dien. Met hierdie twee **Erfüllungsvermerke** word die openbare optrede van Elisa afgesluit. Tussen die twee optredes van Elisa word die tussenstuk in 2 Konings 8:16-29 ingevoeg om die toneel vir die Jehugeskiedenis voor te berei. Terwyl daar in die Elisasiklus geen klem lê op die stryd van die profete met Baäl nie (Moore 1990:117-120) is dit 'n dominante motief in die Eliasiklus. Die motief speel 'n belangrike rol in 1 Konings 19:15-18 en trek meteens die Jehuvertelling by hierdie stryd in deur assosiasie.

Die opdrag wat in 2 Konings 9:1-3 gegee word, word in die uitvoeringsberig sterk uitgebrei. 2 Konings 9:7-10b dra nie slegs die uitbreiding nie, maar lê ook nuwe verbande. In 2

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Konings 9:8-10a word die oordeelswoorde van Elia oor Agab en sy huis uit 1 Konings 21:21-22 heropgeneem (Dietrich 1972:48; Minokami 1989:53). In 2 Konings 9:7b en 10a is daar duidelike toespeling op 1 Konings 18:4 en 21:23 met betrekking tot Isebel (Minokami 1989:59-62). In hierdie uitbreidings word die motief van die Jehuvertelling onder woorde gebring (Rehm 1982:98): Jehu word gesalf as koning, maar sy koningskap is slegs die instrument waardeur die oordeel oor die huis van Agab en oor Isebel voltrek word en die stryd teen Baäl tot 'n beslissingspunt gevoer word. Die spanningslyn in die vertelling word dan ook gedra deur op die ontwikkeling van hierdie motiewe te fokus en nie deur die verloop van die historiese gebeure op sigself nie.

So vind die episode waarin die dood van Joram beskryf word nie sy ontknoping in 2 Konings 9:24 nie maar in 2 Konings 9:25-26. Die opdrag om met Joram se lyk te handel '...net soos die Here gesê het' (2 Kon 9:26), kom uit die mond van Jehu self. Dit onderstreep nie slegs dat die woord van die Here tot die letter vervul word nie, maar dui aan dat die vertelling Jehu se koningskap nie anders wil laat verstaan as vervullingsinstrument van die Godswoord nie.

Op dieselfde wyse vind die episode waarin die dood van Isebel beskryf word sy ontknoping in die vervulling van die woorde van die Here (2 Kon 9:36-37). Ook hier is Jehu instrumenteel in die voltrekking van die oordeelswoord en is dit hy wat die gebeure as vervulling van die Godswoord interpreteer.

Die daaropvolgende episodes vertel van die vernietiging van die hele koningshuis van Agab. In 2 Konings 10:10 word die uitwissing van Agab se nakomelinge begrond as 'n vervulling van 'n profesie van Elia, nog eens in die mond van Jehu. Dit sluit ook hierdie episode af. In 2 Konings 10:11-17 word die uitroeiing van die res van Agab se koningshuis beskryf: die vertroue linge, vooraanstaandes en selfs priesters, maar ook

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die verdere verwante via die huis van Ahasia. Hierdie bloedige suiweringsveldtog is na die woorde van Jehu self sy '...ywer vir die Here...' (2 Kon 10:16) en vervul die woorde wat die Here vir Elia gesê het (2 Kon 10:17).

Die laaste episode wat in die Jehuvertelling beskryf word, 2 Konings 10:18-28, is die hoogtepunt in die vertelling (Alt 1959: 290). Die Dtr verwyt Agab (1 Kon 16:31-32) twee booshede wat erger is as die sondes van Jerobeam: hy het met die uitlandse Isebel 'n huwelik gesluit, en hy het die afgod Baäl gedien. Vir die Dtr is die twee sake onlosmaakbaar oorsaaklik verweef (Deut 7:3-4; 1 Kon 21:25-26). Die stryd van Elia teen die huis van Agab word gedra deur sy verset teen die Baäldiens en sy verset teen Isebel (Steck 1968:35). Die dood van Isebel bring nie die einde aan hierdie stryd nie - dit kan eers tot 'n einde kom met die vernietiging van die diens van Baäl. 2 Konings 10:18-28 beskryf die afloop van hierdie stryd met die volledige uitwissing van Baäl se diens uit Israel (2 Kon 10:28).

Hoewel Jehu dus in die vertelling deurgaans die aktiewe rolspeler is, is hy nie die hoofspeler nie. Die hoofspeler is Jahwe: Hy bring Jehu op die toneel van die geskiedenis en bepaal sy rol deur die oordeel wat Hy reeds deur die woorde van sy profete aangekondig het. Die vertelling is gevolglik onlosmaaklik verbind aan die Agab/Isebel-Eliavertellings en vorm die ontknoping en afsluiting van die vertellingskompleks.

Die vertelling staan nie stil by die politieke implikasies van Jehu se staatsgreep of die verloop van sy stryd om mag of die detail van sy inbesitname van die belangrike stede Jisreël en Samaria nie. In die rekonstruksie wat hy van die geskiedenis bied, is die dinge wat vir die moderne geskiedskrywer belangrik en interessant is vir die Dtr insidenteel van waarde. Hy benader die Jehuvertelling nie met 'n antikwaries gerigte interesse nie, maar benut dit in sy werk as insident wat die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onontwykbaarheid en onstuitbare krag van Jahwe se oordeel illustreer. Oor die goddeloosste van die konings van Israel het die oordeel van Jahwe getriomfeer. Daarmee sluit die donkerste tydvak in die geskiedenis van Israel af en kan die vertelling sy fokus verskuif na 'n nuwe tydvak wat aanbreek (Mullen 1988:193-206).

Oor hierdie nuwe tydvak handel die beoordeling van Jehu se koningskap in 2 Konings 10:29-33. In die nuwe tydvak word die voor-Agabse verkeerdheid deur Jehu geperpetueer. Omdat hy hom nie aan die woorde van Jahwe hou nie, staan hy self onder die oordeel. Die oordeel word slegs deur die verbond wat Jahwe met hom sluit, uitgestel tot die vierde geslag in sy dinastie. Oor die verdere verloop van die geskiedenis van Jehu se koningshuis kan slegs vertel word in soverre dit illustreer hoe Jahwe Hom aan sy belofte teenoor Jehu gehou het. Die voortbestaan van Jehu se dinastie berus immers nie op die verloop van historiese gebeure nie, maar op die belofte van Jahwe. Vanaf 2 Konings 11 verskuif die belangstelling van die vertelling dan ook weg van die gebeure in Israel af na die gebeure in Juda toe (Mullen 1988:193-206).

Die plek wat die Dtr aan die Jehuvertelling in sy chronologie gee, bed die vertelling stewig in in die historiese gietstuk waarin hy sy relaas aanbied. Die sterk fokus wat hy gee op die teologiese motiewe in die vertelling, bring egter sy intensie om 'n duidelike teologiese verklaring te maak, ondubbelsinnig na vore. Die dichotomie wat in die aard van 2 Konings 9-10 as historiese bron opgesluit is, word versterk deur die dichotomie in benutting wat hierdie gedeelte na plek en funksie in Konings het. Dit dwing die vraag op of die bron in sy voor-deuteronomistiese vorm betroubare en bruikbare historiese getuienis kan aanbied.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.3 Die voor-deuteronomistiese Jehuvertelling

Die tweespaltige benutting van die Jehuvertelling in Konings is sonder twyfel toe te skryf aan die outeursarbeid van die Dtr. Op sigself vorm die Jehuvertelling egter

> ... einen geschlossenen fortlaufenden Bericht über den Aufstand Jehus, bei dem das Haus Ahab ausgerottet, der judaïsche König mit einem Teil seiner Verwandschaft getötet und der Kult des Baal in Samaria beseitigt wurde (Rehm 1982:95).

In die berig word 'n groot hoeveelheid detail gegee wat histories beduidend kan wees. Die tweespaltige aard van die vertelling laat egter bedenkinge ontstaan oor die betroubaarheid van die rekonstruksie. Tereg merk Timm daarby op:

> Dennoch darf die Fülle an historischen Details nicht darüber hinwegtaüschen, dass alle Einzelheiten uns in der Form einer literarischen Erzählung dargeboten werden und dass der in der Erzählung geschilderte Ablauf der Ereignisse nicht mit dem historischen Geschehen selbst gleichgesetz werden kann (1982:137).

Ten einde die historiese betroubaarheid van die getuienis wat die Jehuvertelling bied, te kan toets, is dit nodig om eers vas te stel waar die Dtr in die vertelling ingegryp het. Die ingrype van die Dtr is vanselfsprekend nie noodwendig onbetroubare getuienis nie, en daarom moet die aard van sy ingrype bepaal word. Indien sy ingrype getuienis uit 'n ander bron as die Jehuvertelling weerspieël, moet die getuienis getoets word, maar as dit rekonstruerende teologiese interpretasie is, kan dit nie as historiese getuienis geld nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**2 Konings 10:28-36**

Daar bestaan algemene instemming dat 2 Konings 10:29-36 van deuteronomistiese oorsprong is. Die gedeelte is egter nie 'n hegte verteleenheid nie, maar 'n samevoeging van verskillende kleiner eenhede (Burney 1903:306; Minokami 1989:30,65).

In 2 Konings 10:34-36 word die tipiese deuteronomistiese slotvertelling gevind. Hierin word gegewens verstrek oor die bron waarin meer oor Jehu se koningskap te wete gekom kan word; word sy dood en begrafnis genoteer; word sy opvolger se naam verstrek en word die tydsduur van sy bewind vermeld. Dit is waarskynlik dat die Dtr die gegewens oor die dood, begrafnis en opvolger van Jehu uit die annale van die konings van Israel gehaal het (Noth 1943:114-117; Long 1984:159-164). Daar bestaan geen intrinsieke rede om te twyfel aan die betroubaarheid van die besonderhede wat hierin vermeld word nie en dit kan dus aanvaar word.

Dieselfde vertroue kan nie in die nota oor die duur van Jehu se bewind geplaas word nie. Gewoonlik verskyn die chronologiese materiaal in die inleidende raamwerk van 'n koning se geskiedenis. Die wesenlike verskille in die oorgelewerde chronologiese gegewens tussen die Masoretiese Teks en die Griekse vertalings (Miller 1966:441-454; Green 1983:167-180), die inkonsekwenthede in die chronologiese data (Laato 1986: 210-221; Hayes & Hooker 1988:10-11) en die feit dat die sinchronismes in talle gevalle nie klop met die tydsduur wat vir regerings aangegee word nie (Gray 1970:63-70), bring mee dat die historiese betroubaarheid van die chronologiese detail wat die Dtr bied, nie hoog aangeslaan kan word nie. Die periode wat die Dtr aangee vir die bewind van Omri tot Jehu en van Jehu tot Joas, klop nie met sy sinchronismes nie (Hayes & Hooker 1988:44). Waarskynlik bied die Dtr in 2 Konings 10:36 sy eie berekening en steun hy nie op gegewens uit 'n historiese bron nie (Hayes & Hooker 1988:44).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die deuteronomistiese **Wertungsformel** word in 2 Konings 10:28-29 aangetref. Hoewel sommige ondersoekers vers 28 en 29 van mekaar skei (Sanda 1912:118; Rehm 1982:110), dui die sinswending met **raq** op die eenheid van vers 28 en 29 (Minokami 1989:11). Die beoordeling is duidelik geformuleer uit die gegewens wat die Dtr in die voorafgaande gedeelte gekry het en sy vooringenome standpunt ten opsigte van al die konings van Israel. Dit kan nie as historiese getuienis dien nie.

Die teologiese interpretasie wat die Agab-Jehukompleks van die geskiedenis bied, weerklink in 2 Konings 10:30a, terwyl 10:30b as **vaticinium ex eventu** (Würthwein 1984:343) duidelik betrekking het op 2 Konings 15:12 (Dietrich 1972:34). By hierdie positiewe beoordeling sluit die negatiewe kommentaar van 2 Konings 10:31 aan. Die sekondêre aard van hierdie verse uit die kader van die deuteronomistiese kring, is wyd aangetoon (Montgomery-Gehman 1967:412; Gray 1970:562; Minokami 1989:65-66).

'n Politieke nota word in 2 Konings 10:32-33 aangetref (Hoffmann 1980:97). Die nota is egter 'n ongemaklike eenheid. Hoewel vers 33 nie sonder die voorafgaande vers kan staan nie, is dit saaklik in teenspraak met sowel die stelling in vers 32a as vers 32b (Stade 1885:279) en is die vers '...stark überfüllt' (Kittel 1900:243). 'n Gedeelte van die vers word dikwels as 'n toevoeging van later hand beskou (Kittel 1900: 243; Sanda 1912:119; Montgomery-Gehman 1962:412; Gray 1970: 563). Dit is egter meer waarskynlik dat die hele vers 33 'n verduidelikende glosse by vers 32 is. Die glossator verbind die twee verskillende reekse waarmee die Transjordaangebied in die deuteronomistiese literatuur beskryf word (Rehm 1982:111). Die glosse verraai sy intieme kennis van die deuteronomistiese literatuur sowel as sy minder intieme kennis van die gebied wat ter sprake is.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op die oog af lyk dit of vers 32 op oorspronklike bronnemateriaal teruggaan (Kittel 1900:243; Montgomery-Gehman 1962:412; Gray 1970:563; Rehm 1982:111). Minokami (1989:30-33) het egter aangetoon dat daar tussen 2 Konings 10:32 en 2 Konings 15:37 'n duidelike verband in formulering en literêre funksie is. Die vyandskap tussen Peka en Agas word deur 2 Konings 15:37 terugverplaas na die regering van Agas se voorganger. Daarmee word 'n deurlopende verband in die optrede van Peka en die verhouding tussen Juda en sy vyandige bure gelê. 2 Konings 10:32 verlê op dieselfde wyse die vyandskap tussen Gasael en Joahas, waarvan in 2 Konings 13:7, 22 en 25 gepraat word, na die bewind van Jehu. In hierdie vers het ons dus te make met 'n deuteronomistiese komposisie en nie met oorspronklike historiese data nie.

**2 Konings 8:28-29; 9:14b-16**

Die formele deuteronomistiese afsluiting van die geskiedenis van Joram van Israel sowel as die formele deuteronomistiese inleiding tot die koningskap van Jehu ontbreek. Die Dtr berei nogtans die toneel vir die Jehugeskiedenis voor deur die invoeging van 2 Konings 8:16-29 wat die geskiedenis van die konings van Juda op datum bring. Via die politieke nota by die koningskap van Ahasia in 2 Konings 8:28-29 bring hy in opsomming die tyd, plek, agtergrond en belangrikste karakters vir die voortgang van die Jehugeskiedenis op die toneel (Rehm 1982:96).

Dit is nie moontlik om die politieke nota in 2 Konings 8:28-29 los van 2 Konings 9:14b-16 te beoordeel nie. Daar bestaan geen twyfel dat die een op die ander gebou is nie. Die geleerde opinies oor die **redaktionsgeschichtliche** ordening van hierdie gedeeltes staan egter lynreg teenoor mekaar. Kittel (1900:231), Gray (1970:543), Steck (1968:32 A 1) en Timm (1982:138) aanvaar dat 8:28-29 sekondêr uit 9:14b,15 afgelei is, terwyl die omgekeerde deur Šanda (1912:95), Jepsen (1953:33), Schmitt (1972: 24 en Minokami (1989:26-29) aanvaar word.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die volgende oorwegings laat dit egter meer waarskynlik voorkom dat 2 Konings 8:28-29 sekondêr ten opsigte van 2 Konings 9:14b-16 is:

* In 2 Konings 8:28 word die spesifieke besonderhede wat in 2 Konings 9:14b gebied word, veralgemeen (Montgomery-Gehman 1962:400).

* 2 Konings 8:28 is geformuleer na analogie van 1 Konings 22:4 en 2 Konings 3:7. Anders as sy voorbeeld, noem 2 Konings 8:28 die naam van die vyandelike koning. Die vers verdiskonteer nie die funksie van sy voorbeeld nie (DeVries 1989:283-306) maar stel die verbintenis tussen die konings van Israel en Juda as 'n normale praktyk voor. Die sekondêre karakter van 2 Konings 8:28 teenoor 1 Konings 22:4 en 2 Konings 3:7 word daarmee aan die lig gebring.

* Die byna woordelikse weergawe van 2 Konings 9:15a,16b in 2 Konings 8:29 word met enkele verduidelikende toevoegings uitgebrei: Ramot word aangedui as die spesifieke plek waar Joram gewond is; die patronieme van Ahasia en Joram word toegevoeg; en die ellips in 16b (Minokami 1989:70) word voltooi.

* Die behoud van 2 Konings 9:14b-16 as oorspronklike deel van die Jehuvertelling (Kittel 1900:235; Montgomery-Gehman 1967:400) is gemakliker begryplik as die latere invoeging daarvan.

> Für eine ursprünglich von 2 Kön 8, 28 losgelöste vordeuteronomistische Erzählung war es nötig zu erwähnen, warum Jehu nach Jesreel gehen muss. Hingegen ist es aus dem jetzigen, deuteronomistischen Zusammenhang schon bekannt, warum Joram in Jesreel und nicht beim Heer war.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Als Zusatz wäre daher V. 14b-15a in nachdeuteronomistischem Stadium unnötig (Timm 1982: 138).

Die betroubaarheid van die getuienis wat in 2 Konings 8:28-29 gebied word, hang saam met die betroubaarheid van die getuienis van die Jehuvertelling in 2 Konings 9:14b-16. Dit word verderaan beoordeel.

**2 Konings 9:7-10a**

In 2 Konings 9:1-10 word twee verskillende teologiese motiewe aangetref. In vers 9:1-6,10b-13 word die aanwysing van Jehu as koning deur Jahwe op die voorgrond geplaas. In vers 7-10a word uitgelig dat Jehu as koning gesalf word om die oordeel van Jahwe te voltrek. Die sekondêre en deuteronomistiese karakter van vers 7-10a word algemeen aanvaar (Schmitt 1972: 20; Wallace 1986:21-40; Minokami 1989:53, 59). Die afhanklikheid van hierdie verse van die Agab-Eliavertellings toon in elk geval reeds waar die Dtr die gegewens vir sy komposisie vandaan haal, terwyl die aard daarvan die gedeelte enige historiese betroubaarheid ontneem.

Behalwe vir die latere toevoegings in vers 2 (seun van Josafat; BHSApp; Minokami 1989:29); vers 4 (die jongman, die profeet; Montgomery-Gehman 1962:400); en vers 6 (die God van Israel; oor die volk van Jahwe; Schmitt 1972:21 A 22) word 2 Konings 9:1-6,10b-13 as deel van die voor-deuteronomistiese Jehuvertelling beoordeel deur die meeste ondersoekers (Plein 1966:8-24; Schmitt 1972:27-29; anders Hobbs 1985:111).

**2 Konings 9:21b, 22b, 25-26**

Peckham (1985:Fig 5) skryf 2 Konings 9:22b$^{b}$ aan sy Dtr$^{2}$ toe, terwyl Minokami (1989:37) dit aan 'n 'vergeltungstheologische Bearbeitung' toeskryf. Daar bestaan egter geen dwingende

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



literêr-kritiese oorwegings om hierdie versdeel as sekondêr te beskou nie. Jehu se opmerking '...solank as die hoereerye van Isebel, jou ma, voortduur en haar baie towerye' (Steck 1968:35 A 1), voorsien die motivering vir die opstand van Jehu in die voor-deuteronomistiese vertelling (Nelson 1987:202; Hobbs 1985:116-117).

Die opdrag van Jehu in 2 Konings 9:25 en die motivering daarvan met 'n nuutgeformuleerde profetewoord (Šanda 1912:99) trek die oog.

> It is only as Bidkar mops up that Jehu's reminiscence of an old oracle against Ahab's family explains what is going on. The reader has not encountered this particular oracle before. ... To modern ears this previously unmentioned oracle seems a bit too convenient, flavored strongly with pretext and self-justification (Nelson 1987:202).

Oor die sekondêre karakter van die motivering vir sy optrede, wat Jehu gee, bestaan geen twyfel nie. Dit onderbreek die gang van die vertelling wat sy voortgang na 2 Konings 9:25a in vers 27 het (Hentschel 1985:44; Würthwein 1984:332). Die taalgebruik waarin sinswendinge voorkom wat anders slegs in jonger tekste voorkom (Würthwein 1984:332; Timm 1982:141), dui op 'n later formulering as die oorspronklike Jehuvertelling. Die verskille wat in hierdie verse opgemerk word teenoor die vertelling in 1 Konings 21, '...erklären sich jedoch aus dem Kontext und der Absicht von V. 25f' (Würthwein 1984:333) en dui nie op herkoms uit 'n ander bron nie.

Twee vrae word steeds ten opsigte van hierdie verse gedebatteer. Eerstens word gevra na die omvang van die sekondêre invoeging, en tweedens na die redaksionele laag waaruit die invoeging stam.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Aansienlike groep ondersoekers is van oordeel dat die invoeging die geheel van 2 Konings 9:25-26 omvat, en selfs die laaste deel van 2 Konings 9:21 ('by die stuk grond van Nabot die Jisreëliet'; vgl o a Schmitt 1972:24-27; Würthwein 1984: 333; Minokami 1989:42). Ander oordeel dat die invoeging beperk is tot 2 Konings 9:25b-26 (Timm 1982:141; DeVries 1978:68,90 n 59), en dat 9:21* uit vers 15b ingedring het (Timm 1982:141 A 33).

Daar bestaan geen dwingende literêr-kritiese argument om tussen 2 Konings 9:24 en 25a 'n breuk te onderskei nie (Timm 1990: 101). Die konstruksie **kī-z$^{e}$kōr** wat vers 25b inlei, is ongewoon (Šanda 1912:98) en het aanleiding gegee tot verskeie voorstelle vir tekswysiging (Montgomery-Gehman 1967:406). Die tema wat in 9:25a opgeneem word, kom ook in die nie-deuteronomistiese gedeeltes van die vertelling voor (vgl 2 Kon 9:34-35; ook 9:28; 10:8,14). Die teologiese **Erfüllungsvermerk** wat in 2 Konings 9:25b-26 gegee word, word egter elders in die vertelling slegs in die deuteronomistiese toevoegings gevind (vgl 2 Kon 9:10,36-37; 10:10). Die aansluiting van vers 27 is daarby ewe gemaklik by vers 25a as vers 24 (Würthwein 1984:332) te vind. Dit is dus waarskynlik dat die latere toevoeging slegs 2 Konings 9:25b-26 omvat.

Daarmee verval egter die dwingende argumente om **b$^{e}$ḥẹlqat nābōt hayyizr$^{ec}$ē'lī** in vers 21 as sekondêre toevoeging te skrap. Soos elders in die vertelling word hiermee 'n definitiewe besonderheid vermeld (vgl 2 Kon 9:27,32-33; 10:14), wat deel is van die vertelstyl. Die vermelding van Nabot die Jisreëliet in vers 25 lyk wel lomp, en het moontlik later uit vers 21 in vers 25 ingedring (Hentschel 1985:44). Waarskynlik is dit juis die vermelding van die stuk grond van Nabot in vers 21 wat die deur oopgemaak het vir die invoeging van vers 25b-26, waarmee die Nabotvertelling meteens in die Jehuvertelling ingeruk word.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Nabotvertelling op sigself kan egter nie as betroubare historiese getuienis dien nie (Würthwein 1978:375-397). Die sekondêre opname daarvan in die Jehuvertelling ontneem dit verder enige moontlike getuieniswaarde vir die rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu.

Schmitt (1972:24-27) is van oordeel dat die invoeging deel uitmaak van 'n voor-deuteronomistiese apologetiese bewerking van die Jehuvertelling. DeVries (1978:90 n 59) skryf dit aan 'n voor-deuteronomistiese Jehuredaksie toe. Timm (1982:139-142) het egter die bestaan van die voor-deuteronomistiese apologetiese bewerking oortuigend afgewys, terwyl Hobbs (1985:110) dieselfde gedoen het ten opsigte van die Jehuredaksie.

Würthwein (1984:332-333) oordeel dat die toevoeging na-deuteronomisties is en die tendens van DtrP versterk. Minokami (1989:34-42) verdeel die toevoeging oor twee na-deuteronomistiese bewerkings; vers 26b is 'n vroeg-kronistiese nota, en vers 25-26a deel van 'n vergeldingsteologiese bewerking wat oor 2 Konings 9:21b*-22b* loop. Die argumente waarmee vers 26b as toevoeging by die toevoeging beoordeel word, is egter hoegenaamd nie dwingend nie, soos Minokami self toegee (1989:37). Daarby is dit waarskynlik dat nóg vers 21b, nóg vers 22b anders as deel van die oorspronklike vertelling is, soos reeds aangedui. Daarmee staan vers 25b-26 geïsoleerd as na-deuteronomistiese toevoeging en verval die hipotese van 'n vergeldingsteologiese bewerking waarvan dit deel sou uitmaak.

Die opinie van Würthwein berus op sy beskouing van die redaksiegeskiedenis van die DtrG. Hy gee egter in sy beoordeling van die toevoeging reeds die deuteronomistiese tendens daarvan toe. Die herkoms van die toevoeging uit deuteronomistiese kring word daarmee juis as waarskynlik aangedui, eerder as dat dit van na-deuteronomistiese oorsprong is.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**2 Konings 9:36-37; 10:10,11,17**

By al die verskille wat ten opsigte van detailvrae by 2 Konings 9:36-37 en 10:10 onder geleerdes bestaan, heers daar redelike eenstemmigheid dat die verse deel van die deuteronomistiese bewerking van die Jehuvertelling uitmaak (Dietrich 1972:60; Steck 1968:36,40; Schmitt 1972:21; Timm 1982:137; anders DeVries 1978:68,90 n 59).

In 2 Konings 10:11 en 10:17a$^{b}$b word 'n afsluitende nota oor Jehu se uitwissing van die reste van Agab se koninklike hof gegee wat kennelik op dieselfde hand teruggaan. Die formulering en woordgebruik in hierdie verse kom digby die deuteronomistiese 1 Konings 15:29 (Schmitt 1972:20,22) en 1 Konings 16:11-12. Deuteronomistiese herkoms vir 2 Konings 10:11 en 10:17a$^{b}$b kan redelikerwyse aanvaar word (Schmitt 1972:22; Timm 1982:138; Minokami 1989:56-57).

**2 Konings 10:18-27**

Met die uitsondering van 2 Konings 9:22b kan al die gedeeltes in die Jehuvertelling, wat die optrede van Jehu verbind met die oordeel oor die koningshuis van Agab en oor Isebel, teruggevoer word op die bewerking wat die vertelling deur die Dtr ondergaan het. Daarby is slegs 2 Konings 9:22b nie verknoop met die Agab/Isebel-Eliavertellings nie, maar stel 'n eie motief daar. Hierdie verband wat met die Agab/Isebel-Eliavertellings gelê word, word in die inleiding in 2 Konings 9:7-10a reeds gegee as die program vir die vertelling uit die oogpunt van die Dtr. In die afsluitende raamwerk kom die Dtr weer na hierdie tema toe terug met sy goedkeurende opmerking in 2 Konings 10:30.

Nóg die inleiding, nóg die voorafgaande vertelling berei egter die vernietiging van die Baäldiens voor, soos dit in 2 Konings 10:18-27 beskryf word (Hoffmann 1980:98). Tog vorm hierdie

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedeelte nie 'n losstaande aanhangsel by die Jehuvertelling nie. Die vernietiging van die Baäldiens word geantisipeer deur die assosiasie wat gelê word met die stryd van Elia teen die Baäldiens (1 Kon 19:16-18). Verder word dit stewig aan die voorafgaande vertelling verbind deur die persoon van Jehu en Jonadab (2 Kon 10:16a[b] is duidelik deuteronomisties, Würthwein 1984:339), en in die afsluiting met die goedkeurende opmerking in 2 Konings 10:28. Die kultiese optrede van Jehu vorm in die vertelling, soos dit in 2 Konings 9-10 oorgelewer word, die hoogtepunt en afsluiting (Hoffmann 1980:97).

'Schon diese Unausgeglichenheit im Verhältnis von Rahmen und Erzählungsinhalt zeigt an, dass die vorliegende Gestalt der Erzählung nicht aus einem Guss ist' (Hoffmann 1980:98). Hierdie oordeel van Hoffmann word versterk deur die feit dat die styl van die voorafgaande vertelling anders is as dié van 2 Konings 10:18-27 (Minokami 1989:97).

In die gedeelte kan onderskei word tussen **Erzählung** (2 Kon 10:18-25a) en **Aufzählung** (2 Kon 10:25b-27) (Hoffmann 1980: 100). Die **Aufzählung** is deur-en-deur 'n deuteronomistiese komposisie in die vorm van 'n **Kultnotiz** (Hoffmann 1980:100-101). Dit is slegs in hierdie **Kultnotiz** waarin daar sprake is van 'n volledige vernietiging van die Baälkultus. Die etiologiese formule in 2 Konings 10:27b vorm die hoogtepunt in die **Kultnotiz**, wat trapsgewys gebou is, en vorm deel van die deuteronomistiese komposisie (teenoor Minokami 1989:110-113). Hierdie deuteronomistiese komposisie het egter die **Erzählung** as noodsaaklike antesedent.

Tussen die **Erzählung** en 1 Konings 18 bestaan duidelike raakpunte. Hierdie raakpunte sluit vertellingsmotiewe, detailbeskrywing en woordgebruik in (Steck 1968:88). Dit bring die vraag na vore of 1 Konings 18 van 2 Konings 10:18-25a afhank-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lik is of omgekeerd. Hierdie vraag kan nie bloot op literêre argumente besleg word nie. Steck (1968:88) se oordeel dat 2 Konings 10:18-25a ook literêre voorrang geniet, berus op die aanvaarding dat 2 Konings 10:18-25a '...aus guter Quelle geschildert wird...' en dat die Eliatradisie in 1 Konings 18 '...Bekanntschaft mit der festformulierten Jehuerzählung...' verraai. Minokami gee ook aan 2 Konings 10:18-25a literêre voorrang bo 1 Konings 18 met die argument dat 'n voor-deuteronomistiese etiologie ten grondslag van 2 Konings 10:18-25a* lê, en dat die kernteks 1 Konings 18:19a uitsluitlik op 2 Konings 10:18a, 21a berus (1989:108).

Die historiese voorrang wat aan 2 Konings 10:18-27 gegee word en as basis dien vir literêre voorrang, oortuig egter nie. Enersyds kan vers 27b eerder as deel van die deuteronomistiese **Kultnotiz** verstaan word, as dat dit 'n aanduiding van 'n voor-deuteronomistiese etiologie vorm. Andersyds is dit onwaarskynlik dat 2 Konings 10:18-25a op 'n betroubare historiese bron berus.

Die raakpunte in 2 Konings 10:18-25a is nie tot 1 Konings 18 beperk nie. Die vertelling in 2 Konings 10:18-25a verbind Jehu se optrede nou met Agab se diens aan Baäl (10:18). Dit is egter slegs in die deuteronomistiese bewerking van die Agab-Eliavertellings waar daar sprake is van Agab as Baäldienaar (1 Kon 16:31b[b]-32; 18:18b; by lg vgl Steck 1968:15). Hoewel Agab as die teenstander van Elia geskilder word (Steck 1968:132), is Agab in die vertellings waar Elia sy stryd teen die Baälkultus voer nie die hoofkarakter nie. In die Karmelvertelling word die hele volk deur Elia gekonfronteer en in 2 Konings 1 word Ahasia direk met die Baäldiens verbind. In die later bewerkings van die Eliavertellings word Isebel as die Baäldienaar by uitnemendheid geskilder en as die vernaamste teenstander van Elia in sy stryd met Baäl (Steck 1968:133; Timm 1982:288-303).

© University of Pretoria  Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die Dtr se aanbieding van die Agabgeskiedenis verbind hy nie slegs vir Agab aan die diens van Baäl nie, maar maak hy daarvan die grondmotief vir die oordeel van Jahwe oor die huis van Agab (vgl 1 Kon 21:25-26). In sy rekonstruksie word die stryd van die profete teen die Baälkultus tegelyk die stryd teen die huis van Agab. 2 Konings 10:18-27 voer hierdie stryd binne die geskiedenisverstaan van die Dtr tot sy volle konsekwensie en sy hoogtepunt. 'Mit Jehu ist in der dtr Kultgeschichtsschreibung eine wichtige Epoche der Kultgeschichte des Nordreiches an ihr Ziel gelangt, die unter dem Stichwort "Baal in Israel" gestanden hatte' (Hoffmann 1980:104).

Die voor-deuteronomistiese Jehuvertelling het nie oor die uitwissing van die Baälkultus deur Jehu berig nie. Uit die Eliavertellings wat reeds aan hom bekend was en wat hy reeds redaksioneel aangepas het, het die Dtr 'n passende afsluiting geskep en aan die Jehuvertelling verbind.

> Die ältere Darstellung der Jehurevolution ... wusste noch nichts vom Kampf Jehus gegen Baal und seine Verehrer. Dieser ist dtr konzipiert. Dieser Textbefund verbietet es, historische Folgerungen auf eine Verfolgung des Baalskultes durch Jehu zu ziehen (Würthwein 1984:342).

**Geen verdere Dtr bewerkings**

Benewens hierdie ingrype van die Dtr waarmee hy die Jehuvertelling aan die weergawe wat hy van die Agabgeskiedenis gee knoop en die Jehugeskiedenis as wentelpunt in sy groter rekonstruksie inbed, is daar nie verdere deuteronomistiese ingrype in die vertelling nie. Terwyl die dichotome benutting van die vertelling in Konings dus op die rekening van die Dtr geplaas moet word, is die dichotome aard van die vertelling 'n

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gegewene wat hy benut en versterk. Dit bring die vraag na vore of hierdie tweespaltige karakter van die Jehuvertelling oorspronklik is en of dit die resultaat van ander, voor-deuteronomistiese bewerkings is.

### 3.4 Voor-deuteronomistiese bewerking(s) van die Jehuvertelling?

Voor-deuteronomistiese bewerking van die Jehuvertelling word deur sommige ondersoekers gepostuleer. Daar is reeds gewys op die voor-deuteronomistiese apologetiese bewerking wat deur Schmitt (1972:24-27) voorgestel is. Hierdie hipotese het nie wye aanvaarding gevind nie en is grondig deur Timm (1982:139-141) weerlê (vgl ook Würthwein 1984:332-333; 341-342).

DeVries (1978:90) skryf 2 Konings 8:29a; 9:8a, 15a, 16b, 36b-37; 10:1-28 aan 'n voor-deuteronomistiese Jehubewerking toe wat die profetelegende in 2 Konings 8:29b-9:36a* tot 'n politieke manifes uitgebrei het. Die hipotese van DeVries bring op 'n nuwe manier 'n ou veronderstelling opnuut in die debat. Gray (1970:537) veronderstel in navolging van Benzinger (Schmitt 1972:28) en Noth (1943:80) dat die Jehuvertelling 'n kompilasie is uit 'n profetiese en politieke bron. Schmitt (1972:27-29) het die onaanneemlikheid van hierdie aanname oortuigend uitgewys, terwyl Hobbs (1985:110) die uitwerking wat DeVries van hierdie aanname gee, krities afgewys het.

By hierdie argumente moet die volgende ook in ag geneem word:

* DeVries sien die intensie van die profetelegende as wraak op Isebel, terwyl die Jehuredaksie die val van die huis van Agab en die legitimasie van die bewind van Jehu wil beskryf. Die oordeel oor Agab en die straf op Isebel is in die vertelling egter nou aan mekaar verbind en weerspieël die deuteronomistiese bewerking.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



* Die beskouing oor die intensie van die verskillende bewerkings wat DeVries verdedig, hang af van sy literêr-kritiese beoordeling van 2 Konings 9:7-10a. Dit kom arbitrêr voor, en oortuig nie, om 2 Konings 9:7,10a aan een redaksie, 8a aan 'n tweede en 8b-9 aan 'n derde toe te skryf.

Minokami (1989:67-95) sien in 2 Konings 9:15b, 16b, 21b[a], 23b, 27; 10:4-6, 13-14b[a], 15 en 17a[a] 'n voor-deuteronomistiese Judabewerking van die Jehuvertelling. As stut vir sy argument wys Minokami op die formele en inhoudelike verwantskap tussen 2 Konings 9:27* en 10:14*. Hierdie verwantskap strek egter ook na 2 Konings 9:33a uit, terwyl die geografiese besonderhede in 2 Konings 9:27 en 10:14 'n parallel het in die vermelding van die presiese plek waar Joram tot sy einde gekom het (2 Kon 9:21b, 25a) en waar Isebel gesterf het (2 Kon 9:31, 33).

As verdere stut voer Minokami aan dat '... die Erwähnung Ahasjas, des Königs von Juda, in der Szene vom Ende Jorams, des Königs von Israel, sekundär ist' (1989:73). As sekondêr sny hy dan 9:21b[a] **wayyēṣē' y$^{e}$hōrām mẹlẹk-yiśrā'ēl wa'$^{a}$ḥazyāhū mẹlẹk-y$^{e}$hūdā 'îš b$^{e}$rikbō** en '9:23b, wo Ahasja von Joram angerufen wird...' uit die vertelling uit (1989:73). Daar is egter geen rede om vers 23b as sekondêr te beoordeel nie. Die subjekwisseling in 2 Konings 9:21b word deur 9:22 veronderstel en Joram as besondere subjek opnuut by die naam genoem. Die werkwoord in die enkelvoud in 2 Konings 9:21b[a] dui nie daarop dat Joram as enigste persoon in die handeling veronderstel is nie, soos die konstruksie in 1 Konings 22:19 en 2 Konings 3:9 toon. Daar is dus nie voldoende grond om hierdie verse as sekondêr te beskou nie.

Die sekondêre aard van 2 Konings 10:4 kan net gehandhaaf word indien die beskrywing van Ahasia se dood in samehang met die sterwe van Joram sekondêr is (Minokami 1989:75). Daar is geen

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dwingende taal- en stylargumente voor uit te maak dat 2 Konings 10:4-6 sekondêr is nie. Die wegneem van hierdie verse uit die vertelling in 2 Konings 10:1-7 vermink trouens die vertelling deur die optrede van die leiers in Samaria geheel sonder motivering te laat.

Reeds Stade (1885:277-278) het die aanname verdedig dat 2 Konings 10:13-15 'n latere invoeging in die vertelling is. Hierdie aanname het egter nie volle aanvaarding in die wetenskaplike gemeenskap gekry nie (Montgomery-Gehman 1967:400; Rehm 1982: 107; Jones 1984a:464). Minokami meen dat hy die bewys vir die sekondêre karakter van hierdie gedeelte kan lewer '...durch die Bestätigung der Existenz einer judäischen Bearbeitungsschicht in der Erzählung über die Revolution des Jehu....' (1989:68).

So 'n Judese bewerking word egter nie oortuigend in 2 Konings 9:15b, 16b, 21b[a], 23b, 27; 10:4-6 aangedui nie. Dit is 'n waarde-oordeel dat 2 Konings 9:15b,23b; 10:4-6,14a afsku teenoor Jehu tot uitdrukking bring (Minokami 1989:82) en dat 9:16b,22b[a] (so Minokami 1989:83; waarskynlik verwys hy na 9:21b[a]); 10:13b[b] die tendens het om Juda teen 'n verbond met Israel te waarsku. Hierdie uitsprake kan binne die teks anders verstaan word. 'n Spesifiek Judese tradisie in 2 Konings 10:13-14, wat hierdie negatiewe tendens voortsit, is nie uit die voorafgaande aan te dui nie. Die spesifieke Judese tradisie oor die dood van Ahasia se broers kan eerder in 2 Kronieke 21:17; 22:1 gesoek word. Daarmee word ook die invoeging van 2 Konings 10:15 as deel van 'n Judese bearbeiding van die teks onwaarskynlik.

Terwyl daar dus nie gereken hoef te word met 'n ingrypende voor-deuteronomistiese bewerking van die Jehuvertelling nie, moet die vraag na die sekondêre aard van 2 Konings 10:13-16 nog beantwoord word. Die oorgangsvers, 2 Konings 10:12, is onteenseglik lomp. Dit dui egter nie noodwendig op 'n latere

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



invoeging nie. Die oorgang tussen die inleiding en die berig oor Jehu se opstand (2 Kon 9:14-16), tussen die berig oor Joram se dood en die dood van Ahasia (2 Kon 9:25a,27), tussen die berig oor Ahasia se dood en Jehu se optrede teen Isebel (2 Kon 9:30a,31a) en tussen Isebel se dood en Jehu se optrede teen die res van Agab se huis in Samaria (2 Kon 10:1) is eweneens nie besonder gemaklik nie. Tereg merk Schmitt op:

> Es gehört eben zum Stil der Jehuerzählung, dass sie sich aus mehreren Episoden zusammenstellt, die untereinander nur sehr locker verknüpft sind. Ist dieser stilistische Charakter der Jehuerzählung erkannt, dann erledigen sich damit zwei weitere in der Forschungsgeschichte zur Literarkritik von II 9f. gemachte Vorschläge: So wird man jetzt nicht mehr mit **Stade** die historische Unvereinbarkeit von 10, 12-14 mit dem Vorangehenden und die von 10, 15f. mit dem Folgenden dazu benutzen können, die Episode von der Ermordung der judäischen Prinzen und die von Jehus Zusammentreffen mit Jonadab 10, 12-14.15f. als sekundäre Einfügungen auszuschneiden. Ebenso ist es jetzt unnötig, mit **de Vaux** und **Gray** anzunehmen, dass die beiden Episoden nicht an ihrer ursprünglichen Stelle stehen (1972:28-29).

Die dichotome aard van die Jehuvertelling kan dus nie toegeskryf word aan die een of ander voor-deuteronomistiese bewerking nie. Die tweespaltigheid van die vertelling is van die begin af deel van Jehugeskiedenis wat in Konings oorgelewer is. Die Dtr het daarby aangesluit, en sy eie weergawe het die tweespaltige aard van die vertelling verdiep. Die moontlikheid dat dit te wyte sou kon wees aan 'n na-deuteronomistiese bewerking, word juis deur die Dtr se benutting van die vertelling buite spel geplaas. Die enigste na-deuteronomistiese toevoeging wat die aandag trek, is 2 Konings 9:29. Hierdie poging om die sinchronismes in Konings te korrigeer

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Kittel 1900:233), toon dat die interpolator die Jehuvertelling reeds as geskiedenis verstaan het.

Dit bring die vraag na vore na die intensie van die oorspronklike vertelling in sy eie **Sitz im Leben.**

### 3.5 Die intensie en Sitz im Leben van die oorspronklike Jehuvertelling

Minokami oordeel dat die Jehuvertelling, soos dit in Konings oorgelewer en deur hom gerekonstrueer is, volledig is (1989: 130). Dit is egter baie onwaarskynlik dat die vertelling kan eindig met: **wayyābō' šōm$^{e}$rōn** (2 Kon 10:17a[a]) (Timm 1990:100). Ten minste die slot van die oorspronklike vertelling is deur die Dtr vervang met sy eie komposisie.

Oor die vraag of die Jehuvertelling van huis uit 'n deel gevorm het van 'n groter vertellingskompleks, kan slegs gespekuleer word. Die oordeel van Minokami (1989:130) dat die vertelling '...ein von vornherein als Einheit konzipiertes Werk' is, gaan in die lig van die onvolledige aard daarvan te ver. Die standpunt van Schmitt (1972:137-138), dat die Jehuvertelling die oudste literêre bestanddeel van die Elisatradisie vorm, is nie houdbaar nie (Noth 1943:80; Plein 1966:15; DeVries 1978:110 n 21; Minokami 1989:132). Die voorstel van Noth (1943:80), dat 2 Konings 9-10 'n deel vorm van 'n siklus profeteverhale waarin die profete se ingrype in die troonopvolging in Israel beskryf word, bestaande uit 1 Konings 11*, 12*, 14*, 20*, 22 en 2 Konings 9*-10* (vgl reeds Kittel 1900:228), is eweneens onhoudbaar (Schmitt 1972:15; Rehm 1982:95; Steck 1968:21 A 2; Smend 1978:134). Die meeste wat oor die oorspronklike Jehuvertelling in dié verband gesê kan word, is dat dit as deel van 'n groter Jehuvertelling deur die Dtr in Konings opgeneem is.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die intensie van die vertelling word dus nie bepaal deur 'n groter samehang nie, maar moet uit die vertelling self afgelei word. Die aanname dat die Jehuvertelling die grusame besonderhede vermeld as onpartydige beriggewer (Gunkel 1922:92), verdiskonteer nie die verhaalkarakter van 2 Konings 9-10 nie (Schmitt 1972:29). Die vertelling gee ook nie interne getuienis wat die beskouing van Kittel (1900:228), dat die vertelling Agabvriendelik is, regverdig nie (Whitley 1952:137-152; Schmitt 1972:30). Aan die ander kant kan ook beswaarlik met Würthwein (1984:339) ingestem word dat die oorspronklike vertelling '...in Jehu den grausamen pietätlosen Usurpator gesehen und demgemäss von seinen Taten erzählt [hat]....'

Die verteller fokus die kollig in sy vertelling deurgaans vanuit die beste hoek op Jehu. Hy is die hoofspeler: al die ander karakters is noodsaaklike byspelers in die dramatiese vertelling (Montgomery-Gehman 1967:399; Smend 1978:134). Die dramatiese en snelvloeiende vertelling laat egter nie die oordeel van die verteller sonder meer uit die verf kom nie (Smend 1978:134). Polzin het aangetoon hoe die onderskeid tussen vertelde spreke (reported speach) en vertellende spreke (reporting speach) die vertellersperspektief aandui (Polzin 1980:18-19). In die Jehuvertelling is daar drie aanwysbare gevalle waar die verteller van vertelde spreke gebruik maak. Al drie gevalle kom in die inleiding voor: 2 Konings 9:3,6,12 en herhaal dieselfde boodskap: 'So sê die Here: Ek salf jou tot koning van Israel.'

Die verteller se gesigspunt (point of view) word daarmee verraai. Hy aanvaar Jehu as die deur-Jahwe-aangewysde koning van Israel. Met sy dramatiese vertelling van Jehu se pad na die troon en die vestiging van sy koningskap bevestig hy die legitimiteit van Jehu se regering en dinastie (Miller 1967:307-324; Minokami 1989:166). Die verteller se perspektief op die bewindsoorname van Jehu word belig deur die gebruik van verskillende motiewe wat in sy vertelling vervleg is met die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beskrywing van die belangrike episodes wat tot die vestiging van Jehu se regering gelei het.

Onderliggend aan die legitimiteit van die koningskap van Jehu, wat deur die verteller verdedig word, is die ideologie van dinastieke koningskap op grond van goddelike aanwysing (Ishida 1977:25). Die goddelike uitverkiesing en aanwysing van die koning is '...the standard assertion of whoever seized the throne from the previous dynasty' (Ishida 1977:178). Hierdie motief van goddelike verkiesing is nie slegs tot die koning-skap beperk nie, maar kom uitgebreid in die Ou Testament voor om ook die legitimiteit van ander invloedryke persone en instellings te verdedig:

> ... sie alle gelten als erwählt, berufen, gesalbt (oder vielleicht einmal auch nicht!), und das Zustandenkommen ihrer Herrschaft in diesen Akten (oder etwa auch deren Fehlen) wird zur Rechfertigung (oder auch Bestreitung oder Relativierung) ihres Anspruches erzählt (Smend 1986: 168).

Hierdie motief word in die inleiding tot die Jehuvertelling (2 Kon 9:1-6; 10-13) uitgewerk. Teenoor Schmitt (1972:139-140; 149-152) moet beklemtoon word dat hier nie 'n histories betroubare tradisie ten grondslag van die vertelling lê nie, maar '...jedenfalls liegt ein Theologumenon vor, durch das die Herrschaft Jehus von Jahwe her legitimiert werden soll' (Würthwein 1984:329). In hierdie aanwysingsberig speel Elisa 'n ondergeskikte rol, terwyl dit die tipiese trekke van soortgelyke vertellings toon (Minokami 1989:162). Die pro-fetiese aanwysing geskied nie in die openbaar nie; die aange-wesene en diegene wat later daarvan bewus word, staan verras; by die aangewesene is daar aanvanklik skroom om die aanwysing te openbaar; en die aanwysing dien as voorspel tot verdere vertellings waarin die onstuitbare gesag van die aangewesene duidelik word (Mettinger 1976:233-252).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Der Bericht ist womöglich eine schriftstellerische Konstruktion, um die Legitimität des Königtums Jehus aufgrund der Sanktionierung Jahwes zu Anfang mit Nachdruck zu behaupten. Wenn die Exposition unserer Erzählung im wesentlichen gemäss dem gewöhnlichen Ablauf der Erhebung zum König dargestellt ist, so bezeugt dies lediglich, dass der Verfasser sich des traditionell festgeprägten Königszeremoniells deutlich bewusst war (Minokami 1989:162).

In die vertelling word **šālōm** nie minder nie as nege keer aangetref. Die gebruik van die woord word ingebundel in die episodes van Jehu se proklamasie as koning tot die dood van Isebel en vorm 'n **Leitmotiv** in hierdie deel (Olyan 1984:652-668; vgl Rehm 1982:99; Nelson 1987:200). In 2 Konings 9:11 word **šālōm** in 'n retoriese vraag aangetref (soos duidelik word uit die tweede, egte vraag wat onmiddellik volg) en in 2 Konings 9:31 word dit weer as retoriese vraag aan Jehu gestel (soos blyk uit die spottende verwysing na Jehu as Simri; Olyan 1985:203-207). Die retoriese vrae omraam hierdie gedeelte en 'n eksplisiete antwoord bly vanselfsprekend uit.

In die wagtoringtoneel word **šālōm** as egte vraag in die mond van die boodskappers gelê, telkens met 'n ontwykende antwoord. Eers wanneer Joram in sy ontmoeting met Jehu dieselfde vraag stel, kom daar 'n antwoord: 'Wat? Is daar vrede solank as die hoerery van Isebel, jou ma, voortduur en haar baie towerye?' (Montgomery-Gehman 1967:406; Gray 1970:545 n d,e; Steck 1968: A 1). Met hierdie antwoord word die motivering vir Jehu se optrede gegee, maar tegelyk ook vir sy aanwysing deur Jahwe.

Jehu is nie bloot usurpator nie, maar hersteller van die **šālōm** wat deur Isebel versteur is (Soggin 1981:453-459). Die verwyt teen Isebel is kennelik metafories bedoel (Hobbs 1985:116-117) en slaan op religieuse praktyke wat met die vrugbaarheidskul-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tus te doen het (Steck 1968:35 A 1; Van der Woude 1978:116). Jehu is deur Jahwe aangewys om die kultus wat in die koningshuis bedryf word (Ahlström 1982:62-63) te suiwer en sodoende die orde te herstel.

Naas die motief van **šālōm** loop die motief van belastering deur onkundiges deur die eerste episodes van die vertelling. Dit word in die proklamasietoneel (2 Kon 9:11), die wagtoringtoneel (2 Kon 9:20) en die Isebeltoneel (2 Kon 9:31) aangetref. Die belastering spruit uit die onbegrip van die lasteraar vir die werklike toedrag van sake en reflekteer negatief op die lasteraar, maar positief op die belasterde (vgl 1 Sam 10:27; 11:12-13; Wharton 1962:382-383) wanneer die ware stand van sake aan die lig kom.

In 2 Konings 9:11 en 2 Konings 9:20 word die lastering aangedui met die pejoratiewe gebruik van **šg**$^{c}$ (Gray 1970:541. 546). In 2 Konings 9:11 beskryf die offisiere die profeet as **hamm**$^{e}$**šuggā**$^{c}$ en gee daarmee hulle lae dunk van die persoon en sy boodskap te kenne. Sodra hulle egter die inhoud van die boodskap verneem, verander hulle opinie en optrede. Die profeet word erken as draer van 'n Jahweboodskap wat gehoorsaam moet word, en Jehu wat van die begin af raaksien dat die profeet gehoor moet word, kontrasteer gunstig met sy mede-offisiere.

In 2 Konings 9:20 beskryf die toringwag Jehu se manier van wadryf as **b**$^{e}$**šiggā**$^{c}$**ōn.** Minokami (1989:140) oordeel met verwysing na 2 Samuel 18:27 dat hierdie uitdrukking die verteller se oordeel onder woorde bring. Dit is onwaarskynlik, gesien die positiewe beeld wat die verteller van Jehu skep. Die neerhalende opmerking van die toringwag word uitgespreek deur iemand wat nie besef dat Jehu koning is nie. Die gebeure wat volg, stel hom in die ongelyk. Dit is nie Jehu nie, maar Joram wat sy wa **b**$^{e}$**šiggā**$^{c}$**ōn** dryf: eers dryf die koning, Joram, sy wa as 'n boodskapper; vlieg dan om in blindelingse vlug; en sterf met 'n pyl in die rug. Jehu,

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarenteen, dryf sy wa in 'n onstuitbare opmars na die troon in Jisreël.

Isebel groet Jehu doelbewus spottend en beledigend (Gray 1970:551; Olyan 1985:203-207). Uit haar voorbereidings om Jehu te ontmoet, spreek dat sy hom as koningin konfronteer (Olyan 1985:203-207), terwyl die verwysing na die sewedaagse koning 'n parallel met Simri se onsuksesvolle staatsgreep lê. Isebel praat egter sonder om te begryp dat Jehu deur Jahwe as koning aangewys is en dus anders as Simri optree. Haar eie dood en die suksesvolle magsoorname van Jehu bevestig dat hy nie op een lyn met Simri geplaas kan word nie. Die valsheid in die vergelyking wat Isebel maak, reflekteer juis gunstig op Jehu se koningskap.

Die vertelling illustreer deurgaans Jehu se gesag en waardigheid as koning. Hy staan in sterk kontras met Joram (Minokami 1989:144). Sy dapperheid en militêre vermoë word beklemtoon: nie alleen tref hy al die maatreëls wat nodig is om die element van verrassing aan sy kant te hou nie, maar verslaan met 'n enkele veeg twee konings, neem Jisreël sonder slag of stoot oor, en boesem soveel vrees in dat selfs die versterkte stad Samaria, met sy gewapende mag, nie teen hom weerstand bied nie.

Ten spyte van die oordeel wat reeds in Hosea 1:4 uitgespreek word, en sedertdien gevestig het (Nelson 1987:205 'What is new and shocking is the scope and brutality of Jehu's reforming violence'; Hobbs 1985:119 'The activities of Jehu ... are characterized by a brutality that goes beyond reason ...') dat Jehu se magsoorname 'n bloedbad veroorsaak het, is dit nie sonder meer uit die vertelling af te lei nie. Die vertelling, inteendeel, onderstreep dat Jehu nie met roekelose geweld die mag oorneem nie. Slegs mense wat uit politieke noodsaak nie in die lewe gelaat durf word nie, word volgens die vertelling gedood. Die vertelling stel dit nie as 'n probleem nie, maar as koninklike politiek (vgl 1 Kon 2:12-47).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is dan ook as koning wat Jehu na die dood van Isebel 'n feesmaal in Jisreël aanbied (Gray 1970:551). Sy waardige optrede word in dieselfde toneel onderstreep met die opdrag wat hy gee om Isebel te begrawe omdat sy 'n koningsdogter is. Die fyn diplomasie waarmee hy meester word van Samaria, word in besonderhede vertel, terwyl die opstapeling van die koppe van Agab se seuns as skrikwekkende koninklike voorsorgmaatreël teen verdere opstand verstaan sou kon word (Gray 1970:554-555).

Ander deelnemers aan die magsoorname, behalwe Jehu, word in die vertelling slegs terloops vermeld. Hulle deelname illustreer egter telkens dat daar 'n verskuiwing in lojaliteit van Joram af na Jehu toe plaasgevind het en dat hy die mag met 'n minimum aan weerstand in die hande gekry het. By die offisiere in Ramot vind hierdie verskuiwing van lojaliteit spontaan plaas in die erkenning van die profeteboodskap as Jahwewoord. Die boodskappers van Joram en die bediendes van Isebel gee hulle lojaliteit aan Jehu op sterkte van sy gesagvolle oproep tot hulle (Minokami 1989:141). In die besef van hulle onmag om teen hom weerstand te bied, gee die stadsbestuur in Samaria hulle steun aan Jehu se regering. Die spontane ondersteuning wat Jehu van Jonadab ontvang, plaas daardie episode in die kader van 'geen weerstand teen Jehu nie'. Oor die persoon en funksies van Jonadab ben Rekab in 2 Konings 9:15-16 kan slegs gespekuleer word (Würthwein 1984:339; Minokami 1989:93). Die episode onderstreep nogtans dat Jehu geen teenstand teen sy magsoorname buite die eng kring van Joram se huisgesin ondervind het nie. Die vertelling laat Jehu se optrede nie slegs in gunstige lig staan deur die wye ondersteuning daarvan aan te toon nie, maar bevestig ook met sy beskrywing van die onweerstaanbaarheid van Jehu se gesag dat hy die legitieme koning is wat Jahwe se seën wegdra (Gray 1970:538).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vertelling verswyg nie dat Jehu teen sy koning saamgesweer het nie. Die gebeure tussen sy proklamasie as koning en Samaria se erkenning van sy gesag word trouens daardeur omraam (2 Kon 9:14; 10:9). Die suksesvolle sameswering van Jehu kan selfs as die tema van die vertelling beskou word (Minokami 1989:153). In hierdie tema word 2 Konings 10:9 ingebed. Jehu onthef met sy toespraak die **kol-hā$^{c}$ām** van die blaam op die moorde wat in Samaria gepleeg is (Montgomery-Gehman 1967:409; Rehm 1982:106), maar hy distansieer hom nie daarvan nie (Rehm 1982:106), en bedek dit ook nie met 'n lagie vrome vernis nie (Montgomery-Gehman 1967:409; Gray 1970:55). Jehu erken prontuit dat hy vir die dood van Joram verantwoordelik is. Die mees vertroude beskermers van die koningshuis is egter verantwoordelik vir die dood van die koninklike nageslag. Selfs hierdie mees vertroudes het dus met hom meegedoen in die sameswering teen Joram. 'Jehu ist schlechthin stolz darauf, dass die Diener des gestürzten Königshauses ihn gestützt und positiv an seinen Aufstand teilgenommen haben' (Minokami 1989:153).

Die verteller wat in 2 Konings 9*-10* aan die woord is, is 'n meester in sy vak (Smend 1978:134). Ten spyte van die episodiese karakter van sy vertelling, slaag hy nietemin baie goed daarin om 'n spanningsvolle geheel te komponeer. Geen oomblik trek die **Erzählungsfreude** wat uit die dramatiese gang van die vertelling spreek, egter die aandag af van die intensie wat die verteller het nie: om duidelik te maak dat Jehu die koning is wat Jahwe in die plek van Joram aangewys het. 'Unsere Erzählung ist die Ätiologie des Königtums Jehus. Sie ist zur Legitimation und zum Ruhme Jehus geschrieben (Minokami 1989: 154).

Verskillende voorstelle is in die wetenskaplike literatuur gedoen om die sfeer waarin die Jehuvertelling oorspronklik

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tuis was, nader te bepaal. Plein (1966:15) plaas die vertelling in die sfeer van die aangewese koning en offisiere; Steck (1968:47) aanvaar weer dat dit in '...Kreisen der Beamtenschaft oder des Militärs um Jehu entstandes ist...', terwyl verskeie ondersoekers die tuiste van die Jehuvertelling in profetiese kring soek (Noth 1943:80; Montgomery-Gehman 1967: 399; DeVries 1978:69; Ahlström 1977:47-69). Dit is nie moontlik om die spesifieke kring waaruit die vertelling stam, presies te identifiseer nie (Schmitt 1972:31). Die meeste wat met redelike sekerheid gesê kan word, is dat die vertelling die belange van die heersende dinastie dien (Minokami 1989:154), en waarskynlik uit die kringe na aan die koninklike hofhouding stam.

Oor die ontstaanstyd van die vertelling kan ook net gespekuleer word. Daar word algemeen aanvaar dat die vertelling sy oorsprong tydens die regeertyd van die Jehudinastie gehad het. So plaas Steck (1968:32 A 2) en Schmitt (1972:30) die vertelling vroeg in die dinastie; Montgomery-Gehman (1967:399) plaas dit nog tydens die bewind van Jehu; terwyl Jepsen (1934:74) en Miller (1967:307-324) dit tydens die regering van die laaste konings van die Jehudinastie plaas.

Die later datering van die vertelling is meer waarskynlik as die vroeër datering. Die argument vir 'n vroeë datering, soos deur Schmitt geformuleer (1972:30):

> Dass der Erzähler trotz der Absicht, Jehu zu rechfertigen, von jeder Beschönigung der im Verlauf der Revolution vorgekommenen Grausamkeit absieht, ist nur damit zu erklären, dass die Erzählung zu einer Zeit abgefasst wurde, in der die Einzelheiten des Revolutionsgeschehens noch allgemein bekannt waren,

berus op 'n waarde-oordeel wat nie in die vertelling gedeel word nie. Grusame detail is nie noodwendig betroubare detail

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat nabyheid aan die gebeure verraai nie (vgl Rig 4:21; 1 Sam 17:49-51; Garbini 1988:16).

Die sterk apologetiese karakter van die Jehuvertelling dui op 'n ontstaanstyd toe die regering van die Jehudinastie se legitimiteit onder verdenking gekom het. Skerp kritiek teen die dinastie word eers in die optrede van die profete Hosea en Amos in die agtste eeu gehoor. Die feit dat Elisa in hierdie literêre komposisie by name genoem word, dui daarop dat hy toe reeds 'n simboliese bekendheid verwerf het (Auld 1984:66-82). Hierdie bekendheid het Elisa waarskynlik eers later verkry, tydens die regering van Jehu se opvolgers en die stryd wat hulle teen die Arameërs gevoer het (Schmitt 1972:190; Moore 1990:117-120).

Die Jehuvertelling kan ten beste beoordeel word as 'n legitimasielegende vir die Jehudinastie. Die dichotome karakter van die vertelling is van die begin af deel van die vertelling en dien die apologetiese intensie van die verteller. As legitimasielegende staan die vertelling na aan koninklike propaganda en plaas dit die betroubaarheid van die geheel as historiese getuienis sterk onder verdenking. 'Bei der Frage, was geschichtlich authentisch ist, lässt sich hinter die Literatur kaum zurückgehen. Auch in den alten Szenen liegt erzählerisch gestaltetes Gut vor, keine historische Dokumentation (Würthwein 1984:339-340).

### 3.6 Konklusie

Die Jehuvertelling kan vanweë sy aard en intensie beswaarlik as 'n goeie, betroubare historiese getuie ingeroep word om die koningskap van Jehu mee te rekonstrueer. Die detail wat in die vertelling gegee word ten opsigte van

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> ...die Ausrüstung und Bewaffnung des israelitischen Heeres, auf die Beziehungen verschiedener Gruppen der israelitischen Bevölkerung untereinander, auf das Verhältnis zwischen Königshaus und Nobilität, auf die Städte Ramot, Jesreel, und Samaria und noch anderes ...(Timm 1982:136)

maak nie van die vertelling '...eine Geschichtsquelle von hoher Bedeutung für die israelitische Königszeit...' (Minokami 1989:7) nie.

Enersyds is hierdie detail bloot detail: dit dra nie betekenisvolle getuienis by vir die rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu nie. Andersyds is die detail dikwels slegs terloopse detail wat net by wyse van afleiding en spekulasie betekenisvol gemaak kan word. Talle beduidende historiese verbande word in die vertelling verswyg of verteken in die eensydige aanbieding van die verteller.

Daarbenewens is die verloop van gebeure, soos 2 Konings 9*-10* dit beskryf, op talle punte histories ongeloofwaardig. Dit is, byvoorbeeld, ondenkbaar dat 'n magsgreep uitgevoer word op grond van 'n profeteboodskap wat in die geheim aan die uitvoerder daarvan oorgedra word, terwyl die gesagsfiguur van die profeet self volledig op die agtergrond bly. Die onmiddellike en eenstemmige aanvaarding van Jehu as koning deur die leërhoofde op sterkte van die boodskap van 'n persoon wat hulle self as 'n 'mal man' beskryf, is nie aanvaarbare getuienis nie. Dit is ongeloofbaar dat twee konings, elkeen op sy eie strydwa maar sonder 'n geleide, die werk van boodskappers gaan doen en daarby geen poging aanwend om die versterkte stad wat hulle verlaat, in 'n staat van gereedheid te bring nie; of dat 'n koningsmoeder die moord op die koning sien, en geen maatreëls tref om haarself of die troon te beveilig nie; of dat die leiers van 'n versterkte stad met 'n goed toegeruste gewapende mag bloot uit skrikbevangenheid die magsoorname van 'n generaal ondersteun.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Jehuvertelling plaas hom met sy rekonstruksie van gebeure en met sy dichotome propagandistiese aard buite spel as 'n betroubare historiese getuie van die opstand en koningskap van Jehu. 'n Rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu sal dus slegs op verantwoordbare wyse gedoen kan word indien daar ander en meer betroubare getuienis van onafhanklike bronne bekom kan word. Enige rekonstruksie wat sy steun primêr in die Jehuvertelling vind, loop die gevaar om óf die eensydige beeld wat die vertelling bied bloot te perpetueer óf om gewoon spekulatiewe korreksies aan te bring.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 4

## ANDER GETUIENIS IN DIE OU TESTAMENT OOR DIE KONINGSKAP VAN JEHU

Behalwe vir die getuienis in Konings, word daar ook in 2 Kronieke 22:5-9 en in Hosea 1:4 na die koningskap van Jehu of sy koningshuis verwys. In beide boeke verskil die gegewens wat gebied word van die gegewens in die Jehugeskiedenis in Konings. Die moontlikheid dat hierdie getuienis van so 'n aard is dat dit onafhanklike, meer betroubare historiese getuienis bied as Konings en dat dit uit ander bronne afkomstig is, moet ondersoek word.

### 4.1 Die getuienis in 2 Kronieke 22:5-9

2 Kronieke 22:5-9 bied slegs getuienis oor die koningskap van Jehu wat direk verband hou met die dood van Ahasia en die koninklike geslag van Juda. Die gebeure wat aanleiding gegee het tot Ahasia se teenwoordigheid in Jisreël tydens Jehu se magsoorname word bykans woordeliks soos in 2 Konings 8:28-29 beskryf. Die dood van Ahasia en sy familielede word egter in omgekeerde volgorde as in Konings weergegee, terwyl ander gegewens oor die gebeure verstrek word en daar nie 'n opsigtelike formele afhanklikheid tussen die berigte in Kronieke en die weergawe in Konings is nie.

Op die oog af kom dit voor asof die Kronis (Kr) ten minste deels steun op die weergawe wat die DtrG bied van Jehu se magsoorname, en deels sy eie materiaal bied. Die betroubaarheid van die getuienis wat die Kr gee, moet dus getoets word op dieselfde wyse as dié waarvolgens die getuienis van die Dtr getoets is.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 4.1.1 Die aard van die Kronistiese Geskiedenis

Die oordeel oor die historiese betroubaarheid van die eie gegewens in Kronieke het in die **Forschungsgeschichte** soos 'n pendulum beweeg: van 'n uiters negatiewe tot 'n aansienlike meer positiewe beoordeling, en in die jongste verlede terug na 'n meer skeptiese oordeel (Japhet 1985:83-107). Hierdie pendulumbeweging weerspieël 'n soortgelyke wisseling in die opinie onder geleerdes oor die aard van Kronieke.

Hoewel daar oor die datering en redaksiegeskiedenis van Kronieke geen eenstemmigheid bestaan nie (Thronveit 1987:2-7), is daar tog redelike eenstemmigheid oor die grense van redaksionele ingrype. As basisgeskrif vir Kronieke dien die Kronistiese Geskiedenis (KrG), waarby 'n latere redaksie(s) groter blokke materiaal gevoeg het, hoofsaaklik 1 Kronieke 1-9; 23-27 (Newsome 1975:201-217; Braun 1986:xix). Tussen Kronieke en Esra-Nehemia is 'n toevallige samehang, maar geen eenheid nie (Williamson 1977:170; Thronveit 1987:2-5; DeVries 1989a:7-9). Die hand van 'n latere redakteur(s) in die KrG self is met uitsondering op te merk (Japhet 1989:9; DeVries 1989a:13; Williamson 1982:12-15; Braun 1986:xix).

Die Kr word veelal gesien as 'n individu (Japhet 1989:7; Braun 1986:xix; Dillard 1987:xviii). As 'n outeur benut die Kr die geskiedenis wat hy uit die bronne tot sy beskikking ken en rekonstrueer, om 'n werklikheidsbetrokke (Willi 1972:10) rekonstruksie te maak (Williamson 1982:22-23; DeVries 1989a: 17-20; Dillard 1987:xviii). Hier is nie bloot 'n redakteur aan die werk wat sy bronne saamvoeg en tot 'n eenheid verbind nie, maar 'n selfstandige outeur wat 'n eie werk lewer (Welten 1973:205) en sy bronne verander deur by te voeg of weg te laat soos dit sy eie intensie dien (Coggins 1976:145).

Die Kr verwys dikwels na die bronne wat hy benut het vir sy beskrywing van die geskiedenis. Behalwe na die Boek van die konings van Israel en Juda/Juda en Israel, verwys hy ook na

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ander geskrifte (Rudolph 1955:xi). Daar is egter 'n **communis opinio** dat hierdie verwysings van die Kr slegs alternatiewe maniere is waarop hy een en dieselfde bron aandui, wat as **Vorlage** vir sy eie werk gedien het (Rudolph 1955:x-xi; DeVries 1989a:109-110). Hierdie **Vorlage** van die Kr is niks anders nie as 'n deel van die DtrG, vanaf 1 Samuel 31-2 Konings 25 (DeVries 1989a:98). Die **Vorlage** wat die Kr benut het, staan egter nie in die Masoretiese Tekstradisie nie (Williamson 1982:19; Braun 1986:xxii), maar verteenwoordig 'n Palestynse tekstradisie na aan die Septuaginta (Thronveit 1987:1). Die verskille met die Masoretiese Teks wat in die Vorlage voorkom, is deur die Kr oorgeneem in sy werk (Thronveit 1987:2).

Die **Vorlage** van die Kr '...stands for "Scripture as ChrH knows it". This means, basically Samuel-Kings, with perhaps other recensional material' (DeVries 1989a:110).

Benewens sy **Vorlage**, gryp die Kr ook terug op 'n '...host of O T traditions....' (Braun 1986:xxiii; vgl Welten 1973:191-194; Williamson 1982:19; Japhet 1989:8). Daar kom egter telkens in die KrG **Sondergut** voor wat nie 'n parallel in die **Vorlage** het nie en ook nie 'n bestaande tradisie elders in die Ou Testament weerspieël nie.

Die gebruik wat die Kr van sy **Vorlage** maak en die aard van die werk wat hy gekomponeer het, maak dit besonder moeilik om die vraag na die herkoms van sy **Sondergut** afdoende te beantwoord. Die Kr volg sy **Vorlage** nie slaafs nie, maar is in interaksie met die teks voor hom (Dillard 1987:xviii). Hoewel hy die struktuur van 1 Samuel 31-2 Konings 25 volg (DeVries 1989a:98), toon hy nie 'n besondere belangstelling in die chronologie wat as drabalk van die DtrG dien nie (Willi 1972:98). Waar dit hom pas, wysig hy sy **Vorlage** selfs drasties en skep hy naas die **Vorlage** uit ander tradisies historiese vertellings

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Welten 1973:129-140; Klein 1983:210-217). By geleentheid volg hy egter sy **Vorlage** woordeliks en onkrities (Willi 1972:59-63). Tereg merk Coggins op:

> Many sections are so close to Kings that it is difficult to know why the material needs to be reproduced at all; others differ from Kings in such a way as to raise grave doubts as to their historical credibility (1976:144).

Die KrG hou hom met die verlede besig. Hy interpreteer sy **Vorlage** (Willi 1972:54) en bied hierdie interpretasie as selfstandige werk aan. Hierdie rekonstruksie wat hy van die verlede aanbied, is egter geen positiwistiese geskiedskrywing nie (Dillard 1987:xviii). Die Kr interpreteer die verlede aan die hand van sy eie teologiese paradigma (Mosis 1973:234; Williamson 1977:60-70; Japhet 1989:150-176); verdiskonteer die werklikheid van sy eie hede in die werk (Mosis 1973:15; Willi 1972:10); en bied uiteindelik daardeur 'n program vir die toekoms (Mosis 1973:234; Newsome 1975:201-217; DeVries 1989a: 17-20).

Die struktuur waarin die KrG aangebied word, is dié van 'n geskiedenis. Sommige ondersoekers het op grond daarvan die karakter van die KrG as historiografie sterk verdedig (Willi 1972:12; Dillard 1987:xviii; Mosis 1973:234; Japhet 1989:710). Ander ondersoekers het egter die karakter van die KrG as 'n literêre komposisie sterker op die voorgrond gestel en die aard van die werk as historiografie onder 'n vraagteken geplaas (Welten 1973:205; Coggins 1976:5).

Selfs by die geleerdes wat die historiografiese karakter van die KrG verdedig, word dit nie noodwendig as die aard van die KrG gesien om 'n geskiedenis as sodanig te wees nie. Die KrG word na sy aard onder meer beskryf as 'n teodisee (Japhet 1989:164); as 'n toekomsvisie vir die 'res' wat aan die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oordeel van die ballingskap ontkom het (Mosis 1973:234); as 'n geloofsbelydenis dat '...Israel may yet be what it is' (De-Vries 1989a:20) of as '...through and through a theological essay...' in kontrapunt tot die DtrG (Dillard 1987:xviii).

Terwyl die KrG hom dus bedien van die struktuur van geskiedenis, het dit nie primêr die intensie om geskiedenis te skryf nie en toon dit geen besondere belangstelling vir historiese gebeure en samehange as sodanig nie. Die geskiedenis is slegs die voertuig waarin die teologiese standpunte van die Kr oorgedra word. In diens van hierdie teologiese interesse van die Kr selekteer hy uit sy **Vorlage** en ander tradisies wat hy ken, vorm die oorgeneemde materiaal om by sy behoeftes te pas en skep self as dit nodig is vir sy oogmerke. Tereg sê Braun: 'The attempt to establish or protect the reputation of the writer through tests of historical accuracy and the like are ... to be considered misguided (1986:xxiii).

Vir die historikus is die eis om die historiese betroubaarheid van die getuienis wat die Kr bied te toets nogtans onontkombaar. Vanselfsprekend doen hy dit nie om die Kr as getuie te verdedig nie, maar moet hy die getuienis beoordeel. Dit doen hy in die volle wete dat die Kr as getuie van die verlede hom nie aan die reëls wat vir die historikus geld gebonde gevoel het nie. Omdat die Kr met die bronne tot sy beskikking met groot vryheid omgegaan het, bied die KrG soms getuienis wat die gegewens van sy bron noukeurig weergee, terwyl dit soms op niks anders steun as die Kr se skeppende vermoë nie. 'n Algemene oordeel van 'betroubaar' of 'onbetroubaar' is dus nie geldend nie. Die getuienis van die Kr sal van geval tot geval beoordeel moet word (Williamson 1982:19) in die volle bewustheid daarvan dat dit vreemd aan die teks is om so met hom om te gaan (Fretheim 1983:30). Terselfdertyd sal egter in

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



berekening gehou moet word dat die gegewens waarvan die KrG in sy **Sondergut** die enigste getuie is, uit die aard van die werk wat hy geskep het, histories onder verdenking staan.

### 4.1.2 2 Kronieke 22:5-9 as deel van die Kronistiese Geskiedenis

Die berigte oor die dood van Ahasia en sy familielede in 2 Kronieke 22:5-9 staan nie onafhanklik binne die KrG nie: dit vorm deel van die Ahasiavertelling, en daarbenewens is die Ahasiavertelling op sy beurt deel van 'n groter verteleenheid. Hierdie verteleenheid beskryf die koningskap van Joram en Ahasia as 'n dieptepunt in die geskiedenis van die Dawidshuis. Teenoor die **Vorlage** toon hierdie eenheid geen besondere belangstelling in die optrede en ondergang van die huis van Agab nie. Tog is die vertelling oor Joram en Ahasia aansienlik uitgebrei teenoor dieselfde vertellings in die DtrG (Mosis 1973:178) met die Kr se eie materiaal. In die KrG neem dit ook, soos in die DtrG, 'n belangrike strategiese plek in.

Die teologie van vergelding is in die KrG 'n belangrike grondliggende en saambindende tema (Japhet 1989:165-176; Braun 1986:xxxvii-xxxix; DeVries 1989a:114). In onderskeid met die DtrG toon die KrG dat die vergelding van God nie 'n uitgestelde vergelding is nie, maar 'n onmiddellike vergelding (Dillard 1987:78). Hierdie dogma, met sy twee kante van beloning en straf, word in die vertellings oor die regering van Asa en Josafat in beide aspekte uitgebou. In die Joram-Ahasiavertellings word die klem eensydig op die onmiddellike straf van God gelê.

Dillard (1987:164-167) toon aan dat die Joram-Ahasiavertelling in bewuste kontras met die Asa-Josafatvertellings opgebou is. Beide Asa en Josafat behaal militêre suksesse: in die ooste en suide verslaan hulle formidabele teenstanders en die Filistyne en Arabiere word tribuutpligtig gemaak. Die suksesse is die resultaat van hierdie konings se volledige besef van hulle

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afhanklikheid van Jahwe. Hulle word in die KrG dan ook albei voorgestel as yweraars vir die regte kultus. Albei konings word egter ook deur Jahwe gestraf omdat hulle bondgenootskappe sluit met ander konings. Hoewel die straf van Jahwe die hele volk bedreig (2 Kron 16:10), tref dit uiteindelik tog nie die hele volk nie, maar die persoon van die koning (2 Kron 16:12) of die onderneming wat hy met sy ongewenste bondgenoot bedryf (2 Kron 20:37).

In teenstelling hiermee word Joram deur die Kr geteken as 'n koning wat die afgodsdiens daadwerklik bevorder het (2 Kron 21:10b-11), en op 'n onverskoonbare manier 'n bloedbad in die koningshuis aangerig het (2 Kron 21:4b,13b). In sy optrede vind die Kr niks goed nie, want Joram '...het die pad van die konings van Israel geloop soos die koningshuis van Agab gedoen het, want hy was getroud met 'n dogter van Agab' (2 Kron 21:6a).

Die Kr het ook nie iets goeds oor Ahasia te berig nie. Sy bloedverwantskap met die huis van Agab deur sy ma en sy naloop van die huis van Agab op haar advies (2 Kron 22:3-4) het vir hom sy ondergang bewerk. Die ondergang kom juis omdat Ahasia in 'n bondgenootskap met die huis van Agab optree (2 Kron 22:5).

Die oordeel oor die verkeerde optrede van Joram en Ahasia tref egter wyer as net die persoon van die koning of sy onderneming in bondgenootskap met 'n ander. Die straf op Joram se optrede is 'n volledige ommekeer in die verhoudinge van Juda met sy vyandige bure: in die ooste en die suide verloor Joram die stryd wat sy voorgangers gewen het, terwyl die Filistyne en Arabiere nie langer tribuut bring nie maar Juda verneder deur die koninklike skatte en harem weg te voer (Dillard 1987:164). Die dood van Ahasia bring die dinastie van Dawid tot op die rand van uitwissing (2 Kron 22:9d-10) en vir 'n kort tyd staan Juda koningloos onder die gesag van iemand uit die huis van Agab.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Joram-Ahasiavertellings word om hierdie motief van die straf van Jahwe op hulle verkeerde optredes gebou. Die bedreiging van die dinastie speel in die verteleenheid as **Leitmotiv** die deurslaggewende rol (DeVries 1989a:103-104). Dit word in die inleiding reeds aangedui (2 Kron 21:4); met die brief en die inval van die Arabiere uitgebou (2 Kron 21:14,17; 22:1); en met die dood van Ahasia tot 'n hoogtepunt gevoer '...indem sie den Tod auch noch den letzten, den Philistern und Arabern entkommenen Joramsohnes nachträgt' (Mosis 1973:179).

Die motief 'bedreiging van die dinastie' roep vanselfsprekend sy teenhanger, 'redding van die dinastie' na vore. Daarna word reeds in 2 Kronieke 21:7 verwys, terwyl die akuutheid van die bedreiging in 2 Kronieke 22:9d onder woorde gebring word om na hierdie tema wat in 22:10-23:21 verder gevoer word, 'n brug te slaan (Mosis 1973:179).

Die gesigspunt wat die Kr het op die gebeure wat hy uit die DtrG oorneem en wat hy as **Sondergut** oor die dood van Ahasia en sy familielede berig, is duidelik. Die bondgenootskap tussen Ahasia en Joram van Israel beoordeel hy negatief: dit is die resultaat van die advies wat hy van die koningshuis van Agab ontvang het. Die besoek van Ahasia by Joram van Israel is deur God beskik (2 Kron 22:7). Die besoek het juis saamgeval met Jehu se optrede om op aanwysing van God die huis van Agab uit te roei (2 Kron 22:7c) en so die straf van God te voltrek. By hierdie straf word Ahasia ingesluit. Die Kr oordeel positief oor die optrede van Jehu as die laksman van God (Minokami 1989:21), en plaas daarby die begrafnis van Ahasia onder die vrome perspektief van eerbied vir die Jahwegetroue optrede van sy oupa Josafat.

Daar is geen twyfel nie dat die Kr die berig oor die optrede van Ahasia saam met Joram van Israel sowel as die berigte oor sy besoek aan Joram en die dood van Ahasia en sy familielede in diens van sy teologiese gesigspunt geneem het. Sy aan-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bieding is duidelik nie bedoel om geskiedenis as sodanig te wees nie, maar dit is illustrasie van 'n teologiese standpunt aan die hand van die geskiedenis. Die omstelling wat hy in sy aanbieding van die geskiedenis maak, is dus nie terug te voer op 'n rekonstruksie uit 'n ander bron nie. Dit is 'n komposisionele omstelling om die tema 'bedreiging van die dinastie' tot 'n hoogtepunt te voer en die oorgang na die volgende episode in sy geskiedenis te vergemaklik (Dillard 1987:173). Die vraag of die alternatiewe gegewens wat hy bied uit 'n ander bron kom, moet egter nog aandag kry voordat 'n oordeel oor die betroubaarheid van die besonderhede in die getuienis van die KrG gevel kan word.

### 4.1.3 Onafhanklike getuienis in 2 Kronieke 22:5-9?

Die berig in 2 Kronieke 22:5-6 neem, met die uitsondering van die aanpassing van vers 5a, die berig in 2 Konings 8:28-29 woordeliks oor (DeVries 1989a:336). 2 Kronieke 22:7a, 7c-8a bied die Kr se eie gesigspunt op die gebeure en is nie uit 'n bron afkomstig nie. Die gegewens wat die KrG in 2 Kronieke 22:8b-9c bied, kan op geen manier bevredigend met die gegewens in 2 Konings 9:27-28; 10:12-14 versoen word nie (Van Selms 1947:142).

2 Kronieke 22:8b bied 'n baie verkorte weergawe van die gebeure wat in 2 Konings 10:12-14 in besonderhede vertel word. Die KrG is in sy vertelling vaag en veralgemenend; die spesifieke geografiese gegewens van die **Vorlage** word verswyg, soos ook die omstandighede waaronder die ontmoeting tussen Jehu en die verwante van Ahasia plaasgevind het. Daar is egter besonderhede waaroor die Kr breedvoeriger inligting verskaf as die Jehuvertelling: die slagoffers van Jehu se optrede is nie Ahasia se broers nie, maar '...die amptenare van Juda en die seuns van Ahasia se broers....' Hierdie persone was deel van Ahasia se gevolg, en nie 'n afsonderlike groep soos die Jehuvertelling berig nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oor die dood van Ahasia se broers het die Kr reeds 'n berig in sy geskiedenis opgeneem (2 Kron 22:1). 'n Variant van dieselfde berig gee hy ook in 2 Kronieke 21:17, waar Ahasia met die wisselnaam Joahas genoem word en die dood van die koningskinders slegs by wyse van afleiding afgelees kan word (Willi 1972:185-186). Die Kr pas in die lig van die gegewens wat hy reeds verstrek het, sy vertelling aan. Terwyl die **Vorlage** nie in 2 Konings 10:12-14 die spesifieke verband tussen Ahasia en die lede van die koningshuis in fokus plaas nie (Rudolph 1955:267 A 1), maak die Kr dit juis die fokuspunt van sy berig. Sodoende pas hy sy berig glad in in die geskiedenis wat hy reeds beskryf het.

Die dood van die leiers in Juda saam met die lede van die koningsgesin word ook in 2 Kronieke 21:4 beskryf. Dit is waarskynlik feitelik korrek dat die lede van die koningsgesin nie alleen op reis was nie. Die Kr bou egter steeds die motief 'bedreiging van die dinastie' uit, en bied daarmee sy eie verklaring vir die onregmatige troonsbestyging van Atalia. Die motief word in 2 Kronieke 21:4 en 22:8 versterk deur benewens die dood van die lede van die koningsgesin ook die dood van die leiers in Juda te vermeld. Soos die aanspraakmakers op die troon stelselmatig uitgewis is, is ook die leidende figure wat enige onregmatige greep op die troon kon verhoed, uitgeroei. Dit is minder waarskynlik dat die Kr hierdie besonderhede wat hy in die berig oor die dood van die familielede van Ahasia en die leiers van Juda vermeld uit 'n onafhanklike bron verkry het, as dat hy die berig van sy **Vorlage** aangepas het om sy eie visie op die gebeure te dien.

Die omstelling in die verloop van die gebeurtenisse in die KrG is duidelik van 'n komposisionele aard (Dillard 1987:173; Mosis 1973:179). In 2 Kronieke 22:7 berig die Kr dat Ahasia met Joram saamgetrek het teen Jehu. Die toneel in 2 Kronieke 22:8 verskuif byna terloops na die dodelike ontmoeting tussen Jehu en Ahasia se gevolg wat op die een of ander onverklaarde

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



manier sonder die koning is. Eers daarna stuur Jehu 'n soektog na Ahasia van stapel. In hierdie berig is geen aanduiding van 'n afsonderlike bron wat kennis van 'n latere optrede deur Ahasia dra nie (teenoor Minokami 1989:88-89).

Die gegewens wat die Kr bied ten opsigte van die dood en begrafnis van Ahasia verskil drasties van die gegewens in Konings. Ahasia vlug na Samaria, nie in die rigting van Megiddo nie; hy word nie in sy vlug gewond en sterf later aan sy wonde nie, maar word gevang terwyl hy wegkruip, na Jehu toe gebring en gedood; die besonderhede oor sy begrafnis in Jerusalem word verswyg en vervang en met 'n verwysing na die vrome optrede van sy oupa.

Die waarskynlikheid dat die Kr hierdie gegewens wat hy verstrek uit 'n variante bron verkry het (DeVries 1989a:337; Smit 1966:173-177), is uiters gering. Die KrG volg die sterwensnota of doodsberig van sy **Vorlage** in elf gevalle. In vier gevalle bring hy sy eie gegewens na vore (Joram, Ahasia, Joas, Josia) en in twee gevalle verswyg hy die sterwensnota (Joahas, Jojakim). Die begrafnisformule van die konings voor Hiskia word in drie gevalle woordeliks deur die KrG weergegee (Abia, Josafat, Amasia); in vier gevalle uitgebrei (Asa, Joram, Joas, Agas); in twee gevalle sonder die element 'begrawe by sy vaders' oorgelewer (Rehabeam, Jotam); en slegs in die enkele geval van Ahasia sterk ingekort en van 'n motivering voorsien. Vanaf Hiskia volg die KrG nie die **Vorlage** nie: by Hiskia en Josia word die gegewens van die **Vorlage** uitgebrei; by Manasse word dit ingekort en by Amon heeltemal verswyg. 'n Deursigtelike skema waarvolgens die Kr optree, kan nie uit hierdie wysigings aangetoon word nie (Smit 1966:173-177).

Dit val nietemin op dat die KrG slegs ten opsigte van Ahasia, Manasse en Amon wesenlike inkortings in die gegewens van die **Vorlage** maak. In die groot meerderheid van gevalle waar hy van sy **Vorlage** verskil, brei hy op die **Vorlage** uit. Hierdie

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inkortings kom in beide die sterwensberig en die begrafnisnota van Ahasia voor. Die effek daarvan is dat hy die sterwensberig en betrafnisnota van sy **Vorlage** by Ahasia minder presies en gedetailleerd maak, terwyl hy elders juis meer presiese besonderhede verstrek.

Die beskrywing wat die DtrG bied van die dood en begrafnis van Ahasia en Josia vertoon merkwaardige ooreenkomste. Albei sterf in Megiddo; albei word deur hulle dienaars na Jerusalem vervoer en albei word begrawe **biqbūrātō**. Hierdie uitdrukking vir die begraafplek van die koning kom nog slegs by die begrafnisnota van Amon in 2 Konings 21:26 voor.

Die doodsberig van Josia in die beskrywing wat die Kr gee, is doelbewus anders geformuleer as die berig in Konings. In die KrG word 'n onderskeid in die manier waarop Agab en Josia, en Ahasia en Josia, aan hulle einde gekom het om teologiese redes noodsaaklik en in die herformulering aangedui (Dillard 1987: 292; DeVries 1989a:418). Die weglating van die begrafnisformule vir Amon en die wysiging daarvan vir Ahasia maak enige moontlike assosiasie tussen hierdie goddelose konings en die vrome Josia onmoontlik (Mosis 1973:194-200).

Hierdie kontras word versterk deur Ahasia se dood in die hande van die laksman van Jahwe en in die stad wat sy ondergang bring te plaas. Op 'n analoë manier word die sterwensberig van Jojakim in die DtrG deur die Kr vervang met 'n berig oor sy wegvoering na Babel (2 Kron 36:6; vgl Dillard 1987:173). Die KrG se tema van die onmiddelikke vergelding van Jahwe word langs hierdie weg onderstreep.

Die oorname van die berigte in 2 Kronieke 22:5-9 uit ander bronne as die DtrG in die besondere vorm wat dit aan die Kr bekend was, is dus onwaarskynlik. Williamson (1982:312) merk tereg op:

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> We may suggest rather that the Chronicler presupposed knowledge of the earlier story by his readers, ... and therefore could expect them to read his version not as an alternative historical account but as a theological commentary on the original story which drew out his perception of the outworkings of God's retributive justice.

### 4.2. **Die getuienis van Hosea 1:4**

Getuienis oor die koningskap van Jehu word afgelei uit die verwysing na die bloedbad in Jisreël in Hosea 1:4. Die verwysing motiveer 'n oordeelswoord van Jahwe. Die oordeelswoord vorm deel van 'n groter eenheid, Hosea 1:2b-9 (Breytenbach 1979:5-13). Hierdie eenheid is nie 'n geskiedenis nie, maar 'n profetiese oordeelsvertelling (Mey 1987:27).

Daar bestaan eenstemmigheid onder geleerdes dat Hosea 1:2b-9 nie deel van die oorspronklike Hoseawoorde is nie, maar deur 'n redakteur geformuleer en aan die Hoseawoorde toegevoeg is (Wolff 1965:11; Breytenbach 1979:373; Yee 1987:1-25, 127-128). Die redakteur het intieme kennis van Hosea se optrede gehad, na aan Hosea gestaan en sy werk kontemporêr met of baie kort na die optrede van Hosea verrig (Wolff 1965:11; Utzschneider 1980:80). In hierdie Jahwewoord word dan 'n visie op die koningskap weerspieël wat reeds tydens die regering van die Jehudinastie gangbaar was.

Hierdie visie staan '...ganz in die Sphäre des **rīb** zwischen Jahwe und seinem Volk....' (Utzschneider 1980:62). In die naam van Hosea se oudste kind, Jisreël, word die motivering vir die breuk tussen Jahwe en die koningshuis aangedui. Die heersende dinastie (Utzschneider 1980:62) staan onder die oordeel van Jahwe op grond van die strafbare optrede van die dinastie. Hierdie strafbare optrede is onder die slagwoord 'Jisreël' vir Hosea se hoorders begryplik.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die meeste ondersoekers aanvaar dat daar met **'d$^{e}$mē yizr$^{ec}$ē'l** na die optrede van Jehu tydens sy magsoorname verwys word (vgl die literatuur by Utzschneider 1980:72 A 1; Breytenbach 1979: 9-13; Mey 1987:73). Die identifikasie van die bloedbad waarna Hosea 1:4 verwys met die optrede van Jehu, soos dit in 2 Konings 9-10 beskryf word, is egter nie sonder aansienlike probleme nie (Utzschneider 1980:72-73):

* Die Jehuvertelling beperk nie die bloedige optrede van Jehu tot Jisreël nie. Slegs drie bloedige dade van Jehu in Jisreël word vermeld: die dood van Joram, Isebel en die lede van die koningshuis van Agab wat in Jisreël was.

* Die optrede van Jehu teen die persone wat in Jisreël omgebring is, kan moeilik as 'n algemene en bekende verwyt van besonder bloedige optrede teen die dinastie en dinastiestigter verstaan word. Die optrede teen Ahasia, sy twee-en-veertig familielede en teen die sewentig prinse uit die koningshuis van Agab kom eerder daarvoor in aanmerking. Hierdie bloedige dade het egter nie in Jisreël plaasgevind nie.

* Die Jehuvertelling staan positief teenoor die optrede van Jehu. Sy aanwysing as koning word gelegitimeer deur dit juis aan die profete se optrede te verbind. Daarbenewens is Jehu aangewys as voltrekker van Jahwe se oordeel oor die valse godsdiens wat deur Isebel bedryf is in die koningshuis van Agab.

* Hosea 1:4 verwyt nie die persoon van Jehu vir die bloedbad wat hy aangerig het nie, maar smeer dit op die brood van die dinastie van Jehu.

* Tussen die optrede van Jehu en die oordeelswoord van Hosea het 'n periode van 'n eeu of meer verloop waarin die dinastie geregeer het.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verskillende pogings is aangewend om hierdie spanning tussen Hosea 1:4 en die Jehuvertelling te verklaar. Utzschneider (1980:73-80) oordeel op voetspoor van A Caquot dat die oordeelswoord in Hos 1:4 'n **vaticinium ex eventu** is. Die regeringsoorname van vier van die laaste vyf konings in Israel het by wyse van bloedige staatsgrepe plaasgevind. Die slagwoord 'Jisreël', in die spanning waarin dit in Hosea 1:4 teenoor 2:2 (1:11 Afrikaanse vertaling) staan, '...wäre damit ... der Symbolname für die Herrschaftsordnung Israels hinsichtlich ihres tiefsten Scheiterns aber auch hinsichtlich einer kommenden glanzvollen Restitution' (Utzschneider 1980:80). Die bloedbad in Jisreël verwys dan nie na die optrede van Jehu nie, maar na die voortgaande magstryd en sy bloedige resultate teen die einde van die bewindsperiode van die Jehudinastie en die onmiddellik daaropvolgende periode. Die oordeel raak ook nie net die dinastie van Jehu nie, maar die koningskap as instituut in sy geheel.

Wolff bied 'n minder drastiese verklaring vir die spanning tussen Hosea 1:4 en 2 Konings 9-10 (1965:19). Volgens hom toon die vroegste Hoseatradisie nog geen verbintenis met die negende-eeuse profetetradisies nie en stel Hosea 1:4 'n nuwe, onafhanklike woord daar. 'n Derde verklaringsvoorstel is dat die oordeel van Hosea deur 'n meer verfynde etiese oordeel as dié van sy voorgangers in die voorafgaande eeu bepaal is (Utzschneider 1980:73 A 4).

Dit is duidelik dat Hosea 1:4 nie noodwendig op die Jehuvertelling teruggryp nie. Daar kan geen literêre afhanklikheid aangewys word nie; die beoordeling van die dinastie gaan nie op dieselfde denkrigting terug nie; en die gebeure wat in Hosea 1:4 geïmpliseer word, word nie vanselfsprekend in die Jehuvertelling weergegee nie. Terwyl dit moontlik is dat die getuienis in Hosea 1:4 op 'n ander, onafhanklike tradisie teruggaan, is die historiese waarde van die getuienis geleë in die aanduiding wat dit gee van die beoordeling van die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



koningskap as instituut in die profetekring om Hosea. Betroubare inligting oor die optrede van Jehu is nie hierin opgesluit nie.

## 4.3 Konklusie

Die getuienis wat in die Ou Testament buite Konings aangebied word oor die koningskap van Jehu, bring geen nuwe en betroubaarder inligting aan die lig as die Jehuvertelling nie. Die KrG stut op die Jehuvertelling as bron en pas die getuienis uit die vertelling by sy eie rekonstruksie aan. Die getuienis in Hosea 1:4 bied hoogstens 'n waarde-oordeel uit 'n veel later periode. Dit gee geen spesifieke inligting wat die getuienis van die Jehuvertelling bevestig of ontken nie, behalwe in 'n algemene en afgeleide sin.

Vir 'n verantwoorde rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu moet daar dus verder gesoek word na onafhanklike en meer betroubare getuienis as wat in die Ou Testament gebied word.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 5

## DIE GETUIENIS UIT DIE ASSIRIESE INSKRIPSIES

Die Neo-Assiriese Ryk (Saggs 1984:70-85) het gedurende die bewind van Salmaneser III (585-824 v C) sy magsfeer uitgebrei om ook Israel in te sluit (Green 1979:35-39). Van hierdie kontak tussen Assirië en Israel, met sy bloedige aanvang, gee die Ou Testament geen getuienis nie. Die koningsinskripsies van Salmaneser III getuig egter by herhaling daarvan. Hierdie inskripsies lewer die enigste getuienis buite die Ou Testament oor Jehu en sy optrede as koning.

Die Assiriese getuienis oor Jehu word in vier afsonderlike tekste in die koningsinskripsies van Salmaneser III aangetref. Die Swart Obelisk (Luckenbill 1926:200-211; die jongste literatuuropsig by Borger 1982:362); die marmerblad uit Fuad Safar (Michel 1954:27-45; literatuuroorsig by Borger 1982: 366); die Kurba'ilbeeld (Kinnier-Wilson 1962:108-111; literatuuroorsig by Schramm 1973:78) en die annalefragment III R 5/6 (Luckenbill 1926:243; literatuuroorsig by Borger 1982:365) getuig almal oor slegs een gebeurtenis: die tribuutlewering van Jehu aan Salmaneser III. In die tekste word Jehu drie keer as **Ia-ú-a** en een keer as **Ia-a-ú** aangedui en van die patroniem **mār Ḫumrī** voorsien (Weippert 1978:113-118).

### 5.1 Die betroubaarheid van die Assiriese getuienis

Die betroubaarheid van die Assiriese getuienis staan nie by voorbaat vas nie. Die oordeel oor die Assiriese koningsinskripsies as historiese bron loop uiteen. Brinkman (1968:3-4) beoordeel dit oor die algemeen as betroubaar, en sien dit as '... primary documentation, i.e., contemporary recording of events; ... comprised of original documents written down at the same time as or soon after the events they describe in the guise of reliable witnesses'.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oppenheim (1965:144-153) toon aan die ander kant 'n akute bewustheid van die eie aard en intensie van die koningsinskripsies as literêre produkte (vgl Younger 1990:55-58). Dit lei Oppenheim tot die gevolgtrekking:

> ...references to literary **topoi**, historical facts, and historical situations are so densely interwoven that the historian is not only faced with philological difficulties but also with far more complex problems of style and literary influence as they mold and distort the report for specific purposes. All this in no way precludes that at times a serious artistic interest expresses itself in the presentation of the realities ('mimesis') of a scene or a setting, of the acts of men and their reactions and emotions (1965:152-153).

Die literêre, teologiese en kulturele konvensies wat in die koningsinskripsies weerspieël word (Oppenheim 1965:148-153; Saggs 1984:271-273), verraai reeds dat daar in hierdie tekste nie primêr belanggestel word in die geskiedenis as sodanig nie. Die intensie van die koningsinskripsies is ook nie geskiedskrywing nie. Hierdie tekste is in wese wydingstekste wat dikwels vir die openbare oog ontoeganglik was en waarin die koning se optrede as regeerder onder die oë van die gode geplaas is (Oppenheim 1965:146-148; Saggs 1984:271). Die groot dade van die koning, wat hy tot meerdere verheerliking van Assur gedoen het (Saggs 1984:247), is in die vorm van 'n roemkroniek palū vir palū opgeteken (kyk Schramm 1973:81-87 vir uitsonderings).

Met hierdie inskripsies dien die histories geklede relaas die gangbare ideologie van die Assiriese koningskap:

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> The monotonous iteration of the typical syntagms instilled in the ancient public a sense of forced anticipation of the obvious outcome of the event itself; and hence, of the relentless efficiency of the Assyrian king both in its operative aspects ... and in its institutional implications.
>
> The real sense of a campaign is to be found in its desire for the restoration of order. The enemy has brought about disorder and chaos, and the Assyrian king must reinstate order, righteousness and life. The decisive moment, therefore, is set in ... the submission of all the surrounding minor political centers to the Assyrian king (Younger 1990:123).

Dit is waarskynlik dat die koningsinskripsies die eponiemlyste as bron benut het by die opstel van die koninklike roemkronieke. Die styl en ideologie van die inskripsies het meegebring dat belangrike data uit die eponiemlyste verswyg word; dat die chronologiese orde verwring word en dat gebeure soms saamgesmelt word (Reade 1978:251-260). Dieselfde oorwegings verklaar ook die uiterste eensydigheid waarmee gebeure in die koningsinskripsies aangebied word (Saggs 1984:272): in die katalogus van groot dade neem die koning van Assirië 'n allesoorheersende plek in; verliese en nederlae wat hy gely het, bly onvermeld; sy oorwinnings word algaande steeds roemryker; en sy teenstanders word in skerp kontras met sy optrede geteken. Afgesien van die beperking wat fisiese ruimte plaas op die inskripsies se moontlikhede om historiese samehange aan te dui, is dit in die lig van die ideologie van die inskripsies by voorbaat onnodig.

Terwyl die koningsinskripsies **as rekonstruksie van die geskiedenis** nie as betroubare bron in aanmerking kan kom nie, is die data wat dit bevat nie tegelyk ook as onbetroubaar te beoordeel nie. Die inskripsies is meestal getuies na aan die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebeure wat beskryf word; daarby moet 'n sekere mate van reserwe in die aanbieding van die gebeure voor die gode veronderstel word. Dit is nie goed voorstelbaar dat daar in die inskripsies doelbewus gebeure vervals sou word nie. In baie gevalle kan die gebeure wat in die koningsinskripsies vermeld word, uit die eponiemlyste bevestig word, selfs waar van die detail van die inskripsies onder verdenking bly (Reade 1978:251-260).

## 5.2 Die getuienis oor Jehu in die inskripsies van Salmaneser III

Schramm (1973:70-81) verdeel die inskripsies van Salmaneser III in ses onderskeibare resensies. In elk van hierdie resensies word 'n basisteks met een of meer variante saamgegroepeer. Die vier verskillende inskripsies wat oor die tribuutlewering van Jehu in die agtiende jaar van Salmaneser III handel, is oor drie resensies versprei. Die fragment III R 5/6 hoort by die resensie wat 'n weergawe van gebeure tot die agtiende jaar van Salmaneser III se regering gee (resensie D). Die inskripsies uit Kurba'il en Fuad Safar hoort by 'n latere resensie (E - tot jaar 20), terwyl die Swart Obelisk deel van die jongste resensie uitmaak (F - tot jaar 31).

Die mees gedetailleerde inligting oor die tribuutbetaling van **Ia-ú-a mār Ḫumrî** word in die reliëf en die gepaardgaande inskripsie op die Swart Obelisk gegee: behalwe die afbeelding van die tribuutbringer wat dalk Jehu kan wees (Barnett 1977: 51; Smith 1977:71-105), word die omvang en aard van die tribuut opgenoem (Pritchard 1974:281). Die historiese konteks van die gebeure wat tot die tribuutlewering gelei het, kom egter nie in die inskripsie op die Swart Obelisk ter sprake nie. Daaroor lig die fragment III R 5/6 ons beter in. Tydens die veldtog van Salmaneser III in sy agtiende jaar (841 v C) het hy Damaskus beleër, sy veldtog tot by die berge van **Ba'li-Ra'si** gevoer en tribuut ontvang van die inwoners van Tirus, Sidon en van **Ia-ú-a mār Ḫumrî**.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die identifikasie van Jehu met die **Ia-ú-a/Ia-a-ú** van die Assiriese inskripsies is deur McCarter (1974:5-7) bevraagteken. Op grond van drie argumente stel hy 'n identifikasie met Joram, Jehu se voorganger, voor: **Ia-ú-a/Ia-a-ú** stel slegs die teofore element **yaw** daar, en kan dus óf **yaw-ram** óf **yaw-hu'** gelees word; die chronologie van Kon klop nie met 'n troonbestyging van Jehu voor 839 v C nie; die patroniem **mār Ḫumrī** pas eerder by Joram as by Jehu.

Hierdie voorstel van McCarter het sterk teenkanting ontlok (Thiele 1976:19-23; Weippert 1978:113-118; Halpern 1987:81-85; Younger 1990:106 n 83). Die filologiese argument dat **Ia-ú-a/ Ia-a-ú** slegs as teofore element gelees moet word, is grondig deur Weippert (1978:113-118) en Shea (1978:111 n 37) weerlê; terwyl veral Thiele aangetoon het dat Jehu se troonbestyging in 841 v C met die chronologie van Konings gerym kan word (Thiele 1976:19-23). Die patroniem by Jehu is nie vreemd in die mond van die Assiriese skrywer nie (Weippert 1978:113-118), en kan nie op sigself dien om die identifikasie van **Ia-ú-a/Ia-a-ú** met Jehu op losse skroewe te stel nie.

Die getuienis dat Jehu in die agtiende jaar van Salmaneser III aan die Assiriese koning tribuut gebring het, kan dus as histories betroubaar aanvaar word. Uit die Assiriese getuienis word daarmee 'n vaste chronologiese punt in die regering van Jehu verkry (Jepsen 1941/4:64-70), wat in die getuienis van die Ou Testament ontbreek. Daarbenewens gee die getuienis inligting oor die verhoudinge tussen Assirië en Israel (Green 1979:35-39) en Israel en Damaskus (Jepsen 1941/4a:153-172), wat die getuienis van die Ou Testament verswyg.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 6

## AGTERGRONDGETUIENIS OOR DIE KONINGSKAP VAN JEHU

Die getuienis van die dokumente uit die Ou Testament en Assirië bied nie aan die historikus voldoende betroubare data vir 'n verantwoorde rekonstruksie van die koningskap van Jehu nie. Die data is nie slegs onvoldoende nie, maar is ook ideologies sterk gekleurd en eensydig aangebied en verwring tot hoë mate die historiese samehange. Die historikus word gevolglik verplig om hom te wend tot die omstandigheidsgetuienis wat die totale omgewing belig waarin Jehu se koningskap hom afgespeel het. Hierdie getuienis word gelewer deur die interdissiplinêre 'nuwe argeologie' (Dever 1981:15-29), waarin alle moontlike insigte byeengebring word om 'n totale samelewingsbeeld te skep.

Dit spreek vanself dat hierdie getuienis onontbeerlike perspektiewe open op die geskiedenis van Jehu. Dit vul nie slegs die getuienis van die dokumentêre bronne aan nie, maar speel tegelyk 'n belangrike kontrolerende en korrigerende rol in die rekonstruksie van die geskiedenis. Tog is hierdie getuienis nie sonder meer die sleutel wat die geheimenisse van die geskiedenis van Jehu kan oopsluit nie. Verskeie faktore maak dit gebiedend noodsaaklik om die getuienis wat uit hierdie oord gelewer word, met die allergrootste omsigtigheid te gebruik. Hierdie faktore beperk die betroubaarheid en bruikbaarheid van die getuienis vir die historikus.

In die eerste plek rus die getuienis op die smal basis van dokumente uit die verlede. Historiografie wat die politieke omgewing belig waarin Jehu optree, kan geen nuwe data oor die koningskap van Jehu as sodanig na vore bring nie. Dit kan die politieke gebeure en klimaat voor en na Jehu se bewind in Israel self toelig, en ook selfs die politiek by Israel se

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bure tydens sy bewind belig. Hierdie getuienis staan egter op geen ander basis nie as dié van die hoofsaaklik dokumentêre getuienis uit daardie tyd.

Ten spyte van die omvang wat die wetenskaplike arbeid op die terrein van die sosiologiese en antropologiese navorsing aanneem, kan dié wetenskappe ook nie nuwe data ten opsigte van die verlede waarin Jehu geleef het, skep nie (Rogerson 1989: 17-37). Die getuienis wat hierdie wetenskappe oor die omgewing waarin Jehu koning was, lewer, is die resultaat van vergelykende studies. Die een been van die vergelyking bestaan uit die data wat hedendaagse veldwerk oplewer. Die ander been bestaan uit die data wat uit die verlede beskikbaar is. Die data uit die verlede kan egter nie anders gelewer word as om dit uit die getuienis oor die verlede, hoofsaaklik afkomstig van die dokumente van die verlede, af te lees nie.

Argeologiese veldwerk lewer 'n byna onoorsigtelike stroom data op (vgl Dever 1990; Weippert 1988). Hierdie data gee 'n blik op die **in situ** gestolde verlede (Dever 1990:11), maar is op sigself nog nie bruikbare historiese getuienis nie. Eers in die interpretasie van hierdie data word dit tot historiese getuienis - en hierdie interpretasie vind nie los van die tekste uit die verlede plaas nie (Dever 1990:1-36; Gottwald 1985:34-46).

Sonder tekste wat betroubare getuienis oor die sosiale of ekonomiese of etnologiese of ander ter sake samehange bied, kan die omgewing waarin 'n spesifieke historiese gegewene in sy samehange ondersoek word, nie bevredigend gerekonstrueer word nie. Die argeoloog of die etnoloog kan immers net so min as die historikus die leemtes vul en die getuienis betroubaar maak (Carroll 1989:209).

'n Tweede beperkende faktor op die betroubaarheid en bruikbaarheid van die getuienis oor die omgewing waarin die koningskap van Jehu geplaas word, hang saam met die aard van die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



getuienis as rekonstruksie. Dit hou ten minste in dat die rekonstruksie wat gebied word, die eie gesigspunt van die wetenskaplike weerspieël. Onderliggend aan die rekonstruksie lê daar bepaalde teoretiese vertrekpunte. Die vertrekpunte, in soverre dit die rekonstruksie van die omgewing waarin die geskiedenis van Jehu afspeel, raak, kom uit die verskillende domeine wat deur die onderskeie vakgebiede bestryk word. Enersyds is daar onderliggend aan elke rekonstruksie 'n literêre vertrekpunt, waardeur die oordeel oor die betroubaarheid van die teksgetuienis wat in die rekonstruksie benut word, bepalend beïnvloed word (Lemche 1985:377-385). Andersyds is daar die vertrekpunte van die besondere vakwetenskap ter sprake, wat die interpretasie van die data in die rekonstruksie eweseer bepalend beïnvloed. Die vloeibaarheid in die vertrekpunte en die metodologiese besinning oor teorievorming in hierdie vakwetenskappe word dikwels in die rekonstruksie van die Bybelse wêreld verontagsaam of nie verdiskonteer nie (Rogerson 1989:17-37; Mayes 1989:39-63). Die resultaat is soms 'n onwettige betekenisoordrag (illegitimate transfer of meaning) (Carroll 1989:207) en die verheffing van vertrekpunte tot konklusies (Herion 1986:3-33).

'n Derde beperkende faktor lê in die intensie van hierdie getuienis. Die rekonstruksie wat gedoen word op grond van die studie van materiële reste, gewoontes en gebruike, klimaatspatrone, samelewingstrukture, ensovoorts wil die totale omgewing belig waarin tekste met hulle teksgetuienis gesitueer is. Dikwels dra hierdie studies wesenlik by tot die verstaan van voorheen duister besonderhede in die tekste (Dever 1990: 32-34). Nogtans lewer hierdie studies nie primêr getuienis oor spesifieke historiese gebeure of samehange nie (Lemche 1988:73). Persone, partye, motiewe, ideologieë en gebeurtenisse is vir die historikus egter van belang juis in soverre dit spesifiek getuig van betekenisvolle menslike aktiwiteite binne gegewe, spesifieke omstandighede. Die omstandigheidsgetuienis wat uit die rekonstruksie van die totale omgewing na

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vore kom, stel die historikus in staat om historiese rekonstruksies te toets, maar nie om spesifieke teksgetuienis finaal te beoordeel nie.

Hierdie beperkende invloed word versterk deur die diskrepansie in tydsverloop tussen veranderinge in omgewingsfaktore en die neerslag van die veranderinge in die data waarop sosiaalwetenskaplike rekonstruksies rus. Samelewings verander nie op dieselfde manier as die politiek in 'n oogwink nie; en selfs ingrypende tegnologiese of demografiese verstellings vind nie plotseling 'n wye neerslag nie (Lemche 1988:153-154). 'Nur selten verlaufen politische und kulturelle Entwicklungen synchron: Könige kommen, Könige gehen, aber die Kochtöpfe bleiben' (Weippert 1988:352).

## 6.1 **Israel tydens die bewind van Jehu: 'n profiel**

Die dokumentêre getuienis oor die koningskap van Jehu skep 'n eensydige elitistiese beeld van die wêreld waarin Jehu tuis was. In sowel die Bybelse as die buite-Bybelse dokumente is die fokus skerp op die persoon en rol van die koning. Die plek en die rol van die amptenary, priesterdom, leiersfigure uit ander sfere van die samelewing en die bevolking in geheel kom óf glad nie, óf bloot terloops ter sprake. Die struktuur van die gemeenskap, spanninge en partyskappe, demografiese verspreiding en etniese samestelling, buitelandse invloede en ekonomiese omstandighede wat meegewerk het tot sy staatsgreep en wat sy bewind beïnvloed het, bly volledig buite die gesigsveld van die dokumentêre getuienis oor Jehu.

Dit spreek vanself dat Jehu nie in 'n wêreld geleef het waarin die geskiedenis deur konings gemaak is terwyl alle ander mense slegs soos skimme in die agtergrond beweeg het nie. Die getuienis oor die totale omgewing waarin Jehu as koning geregeer het, vul die getuienis uit die dokumentêre bronne aan en maak dit moontlik om die legkaart van die geskiedenis verder te bou.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit val egter buite die bestek van hierdie studie om al die aspekte van die totale leefwêreld van Israel in die derde kwart van die negende eeu v C in detail te beskryf. Daar kan ook nie hier 'n volledige oorsig en kritiese evaluasie gegee word van die verskillende rekonstruksies deur geleerdes van hierdie leefwêreld, wat oor die afgelope eeu of meer gedoen is nie. Die **Forschungsgeschichte** oor hierdie periode en die uiteenlopende premisses in die **Forschungsgeschichte** verdien 'n monografie op sy eie (Whitelam 1989:122-127). Daar word dus in 'n profielskets volstaan met 'n beknopte oorsig oor die belangrikste aspekte van die omgewing wat die interpretasie van die dokumentêre getuienis bepalend beïnvloed.

Die Jehuvertelling propageer die magsgreep van Jehu as 'n ingrype deur Jahwe om die versteurende werking van Isebel se religieuse praktyke tot 'n einde te bring. Hoewel die staatsgreep uit die geledere van die militêre elite geloods is, het dit wye steun gekry: die profetekring van Elisa was daarby betrokke; lede van die koninklike hofhouding het daaraan meegedoen; die vertroueling e van die paleis in Samaria het geen weerstand daarteen gebied nie; die enigmatiese persoon Jonadab het daarby ingeval; en die magsoorname het sonder enige noemenswaardige teenstand verloop. Die aandeel van die breë bevolking kom egter slegs ter sprake in 'n erkenning van Jehu dat hulle nie daaraan aandadig was dat die hofhouding van Joram uitgeroei is nie.

Whitelam (1989:121) identifiseer die twee belangrikste bronne van teenstand teen die koningskap as '...groups and individuals who had the most to lose from the structural transformations' en '...the endemic struggle for power among the urban elite'. Dit kan **mutatis mutandis** ook toegepas word op die verset teen die bewind van Joram wat uitgeloop het op die magsgreep van Jehu. Twee vrae moet dan beantwoord word: Watter groepe of individue se belange is bedreig deur die beleid wat Joram gevolg het? en: Hoe wyd het Jehu se magsgreep steun geniet onder die bevolking?

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die tradisionele rekonstruksies van die geskiedenis van Jehu neem as uitgangspunt die konflik tussen die Jahwisme en die Baälisme waarop die Jehuvertelling dui (Bright 1970:225-232; Hermann 1973:273-277; Donner 1986:263-274). Die religieuse konflik word aangebied as die flitspunt van 'n dieperliggende verdeling in die gemeenskap: die verdeling tussen Israeliete en Kanaäniete (Jaroš 1979:24-39; Deist & Le Roux 1987:65-68). Onderliggend aan die staatsgreep van Jehu lê daar, volgens hierdie beskouing, die bevordering van die Kanaänitiese kultuur, politiek, ekonomie en religie ten koste van die tradisioneel Israelitiese deur die Omriede.

> Mit der Dynastie Omris endet 845 v. Chr. die hohe phönikisch-kanaanäische Kultur Samarias. Die Betonung des Kanaanäischen und die Unterbewertung des Israelitischen durch die Omriden musste neben den prophetischen Widerstand auch den politischen herausfordern (Jaroš 1979:35).

> ... dit was die uiteinde van die apartheidspolitiek van die Omriede: hulle moes - om die vrede te bewaar - nou spesiale aandag gee aan die sterk Kanaänitiese element wat nog al die tyd aan die kortste ent getrek het en in dié proses kant kies tussen die twee bevolkingsgroepe. Tussen Samaria en Jisreël het hulle ook deurgeval: één grondgebied, maar twee 'regerings' is nou eenmaal nie goeie politieke beleid nie.

> En daarom was dit polities voordeliger om versigtig te werk met dié mense wat internasionale betrekkinge kon vertroebel: die Kanaäniete, wat nou onder die persoonlike beskerming van die koningin gestaan het! Isébel het haarself bewys as 'n vurige kampvegter vir die Kanaänitiese kultuur en godsdiens. Só 'n eensydige politiek moes eenvoudig weer op 'n konfrontasie afstuur (Deist 1975:57-58).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie tradisionele rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu, waarin die Israelitiese deel van die bevolking bedreig is en Jehu, as kampvegter van hulle belange, steun uit die geledere van die Israeliete ontvang het, rus egter op die fondament van '...questionable assumptions about the nature of early Israel' (Whitelam 1989:126). Die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel in die Ou Testament self gaan van twee veronderstellings uit wat die rekonstruksie bepaal. Enersyds word die klem geplaas op die oorsprong van Israel buite Kanaän. Van buite af het die Israeliete die land beset. Andersyds word die klem gelê op die eenheid van Israel as religieuse, Jahweverbonde gemeenskap reeds voor die besetting van Kanaän. As identifiseerbare, eiesoortige eenheid het Israel teenoor die inheemse inwoners van die land gestaan en moes hierdie eiesoortigheid handhaaf.

Die wetenskaplike rekonstruksies waarin die binnekoms van Israel van buite Kanaän óf deur 'n snelle verowering óf deur 'n langsame, hoofsaaklik vreedsame proses van nedersetting verdiskonteer is, is veral deur die werk van Mendenhall en Gottwald ernstig ondermyn. Die rekonstruksie van die geskiedenis waarin die eenheid van Israel met behulp van die amfiktioniehipotese van Noth 'n vername rol gespeel het, is reeds geruime tyd agterhaal. Daarmee saam het die klem op die unieke Israelitiese kultuurgoed wat die oorgang tussen die Laat Bronstyd en Ystertyd I met behulp van die invloed van 'n nuwe etniese groep verklaar het, plek gemaak vir 'n argeologies meer verantwoorde klem op die kontinuïteit tussen hierdie periodes. 'It must be stressed that in the light of archeology today, it is the Late Bronze-Iron I continuity in material culture - not the discontinuity - that is striking, the more so as research progresses (Dever 1990:79).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die rekonstruksie wat die Ou Testament bied van die oorspronge van Israel, is daarmee grootliks verlaat in die moderne wetenskaplike rekonstruksies van die geskiedenis. Nogtans word daar in hierdie rekonstruksies steeds vasgehou aan die vertrekpunt dat Israel voor die staatsvorming tydens die monargie reeds 'n identifiseerbare en eiesoortige eenheid gevorm het. De Geus (1976:156-164) beskryf dit as 'n etniese eenheid; Mendenhall (1973:224) vind die eenheid in die verbondenheid aan die radikaal nuwe religieuse en politieke ideologie van Jahwisme; Gottwald (1979:611) in die sosio-ekonomiese egalitaristiese strewe van die deelnemers aan die 'peasants' revolt' wat die Jahwisme as simbool van die sosiale revolusie geneem het. Dever sien selfs as die bydrae van die argeologie om aandag te gee aan '...a more empirical material basis on which we can at least begin to distinguish Israelite "ethnicity" - not the least characteristic of which was a distinctive religious consciousness and cult' (1987: 236).

Hierdie basisaanname dat Israel reeds in voor-monargale tyd 'n identifiseerbare eenheid gevorm het, wat in die monargale periode 'n stryd om die beskerming van daardie identiteit moes voer, is deur 'n aantal geleerdes bevraagteken op grond van die data wat die vergelykende studies aan die lig gebring het (Lemche 1985; 1988; Coote & Whitelam 1987). Veral Lemche (1985:377-385) het ernstige kritiek ingebring teen die wyse waarop die getuienis van die Ou-Testamentiese tekste in hierdie aanname en die daarop gebaseerde rekonstruksies aangeword word. Lemche steun sterk op Van Seters (1975; 1983) en beskou die Ou-Testamentiese getuienis oor die voor-monargale periode as '...originally independent legends which were first inserted into a historical frameword and chronology by a redactor (be he Deuteronomistic or pre-Deuteronomistic)'

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(1985:379). Uit hierdie getuienis is dit gevolglik onmoontlik om betroubare inligting te bekom vir die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel voor die monargie (Lemche 1985:377385).

Lemche rekonstrueer die Israelitiese gemeenskap voor die monargie dan op grond van die data wat die vergelykende studies bied en kom by 'n nuwe model om die oorsprong van Israel mee te beskryf: 'evolutionary Israel'. Die model verdiskonteer die kontinuïteit wat tussen die Laat Brons- en Ystertyd I bestaan sonder om terug te val op die aanname van die invloei van 'n nuwe etniese groep; dit open perspektiewe op die ingewikkelde en komplekse wisselwerking tussen talle verskillende faktore wat tot staatsvorming in Israel gelei het (Whitelam 1989:119-139); en dit verreken die komplekse redaksiegeskiedenis van die Ou Testamentiese literatuur.

Terselfdertyd bring hierdie visie op die oorsprong van Israel die Israeliete volledig terug in die wes-Semitiese kultuurwêreld.

> During the period of the monarchy an impartial observer would scarcely have noted any differences between the states of Israel or Judah and any of the other kingdoms in die region, such as Moab, Ammon, or the Aramaic petty-states in Syria (Lemche 1988:256).

Die resultate van die 'nuwe argeologie' ondersteun die visie op Israel as deel van die wes-Semitiese wêreld. Ook in historiese perspektief is Israel nie 'n vreemdeling in daardie wêreld wat konfronterend sy eie identiteit moes handhaaf nie, maar deel hy in die ontwikkelingsgang wat dit kenmerk.

Die Ystertyd word deur twee kenmerke onderskei van die voorafgaande Laat Bronstyd en die daaropvolgende Babilonies-Persiese tyd (Weippert 1988:352-355). Die eerste kenmerk is suiwer

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vanuit die argeologie aan te wys. 'n Proses van ontstedeliking dui die oorgang tussen die Laat Brons- en die Ystertyd aan. Die proses het 'n veranderde bewoningsprofiel van Sirië-Palestina tot gevolg gehad. 'Der ländlich-dörfliche Character, der den ersten eisenzeitlichen Siedlungen anhaftete, verschwand nicht mit den Städtegründungen um 1000 v. Chr., sondern blieb ein Merkmal der Eisen II-zeitlichen Orten' (Weippert 1988:352).

Die tweede kenmerk van die Ystertyd is vanuit die politieke geskiedenis aan te wys. Die verandering in bewoningsprofiel het gepaard gegaan met die verskyning van territoriale state (Weippert 1988:353). So word daar, telkens in 'n afsonderlike Egiptiese teks, die name Moab, Israel en Edom in die dertiende eeu v C vermeld (Weippert 1988:353). Die Aramese state in die twaalfde eeu word in Assiriese tekste genoem. Die ondergang van hierdie state vorm die oorgang tussen die Ystertyd en die Babilonies-Persiese tyd (Weippert 1988:354).

Die inteenstorting van die politieke beheersisteem van die stadstate het nie gevolg op die ontstedelikingsproses nie maar gelyktydig daarmee verloop. Dit was die resultaat van fragmenterende politieke magsverskuiwings teen die einde van die Laat Bronstyd (Lemche 1988:84-104). Die territoriale state vertoon polities, ekonomies en maatskaplik nie 'n radikale breuk met die stadstate van die Laat Bronstyd nie, maar is die erfgename van die stadstate, wat die beheer oor 'n groter territorium voortsit (Lemche 1988:153-154). Hierdie ontwikkeling weerspieël nie die invloei van nuwe etniese groepe in Sirë-Palestina of die uitwerking van nuwe ideologiese en religieuse denke nie. Israel verwys van huis uit dan nie na 'n etnies of religieus verbonde groep nie maar na 'n territorium waarin verskillende gemeenskappe uit die ontbindende stadstate hulle gevestig het (Ahlström 1986:37-83).

© University of Pretoria  Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die ingewikkelde en komplekse ontwikkeling van die monargie in Israel is deur Crüsemann (1978:201-222) belig. Hierdie ontwikkeling word argeologies weerspieël in die kenmerkende verskuiwing van dorp- en stadbewoning in Ystertyd IIA (Weippert 1988:425).

Die argeologiese beeld van Ystertyd IIB en IIC vertoon iets van die verdere ontwikkeling van die territoriale state na nasionale state oor die volgende drie eeue. Ystertyd IIA word afgesluit deur die vernietiging van talle van die nuutgestigte stede, waarskynlik as gevolg van die pogings van Egipte om opnuut sy hegemonie oor Palestina te vestig (Weippert 1988: 425). Ystertyd IIB word gekenmerk deur die monumentale bouwerke in die stadskomplekse van daardie tyd, wat teen die eerste helfte van die negende eeu v C 'n hoogtepunt bereik. Daarteenoor word Ystertyd IIC gekenmerk deur die verinheemsing van die kultuurgoedere in die nasionale state en die instandhouding van die gevestigde bouwerke (Weippert 1988:573-574).

In Samaria III en Hasor VII word argeologiese data gevind wat met redelike sekerheid na die begin van Ystertyd IIC teruggevoer kan word (Yadin en andere 1958:22-23; 1960:37 n 217; Wright 1959:13-29; Weippert 1988:515). Dit plaas hierdie gegewens min of meer in die regeringstyd van Jehu (Weippert 1988:510 A 1). In albei stede word aansienlike herstelwerk aan en hergebruik van bestaande bouwerke aangetref. Die nuwe bouwerk in Samaria uit hierdie periode vertoon 'n afname in gehalte vanweë die verdwyning van die Fenisiese invloed op vakmanskap en argitektuur (Kenyon 1971:279; Wright 1959:1329).

Die verdwyning van die Fenisiese invloed op die bouwerk uit hierdie periode korreleer met die verinheemsing wat in die keramiek uit dieselfde tyd geïllustreer word. (Yadin en andere 1958:19-20). Vanuit 'n breë, algemeen Siries-Palestynse basis het lokale kenmerke ontwikkel wat die eiendomlike van die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verskillende nasionale state weerspieël (Weippert 1988:574). Die ontwikkeling is ook te bespeur in die ontwikkeling van skrifvorme, taalgebruik en naamgewing (Weippert 1988:574; Smith 1987:15-16; Tigay 1987:157-194).

In die lig van hierdie getuienis kan die basisaanname van die rekonstruksie van die geskiedenis van Israel, wat in sowel die Ou Testament as die tradisionele wetenskaplike werke aangetref word, dat Israel 'n identifiseerbare eenheid teenoor die Kanaanitiese bevolkingsdeel op dieselfde grondgebied gevorm het, nie gehandhaaf word nie.

Hoewel die bevolking nie homogeen was nie (Ahlström 1986:57-83; De Geus 1984:132), is daar geen stawende getuienis vir die aanname dat daar 'n diep etniese en religieuse verdeling in Israel was nie. Israel het gedeel in die Kanaänitiese kultuur (Ahlström 1986:83), terwyl die algemene godsdiens die diens aan Jahwe was. 'After the united monarchy, perhaps even earlier, the evidence currently available makes it very difficult to suppose that many Israelites worshiped gods other than YHWH' (Tigay 1987:180).

Die verdelingslyne in die kultuurwêreld waarvan Israel deel was, het langs twee grense geloop. Enersyds het dit langs die grens van territoriale magshandhawing geloop. Daarvan gee die Mesa-inskripsie (Smelik 1987:33-35), die Assiriese konings-inskripsies en die Ou Testament self oorvloedige getuienis. Andersyds het dit langs die grens van sosio-ekonomiese posisie verloop.

Uitgaande van die gemeenskaplike wes-Semitiese koningsideo-logie (Lemche 1988:231-237; Ahlström 1982:1-9; Whitelam 1989:119-139) is die staatshuishouding ingerig om die persoon en funksies van die koning. Die land behoort aan Jahwe en die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



koning administreer die land namens Hom (Ahlström 1982:5-6). Tesame het die tempel en paleis die sentrum van goddelike regering oor die land gevorm, en die inwoners was die onderdane van Jahwe in sy land (Ahlström 1982:3).

Die magsentrum wat om die persoon van die koning geskep is, het gefunksioneer deur 'n uitgebreide administratiewe en militêre apparaat (Mettinger 1971). Hierdie koninklike beamptedom is gesetel in die stede wat as administratiewe sentra gedien het. Beide die administrateurs en die beroepsoldate was in diens van en verantwoordelik aan die koning. Die insameling van belastings, die beveiliging van die dinastie en die voorsiening van verpligte militêre en siviele arbeid was in die hande van hierdie koninklike verteenwoordigers. Die vergoeding van hierdie beamptedom is uit die koninklike skatkis bekostig, nie slegs in die vorm van lewensmiddele nie, maar ook in die vorm van onroerende goedere as koninklike bruikleen (Breytenbach 1977:20-23).

'n Invloedryke deel van die administratiewe en beheerstruktuur van die koning se regering is gevorm deur die clerus van die offisiële kultus (Holladay 1987:249-299; Ahlström 1982:44-74). Die clerus van die koninklike kultus, die administratiewe personeel van die koning en die professionele soldate het 'n magtige aristokrasie onder koninklike beskerming gevorm. Die herhaalde staatsgrepe deur generaals toon dat die militêre aristokrasie in Israel die belangrikste magsbasis van die koning binne hierdie beheerstruktuur gevorm het (Lemche 1988:148).

Die belange van die vermoënde grondbesitters en vrye vakmanne was nou verbonde aan die monargie (Crüsemann 1978:221). Hoewel familiegroepe en -beheer steeds 'n rol binne die plaaslike gemeenskappe gespeel het, het dié rol algaande verbleek teenoor die sentraliserende mag van die koning (Lemche 1988:151). Die plaaslike regeerders is algaande in 'n

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ondersteunende rol vir die stabiele magsuitoefening van die koninklike beheerapparaat geplaas (Ahlström 1982:22-23), terwyl die ekonomiese struktuur van **Rentenkapitalismus** (Lang 1985:83-99) die posisie van die vrye kleinboere steeds verswak het (Dearman 1984:358-397).

Dit was juis die vrye kleingrondbesitters wat die spit in die sentralisering van mag in die hande van die koning, die aristokrasie en die grootgrondbesitters en vakmanne afgebyt het. Hulle grondbesit het oorgegaan in die hande van die ekonomies sterkeres, terwyl hulle afgedruk is na die stand van pagters en dagloners (Lemche 1988:150). Op die skouers van hierdie sosiale laag het die juk gerus om deur belastings, rentes, verpligte siviele dienslewering en militêre diensplig die beheerstruktuur van die monargie in stand te hou (Lang 1985:83-99). Dit is dan ook die uitbuiting van hierdie ekonomies en sosiaal swakkes wat deur die profete in die agtste eeu v C gestriem word (Dearman 1984:358-397).

Hoewel daar nie met sekerheid bepaal kan word hoe ver die ontwikkeling van hierdie sosio-ekonomiese verdeling reeds in die tyd van Joram en Jehu gevorder het nie, kan aanvaar word dat dit reeds 'n lank gevestigde deel gevorm het van die sosiale struktuur. Die spanning in Israel het dan nie geloop oor die grens van etniese of religieuse verskille nie, maar oor die grens van stad-platteland (Lang 1985:83-99); staats-apparaat-kleinburgery (Lemche 1988:149-154).

Hierdie verdelingslyn word ook in die getuienis oor die kultus opgemerk. Terwyl die Jahwisme sonder twyfel die algemeen beoefende godsdiens was, was dit tegelyk die offisiële staats-godsdiens. Onder koninklike beskerming het dit prominensie geniet en is dit aktief bevorder (Smith 1987:16-17; Ahlström 1982:44-74). Die offisiële heiligdomme vertoon selfs 'n ander inrigting as die populêre aanbiddingsplekke (Holladay 1987: 249-299). Die populêre kultus was 'n tipe wes-Semitiese

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kultus waarin Jahwe as wes-Semitiese God vereer is (Lemche 1988:223-237) met Asjera as gesellin (Olyan 1988), terwyl die verering van ander gode nie uitgesluit is nie (Dever 1990:164-166; Lang 1981:47-83; Smith 1987:21). Hoewel die Jahwe-alleengroep in Israel (Smith 1987:22) moontlik uit verskillende lae van die bevolking gekom het en deur verskillende motiverings besiel is, het die deurslaggewende stimulus om die Jahwisme die enigste godsdiens te maak van die koninklike hervormings voor die ballingskap en van die aristokratiese elite tydens die ballingskap uitgegaan (Lang 1981a:47-83; Vorländer 1981:84-113), terwyl die populêre sinkretisme steeds deur die algemene bevolking beoefen is (Smith 1987:62-74).

Die profielskets wat hier gegee is, kan opgesom word in die woorde van Lemche (1988:153-154):

> There are ... no indications that the ordinary Israelite identified himself with his state as the members of the later European nation-states were to do. Rather, Israel, and perhaps to a lesser degree Judah as well, developed in the course of their history into states which were not significantly different from the city-states which had existed in the region during the Bronze Age. In other words, the basis of the state was the territory it controlled, and its economic basis consisted of the taxes and imposts which it was possible to squeeze out of the local population. Just who this local population was, and what traditional rights it may have had to its lands, was of no interest to the state.
>
> ...The population at large was essentially uninterested in the question of who happened to rule at any given time, as such changes did not change the circumstances of their existence. It was not the peasantry who led such rebellions, but the

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> élite, that is, the ruling class and its representatives.

Hoewel hierdie getuienis as gevolg van die beperkende faktore waardeur dit beïnvloed word ten minste voorlopig tentatief moet bly, werp dit tog belangrike nuwe lig op die magsoorname van Jehu. Die groepe en individue wie se belange deur die beleid van Joram bedreig is, was beperk tot die geledere van die vermoënde, maghebbende elite (Ahlström 1977:47-69). Die reikwydte van die binnelandse steun vir Jehu se optrede hoef ook nie wesenlik verder te gestrek het nie. Met die steun van die aristokrasie is Jehu in staat gestel om sy koningskap te vestig en 'n dinastie op te rig. Dié magsposisie is verstewig omdat hy hom kon beroep op die goedkeuring van die Assiriese koning (Astour 1971:383-389; Smith 1977:71-105).

In die lig van die gesketste agtergrond ontstaan die vraag: watter optrede van Joram het die posisie en belange van die elitegroep bedreig? Die Jehuvertelling gee die optrede van Isebel aan as motivering. Hoewel dit moontlik tot die ondersteuning van die staatsgreep deur 'n deel van die clerus bygedra het, was dit ongetwyfeld nie die aanleidende oorsaak vir die magsoorname van Jehu nie. Die getuienis van die Ou Testament self toon aan dat Joram nie die religieuse politiek van Agab voortgesit het nie (2 Kon 3:2), terwyl die posisie van Isebel aan die koninklike hof in die getuienis van Konings sterk verwring is (Timm 1982:288-303; Soggin 1981:453-459). Daarby is dit opvallend dat die opstand teen die koningshuis van Agab nie plaasgevind het tydens die onstabiele periode kort na die troonsbestyging van Ahasia of Joram nie, soos dit in die oorgrote meerderheid gevalle waarvan die Ou Testament getuig, die geval was (met uitsondering van Peka in Israel, en Joas en Amasia in Juda). Indien die binnelandse religieuse beleid van Agab en Isebel sulke ernstige onrus veroorsaak het, is dit te verwagte dat die dinastie op sy kwesbaarste oomblik omvergewerp sou word.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar bestaan nie ander getuienis wat daarop dui dat die binnelandse politiek van Joram die belange van die elitegroep in Israel bedreig het nie. Uit die Assiriese inskripsies en die inskripsie van koning Mesa van Moab kom daar egter getuienis wat daarop dui dat Joram se buitelandse verhoudinge 'n bedreiging vir die heersersgroep in Israel geword het.

## 6.2 Joram se buitelandse politiek as agtergrond vir die staatsgreep van Jehu

Die getuienis van die Ou Testament fokus die aandag by uitstek op die verhoudinge tussen Israel en Damaskus in die bewindstyd van die Omriede. 'n Botsende beeld word geskep van die konings se posisie: soms kom hulle voor as kragtige heersers oor 'n onafhanklike staat, en soms as '...international weaklings, bullied by the Syrian king of Damascus, and often hard pressed to exercise authority outside the gates of Samaria' (Miller & Hayes 1986:262).

Dit is juis die vertellings waarin die verhouding tussen Israel en Damaskus uitgebeeld word wat die indruk skep van 'n wankelende koninkryk onder wankelende konings (1 Kon 20; 22:1-38; 2 Kon 5-7). As historiese bronne is hierdie vertellings egter diep onder verdenking. In die vertellings staan die profete sentraal(Soggin 1985:205), terwyl die legendariese karakter en teologiese intensie (Moore 1990:128-147) daarvan in die oog spring. Vir sover die vertellings historiese gebeure weerspieël, hoort dit eerder in die tyd van Jehu se opvolgers tuis as in die tyd van Joram (Whitley 1952:137-152; Miller 1966:307-324).

'n Heel ander prentjie van die verhouding tussen Israel en Damaskus word in die Assiriese koningsannale van Salmaneser III geskets. Volgens die Monolietinskripsie (Luckenbill 1926:211-223; Borger 1982:360-362) was Agab een van die belangrikste vennote in die koalisie onder leiding van Hadad-Eser van Damaskus (Pritchard 1974:280 n 8), wat in die jaar

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Daian-Assur (die sesde jaar van Salmaneser III se bewind, 853 v C; Brinkman 1978:173-175) teen Salmaneser III by Karkar geveg het. Hoewel die koalisievennote nie in verdere inskripsies by die naam genoem word nie, en die Monolietinskripsie slegs elf van die twaalf bondgenote aangee, word daar telkens weer melding gemaak van die verset van die twaalf konings onder Hadad-Eser. In die tiende (859 v C), elfde (848 v C) en veertiende (845 v C) jaar van sy regering het Salmaneser III die koalisie onder Hadad-Eser die stryd aangesê. Oënskynlik was die Assiriese aanslag op die Aramese koalisie tot die veertiende jaar van Salmaneser III nie dawerend suksesvol nie (Elat 1975:25-35).

As leidende figure in die koalisie teen Salmaneser III word vir die jare 853, 849, 848 en 845 v C Hadad-Eser van Damaskus en Irḥuleni van Hamat in die koningsinskripsies by die naam genoem (in verskillende inskripsies; vgl die gegewens by Astour 1971:384 n 9) saam met die formule 'die twaalf konings van die kus' (Luckenbill 1926:238-240 - Bulinskripsie). Daar is geen aanduiding dat Israel in hierdie tyd uit die koalisie onttrek het nie. Die voortdurende druk van Assirië op die koalisie het egter uiteindelik sy tol geëis. In 'n enkele inskripsie (Luckenbill 1926:245-246 - KAH I/30) word die gewelddadige dood van Hadad-Eser beskryf (Jepsen 1941/4a:158) tydens die staatsgreep wat Gasael uitgevoer het.

Astour (1971:384 n 10) oordeel dat die Aramese koalisie omstreeks 842 v C in duie gestort het. Die Assiriese berigte oor Salmaneser III se ekspedisie teen Damaskus in sy agtiende regeringsjaar (841 v C) noem slegs Gasael as sy teenstander. Daar word nie melding gemaak van enige vyandige optrede deur óf Irḥuleni van Hamat óf die twaalf koalisievennote nie. Die teks waarin Hadad-Eser se dood beskryf word, koppel die staatsgreep van Gasael egter aan 'n neerlaag wat Salmaneser III die koalisie toegedien het aan die Orontesrivier. Waarskynlik het die koalisie tydens die veldtog van 845 v C

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inderdaad nie die beste daarvan afgekom nie. Dit het gelei tot die ineenstorting van die bondgenootskap met die onttrekking van Hamat (Astour 1971:384) en die magsgreep van Gasael tussen 845 en 841 v C (vgl Ishida 1977:171-174 vir analoë gebeure in Israel).

Hoe die presiese verloop van sake in Damaskus ook al was, teen 841 v C het Gasael hom in 'n alleenposisie teenoor Assirië bevind. Teen hierdie agtergrond staan die konfrontasie tussen Israel en Damaskus by Ramot-Gilead, waarvan die Jehuvertelling getuig. Verskillende interpretasies van hierdie konfrontasie is moontlik. Elat oordeel dat Joram die geleentheid aangegryp het om die grondgebied wat aan Damaskus afgestaan is, te herower (1975:31). Jepsen oordeel dat die konfrontasie 'n poging van Gasael was om Israel terug te bring in die koalisie, en sodoende sy rug te beveilig in die dreigende stryd met Salmaneser III (1941/4a:159). Astour (1971:383-389) oordeel dat die konfrontasie nie tussen Israel en Damaskus was nie, maar die eerste aanslag van Salmaneser III op die magte van Joram. Die getuienis laat 'n besliste keuse tussen enige van hierdie interpretasies nie toe nie.

Dit is nietemin duidelik uit die Assiriese inskripsies dat die strategies veilige afstand tussen Israel en Assirië met die ontbinding van die Aramese koalisie verdwyn het. Dit het 'n nuwe situasie geskep waarin die anti-Assiriese politiek van Agab en Joram gevaarlik geword het vir die belange van die elite. Terselfdertyd is die tafel gedek om die koalisiepolitiek van die Omriede in geheel onder oë te sien.

Tydens die bewind van Omri en Agab is Israel in 'n netwerk van internasionale verdrae vasgewikkel. Benewens die koalisie met Damaskus het Omri die verhoudinge met Tirus uitgebou (Donner 1986:268). Hoewel die presiese aard en betekenis van hierdie verhouding nie meer uit die beskikbare bronne nageloop kan word nie (Timm 1982:200-241), dui die huwelik van Agab met die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tiriese prinses Isebel op die formele aard daarvan. Waarskynlik was Tirus in hierdie vennootskap die senior party (Miller & Hayes 1986:216; Mazar 1986:63-82; 1986a:213-230). Spore van die Fenisiese invloed in Israel is argeologies goed betuig (Kenyon 1971:268), en die bondgenootskap het waarskynlik vir albei partye voordelige handelsmoontlikhede geopen (Miller & Hayes 1986:269).

Die verhoudinge met Juda is tydens Omri se bewind op ontspanne voet geplaas (Soggin 1985:204). Die huwelik tussen Atalia, 'n dogter of kleindogter van Omri (vgl 2 Kon 8:18; 26) en Joram van Juda het hierdie verbintenis verseël. Uit die getuienis van die Ou Testament wil dit voorkom of Israel die senior vennoot in hierdie verbintenis was (Miller & Hayes 1986:275-279), maar die getuienis kan ook anders vertolk word (DeVries 1989:283-306).

Uit die inskripsie op die Mesasteen (Smelik 1987:31-49) is dit duidelik dat Moab deur Omri tot 'n tribuutpligtige vasalstaat gemaak is. Hoewel Mesa in sy inskripsie berig dat hy tydens die bewind van Agab sy onafhankliheid herwin het, en dele van die grondgebied van Israel verower het, is dit meer waarskynlik dat die opstand van Mesa tydens die bewind van Ahasia (2 Kon 1:1) of Joram (Smelik 1987:47-48) plaasgevind het. Die poging van die koning van Israel (waarskynlik Joram, vgl 2 Kon 3) om die Moabiete opnuut onder sy gesag te bring, het egter misluk. Die gegewens wat op die Mesasteen oor hierdie heroweringspoging verstrek word, kan nie met die weergawe van 2 Konings 3 gerym word nie. Die Ou-Testamentiese vertelling is as historiese bron ernstig te bevraagteken en die gebeure wat daarin beskryf word, is hoogs onwaarskynlik. Voorkeur moet dus gegee word aan die berig op die Mesasteen (Smelik 1987:45-49).

Hierdie netwerk internasionale verdrae het waarskynlik nie vir Israel onvermengde seën ingehou nie. Die opstand van Mesa toon reeds dat Joram nie in staat was om dit in stand te hou

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. Waarskynlik het die Moabitiese opstand geslaag juis omdat Joram as deel van die Aramese koalisie sy militêre mag in die voortgaande stryd met Assirie uitgeput het en nie op volle sterkte elders kon aanwend nie. Die feit dat Edom en Libna tydens sy bewind onder die gesag van Juda uitgebreek het (2 Kon 8:20-22), dui daarop dat Israel as senior bondgenoot van Juda swak genoeg geag is vir hierdie state om 'n geslaagde opstand te waag.

Die deelname aan die stryd van die Aramese koalisie teen Assirië sonder dat dit 'n deurslaggewende suksesvolle resultaat gebring het, het na alle waarskynlikheid weerstand onder die militêre en ekonomiese elite opgeroep. Die ekonomiese las om 'n staande mag in stand te hou van die omvang wat dit onder Agab aangeneem het (Elat 1975:25-35), was aansienlik. Die dreinering van mannekrag as gevolg van herhaalde militêre konskripsie oor 'n relatief kort periode het sy offers gevra onder die grootgrondbesitters en vaklui. Hierdie dreinering van die staat se ekonomiese bronne is nie in profyt omskep deur die invloei van buit en tribuut nie.

Die handelsbande wat met Tirus in stand gehou is, het vir die elitegroep in Israel kompetisie beteken. Ten minste sekere gespesialiseerde ekonomiese bedrywe was in die hande van Fenisiese vaklui (Kenyon 1971:268). In die verslegtende posisie waarin Joram se Aramese koalisiebeleid Israel gebring het, kan aanvaar word dat die teenwoordigheid en bedrywighede van die Fenisiese vakmanne en handelslui op die duur 'n bedreiging gevorm het vir die Israelitiese aristokrasie.

Die dreinering van die ekonomie is vererger deur die verlies aan die tribuutbetalings uit Moab (2 Kon 3:6) en die verlies aan Israelitiese grondgebied. Die mislukte poging om Moab opnuut onder die hiel te bring, het in die professionele militêre kring seker sy negatiewe gevolge aan verwyte, beskuldigings en 'n gebrek aan vertroue meegebring. Dit kan aanvaar

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word dat die gebrek aan werklike militêre suksesse onder Joram, teen sowel die Assiriese magte as teen Mesa, spanning tussen die militariste en die koning meegebring het.

Die verhouding tussen Israel en Juda onder die bewind van Joram het in die jongste verlede nuwe aandag van geleerdes gekry. Strange (1975:191-201) en Miller & Hayes (1986:280-282) oordeel dat Joram van Israel 'n vereniging van die twee koninkryke onder hom bewerk het. Die terloopse opmerking in 1 Konings 22:50 laat dit voorkom of Juda spoedig na die dood van Agab 'n meer onafhanklike koers wou volg. Die beskouing van DeVries (1989:283-306), dat Josafat die ekspedisie teen Moab vrywillig meegemaak het en dat Joram afhanklik was van sy bondgenootskap en raad, versterk hierdie indruk. Afdoende getuienis om 'n beslissing na die een of ander kant te gee, ontbreek egter (Soggin 1985:210). Nietemin illustreer albei voorstelle dat die getuienis van die Ou Testament laat deurskemer dat daar 'n wending in die verhouding tussen Israel en Juda gekom het tydens Joram se bewind.

Die agtergrondgetuienis oor die politieke toneel waarin Joram as koning opgetree het, bring aan die lig dat dit op die terrein van die internasionale verhoudinge was waar die koning wesenlik misluk het. Die prysgawe van die grondgebied van Moab en die aangrensende distrikte het hom van sy strategiese beskerming in die suid-ooste ontneem. Die mislukking van die Aramese koalisie het sy strategiese afstand teen Assirië laat verdwyn. Die voordelige verhoudinge tussen Israel en Tirus en tussen Israel en Juda het waarskynlik tot sy nadeel ontwikkel, terwyl die verlies aan Moabitiese tribuut en belasting uit die verlore gebiede van Israel sy ekonomiese posisie verswak het. Dit was hierdie gebeure wat die belange van die aristokrasie bedreig het en die weerstand teen Joram se bewind laat opbou het.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Astour (1971:383-389) en Ahlström (1977:58) sien die Assiriese inval in Hauran, na die mislukte beleg van Damaskus deur Salmaneser III in 841 v C (Luckenbill 1926:243 - III 5/6; Borger 1982:365), as die vonk wat Jehu se opstand teen Joram aangesteek het. Die Assiriese optrede teen die state wat hardnekkig weerstand teen sy gesag gebied het (Donner 1986: 295), was inderdaad vir die aristokrasie in Israel die ernstigste bedreiging van hulle belange denkbaar. Dit is waarskynlik dat dit juis die dreigende nabyheid van Salmaneser III was wat die doodsklok vir Joram, sy dinastie en sy vertrouelinge gelui het (vgl Luckenbill 1926:222 - Monolietinskripsie; 208 - Swart Obelisk). Daarmee is direkte ingrype van Salmaneser III in die regering van Israel vermy en die belange van die aristokrasie beveilig.

## 6.3 Die groot stilte: die regeringstyd van Jehu

Afgesien van die deuteronomistiese nota in 2 Konings 10:32-33, wat nie historiese getuienis lewer nie (kyk bo bl 68-69), handhaaf alle ander bronne 'n doodse swye oor die agt-en-twintig jaar van Jehu se bewind. Hierdie swye is nogtans veelseggend.

Die tribuut wat Jehu aan Salmaneser III gelewer het, is op die Swart Obelisk in reliëf uitgebeeld. Die uitbeelding versinnebeeld die veranderde verhouding tussen Israel en Assirië onder die bewind van Jehu en sy dinastie. Israel was nie langer 'n teenstander van Assirië nie, maar 'n vasal (Smith 1977:71-105; Elat 1975:25-35). Jehu se koningskap en die toekoms van sy dinastie was nie slegs afhanklik van die steun van die Israelitiese elite nie, maar het die goedkeuring van Salmaneser III weggedra en onder beskerming van die Assiriese grootkoning gestaan. 'It was **madattu** to Slm III that bought for Jehu the throne, and meant the survival of his dynasty over the next century by continued gifts to the successors of Slm III (Smith 1977:98).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die magsoorname van Jehu het waarskynlik die verhoudinge tussen Israel en Tirus en Israel en Juda op die kort termyn nadelig geraak. In Juda het die moeder van die vermoorde koning Ahasia die troon bestyg. Die argeologiese getuienis toon dat die Fenisiese invloed in Israel na die troonsbestyging van Jehu skerp afgeneem het. Hierdie newe-effekte van sy magsoorname is egter in sy guns gebalanseer deur die sekuriteit wat hy as Assiriese vasal geniet het.

Die swye in die bronne uit daardie tyd kan verstaan word as 'n afspieëling van die sekuriteit wat Israel onder Jehu geniet het. In 838 v C het Salmaneser II sy laaste veldtog teen Gasael van Damaskus geloods (Luckenbill 1926:205 - Swart Obelisk). By hierdie vyandighede was Israel nie betrokke nie. Waarskynlik het Salmaneser III deur hierdie veldtog finaal Gasael se aktiewe teenstand beëindig en die suid-westelike grens van die Assiriese Ryk bestendig (Green 1979:35-39; Reade 1978:251-260). Tot aan die einde van sy regering verneem ons nie verder van veldtogte wat hy na hierdie streek onderneem het nie.

Ten spyte van die ernstige woelinge in Assirië self tydens die burgeroorlog in die laaste jare van Salmaneser III se bewind (Saggs 1984:77-78) het Gasael nie die geleentheid te baat geneem om opnuut sy onafhanklikheid te toon nie. Volgens die berigte in 2 Konings 12:17-18; 13:3-7 het Gasael tydens die bewind van Jehu se opvolger, Joahas, 'n veldtog teen Israel en Juda geloods. Dit is moontlik dat hierdie nuwe poging van sy kant om 'n anti-Assiriese Aramese Ryk tot stand te bring (Mazar 1986:151-172), plaasgevind het tydens die regentskap van Sammurammat, moeder van die minderjarige Adad-Nerari III (809-782). Die Assiriese koning het in ieder geval tot die redding van die Jehudinastie gekom (Shea 1978:101-113). Dié gebeure val egter buite die grense van hierdie studie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 7

## DIE KONINGSKAP VAN JEHU: 'N BEOORDELING

Die versameling, kritiese oorweging en beoordeling van getuienis behoort in 'n studie van hierdie aard uit te loop op 'n verantwoorde rekonstruksie van die geskiedenis. Daardie rekonstruksie word vir beoordeling en kritiek aan die geleerde wêreld voorgelê. Daar is egter een onontkombare voorwaarde aan 'n verantwoorde rekonstruksie van die geskiedenis: dit moet op voldoende, betroubare getuienis berus.

Sonder die nodige historiese getuienis kan selfs die vernuftigste historikus nie 'n rekonstruksie van die geskiedenis bied wat meer is as 'n vindingryke raaiskoot nie. Hoewel so 'n raaiskoot oop staan vir bespreking en beoordeling, behou dit sy geldigheid by gebrek aan voldoende data wat as basis vir kritiek kan dien. By wyse van spreke: indien die getuienis so skraal is dat dit slegs 'n enkele hoek van die historiese legkaart bied, is die veld wyd oop vir enigiemand om die prentjie verder in te vul volgens eie bespiegeling. Die prentjie wat so ingevul is, is net so min of veel aanvaarbaar as die volgende bespiegelende prentjie. Indien daar nie verdere dele van die legkaart aan die lig kom nie, bestaan daar nie 'n basis waarop aan een bespiegelende rekonstruksie daarvan voorkeur gegee kan word bo 'n ander nie.

Die getuienis wat oor die koningskap van Jehu ter hand is, stel die historikus nie in staat om 'n werklik verantwoorde rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu se koningskap te maak nie. Watter betroubare getuienis is daar werklik oor die koningskap van Jehu gelewer? Op die keper beskou: bloedweinig. Die getuienis van die Ou Testament is beperk tot die opstand van Jehu, met 'n enkele kort politieke nota van onbetroubare gehalte oor die res van sy bewind. Die getuienis

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Assiriese koningsinskripsies handel oor die enkele gebeurtenis uit die regering van Jehu wat uit Assiriese oogpunt van belang was, te wete sy tribuutlewering aan Salmaneser III. Die beperkte waarde van die omstandigheidsgetuienis wat die 'nuwe argeologie' oplewer, is reeds aangedui. Die mees betroubare aanduidings van die verloop van die gebeure wat tot Jehu se magsoorname gelei het en van sy lang bewind, word deur die Assiriese koningsinskripsies van Salmaneser III gebied. Dit het op sigself egter net beperkte waarde, omdat dit 'n uiters eensydige beeld skep en nie wesenlik daartoe bydra om die historiese samehange en invloede wat in Israel self aan die werk was, uit die verf te bring nie.

In die lig van die gebrekkige getuienis oor die koningskap van Jehu word daar afgesien van 'n eie rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu se koningskap. Uit die voorafgaande hoofstuk is die belangrikste peilers waaraan die plek wat Jehu in die geskiedenis van Israel inneem bepaal kan word, reeds duidelik. Daar word dus volstaan met enkele samevattende opmerkings oor die Jehuvertelling as historiese bron. Daarnaas word 'n paar kritiese aantekeninge geplaas by drie aspekte van die geskiedenis van die koningskap van Jehu, wat dikwels in die wetenskaplike rekonstuksies van sy regering opduik en die spekulatiewe aard daarvan as gevolg van die defektiewe teksgetuienis (Carroll 1989:209) geïllustreer.

## 7.1 Die Jehuvertelling as historiese bron

By die beoordeling van die Jehuvertelling as historiese bron kom twee verskillende vlakke van beoordeling na vore. Enersyds moet die vertelling as rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu se opstand beoordeel word, en andersyds moet die data wat in die vertelling gegee word, beoordeel word (Halpern 1988:6). Op beide vlakke is die Jehuvertelling as historiese bron onder ernstige verdenking.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Historiese rekonstruksie slaag of faal in die kritiese gesprek wat geleerdes op die basis van die feitemateriaal wat deur die rekonstruksie as samehangende geheel aangebied word, voer (Deist 1976:24). Die Jehuvertelling bied 'n rekonstruksie van die geskiedenis aan en staan daarom oop vir hierdie gesprek. In die rekonstruksie maak die skrywer van Jehu 'n religieuse wreker in die hand van Jahwe. Die opstand word geïnisieer deur die optrede van 'n profeet. Die motivering vir sy optrede gee Jehu self aan as die religieuse praktyke van Isebel. Deur Jehu se volledige uitwissing van die huis van Agab word die vrede wat deur Isebel se optrede versteur is, herstel. Die opstand verloop sonder noemenswaardige teenstand en in die verloop van die opstand word ook die nasaste van Agab op die troon van Juda verwyder.

Hierdie rekonstruksie van die opstand van Jehu vind nie aanvaarding onder kritiese historici nie. Onder die geleerdes wat op voetspoor van Alt (Donner 1986:263) die grondliggende oorsaak van die opstand in die binnelandse politiek van die Omriede sien, word die religieuse optrede en rol van Isebel nie as die onmiddellike oorsaak van Jehu se magsgreep beskou nie. Die onderliggende spanning tussen Israeliet en Kanaäniet, waarvan die Jehuvertelling self geen woord rep nie, word in hierdie rekonstruksies die prominente plek gegee (Herrmann 1973:256-262; Donner 1986:263-270; Deist & Le Roux 1987:68-74). Hierdie vermeende diep verdeeldheid in Israel word in die jongste tyd al meer oor die boeg van 'n ekonomiese klasseskeiding gegooi, of ten minste word die sosio-ekonomiese toestande in Israel as 'n belangrike bydraende faktor tot Jehu se opstand beskou (Miller & Hayes 1986:273-274; Deist & Le Roux 1987:74-86). In die wetenskaplike rekonstruksies waarin die onderliggende spanning in Israel nie as primêre oorsaak vir die optrede van Jehu gesien word nie, word die dreigende teenwoordigheid van die Assiriese leër in Hauran as die direkte aanleiding tot Jehu se magsgreep beskou (Astour 1971:383-389; Ahlström 1977:47-69).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Jehuvertelling self gee duidelik blyke daarvan dat die outeur nie die historiese verloop van die opstand noukeurig gerekonstrueer het nie. Die dood van Ahasia en die moord op sy seuns pas gewoon nie in by die verloop van die gebeure nie. Minokami (1989:88) oordeel op grond daarvan dat die magsgreep van Jehu hoegenaamd nie so glad verloop het as wat die vertelling dit wil hê nie, en dat daar 'n teenstaatsgreep uit Samaria beplan is met die steun van Juda. Astour (1971:383-389) konkludeer op sy beurt dat Jehu se opstand deur Salmaneser III aangestig is en dat Jehu onder Assiriese beskerming sy troon beveilig het.

> It is quite possible that the carnage took place before the eyes of Shalmaneser when he reached Jezreel in his march to the sea - as, ten years later, the execution of Surri's sons and supporters at Kinalua was accomplished by Shalmaneser's commander-in-chief (Astour 1971:388).

Hierdie wetenskaplike rekonstruksies toon onderling onversoenbare verskille. Dit illustreer die onvermoë van hedendaagse historici om die beskikbare historiese data in 'n verantwoorde, bevredigende en oortuigende geheel saam te voeg. Tot 'n groot mate is hierdie onvermoë te wyte aan die feit dat die belangrikste bron van inligting oor die opstand van Jehu, die Jehuvertelling, reeds in sy rekonstruksie die data verwring het om sy eie propaganda-oogmerke te dien.

Die besonderhede wat in die Jehuvertelling as historiese feite aangebied word, verdien eweneens nie groot vertroue nie. Daar is reeds gewys op die feit dat die detail in die vertelling nie sonder meer as histories beduidende feite geld nie. Daar is nietemin ook beduidende historiese feite wat in die vertelling vermeld word wat ernstig onder verdenking staan.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oor die salwing van Jehu as koning deur 'n profetedienaar van Elisa hang 'n groot vraagteken (Würthwein 1984:329). Afgesien daarvan dat dit hoogs onwaarskynlik is dat Jehu sy opstand van die onverwagse aanwysing tot koning deur 'n profeet afhanklik sou maak, kan die vertelling nie losgemaak word van die profeet Elisa nie. Porter (1981:423-429) het aangetoon dat die uitdrukking **b^e^nē hann^e^bī'īm** met die profetekring om Elisa verbind is as 'n tegniese aanduiding. Auld (1984:66-82) het op sy beurt aangetoon dat die woord **nābī'** nie kontemporêr met die optrede van die profeet gebruik is nie: '...a good "prophet" was always a dead one' (Auld 1984:67).

Die optrede van Elisa is nou verbonde aan die Arameëroorloë (Moore 1990:147) wat tydens die regering van Joahas en Joas, die opvolgers van Jehu, teen die einde van die negende eeu plaasgevind het. Indien Elisa sy roem eers na die dood van Jehu verkry het en as prominente figuur 'n plek in die vertelling verdien om gewig aan die aanwysing van Jehu as koning te verleen, is dit baie onwaarskynlik dat hy in persoon enige rol by Jehu se magsoorname gespeel het.

Die vertelling plaas die opstand van Jehu teen die agtergrond van 'n geveg tussen Gasael, koning van Damaskus, en Joram by Ramot in Gilead. Die data wat die Assiriese inskripsies lewer, plaas egter 'n vraag oor die korrektheid van hierdie voorstelling in die Jehuvertelling. Verskeie interpretasies van die geveg by Ramot is deur historici gegee. Dit bly egter 'n ope vraag of Gasael, in die lig van die bedreiging deur Salmaneser III, in 'n geveg op sy suidelike grens betrokke sou raak. Die parallelle vertelling in 1 Konings 22:1-38 keer die rolle van verdediger en agressor boonop om, sodat dit in die getuienis van die Ou Testament self weersprekende getuienis word. Hoewel dit natuurlik nie bo redelike twyfel aangetoon kan word nie, is die opinie van Astour (1971:387) dat die geveg nie teen die Arameërs nie maar teen die Assiriërs was, besonder aantreklik.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die besonderhede wat die Jehuvertelling verstrek oor die inname van Jisreël, is ongeloofwaardig. Aanvanklik word daar klem gelê op die feit dat Joram in Ramot gewond is. Dit dien as motivering vir die besoek van Ahasia. Reeds die Dtr het aangevoel dat so 'n koninklike siekebesoek nie voldoende verklaring vir Ahasia se teenwoordigheid bied nie en het dit verbind aan 'n bondgenootskap tussen die konings van Israel en Juda (2 Kon 8:28). Later kom die Jehuvertelling egter weer terug op die siekte van Joram as verklaring vir die teenwoordigheid van Ahasia se broers in Israel tydens Jehu se staatsgreep.

Wanneer Jehu op volle vaart na Jisreël toe aangejaag kom, is Joram meteens nie langer siek nie. Hy bevind hom op die muur by die wagtoring, van waar hy bevel voer. Hy is selfs in staat om sy strydwa self (en skynbaar sonder ander begeleiding as net Ahasia) te dryf. Voor die oë van die inwoners van Jisreël, waaronder sy moeder Isebel, word die koning van Israel gedood. Jehu val nogtans nie dadelik die stad binne nie maar jaag eers agter Ahasia aan. Intussen poog Isebel, die koninklike hofhouding en die leëroffisiere in Jisreël nie om die stad te beveilig teen die aanslag van die opstandsleier nie. Sonder verdere slag of stoot word Isebel omgebring en val die stad in Jehu se hande.

Die verloop van sake het waarskynlik tog heel anders daar uitgesien. Daar kan slegs bespiegel word oor die teenwoordigheid van Ahasia en sy hofhouding in Jisreël, maar dit is moontlik dat Juda as bondgenoot van Israel in die stryd teen Salmaneser III opgetree het. In die Assiries gesteunde opstand is hy van die toneel verwyder om Salmaneser III te paai.

Hoe dit ook mag wees: die inname van Jisreël en die oorgawe van Samaria is, na die detailbeskrywing van die Jehuvertelling, histories nie te aanvaar nie. Benewens hierdie onaanvaarbare detail in die Jehuvertelling is daar ook nog die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onbruikbare besonderheid van die ontmoeting tussen Jehu en Jonadab. Wie Jonadab was en watter mag hy gehad het, sal vrae bly totdat daar miskien later meer getuienis oor hom aan die lig kom. 'n Mens kan slegs bespiegel oor die rol van iemand wie se steun gesoek word selfs nadat die mag oor Jisreël en Samaria reeds in Jehu se hande beland het (Minokami 1989:93). Dit gee nietemin 'n verdere aanduiding van die onmoontlike taak om op grond van die besonderhede wat die Jehuvertelling bied, die geskiedenis van Jehu se magsgreep bevredigend te rekonstrueer. Hierdie besonderheid in die vertelling kan goedskiks uiters betroubaar wees: maar wat is die betekenis daarvan in historiese perspektief?

Die Jehuvertelling slaag nóg as rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu se magsgreep, nóg as bron van historiese data daarin om as 'n betroubare en bruikbare historiese bron te oortuig. Die lig wat vanuit die Assiriese inskripsies op die staatsgreep van Jehu val, open weliswaar ander perspektiewe op die gebeure maar stel die historikus nie in staat om naastenby 'n bevredigende rekonstruksie daarvan te maak nie. Totdat ander, meer betroubare getuienis aan die lig kom, kan daar slegs oor die historiese verloop van gebeure wat tot die ingrypende optrede van Jehu gelei het, bespiegel word.

## 7.2 Die koningskap van Jehu: die begin van die einde?

Verskeie aspekte van die rekonstruksies wat van die koningskap van Jehu gemaak is, is reeds in die voorafgaande studie onder oë geneem. Op daardie aspekte hoef nie weer teruggekom te word nie. Daar is nietemin drie aspekte wat telkens in wetenskaplike rekonstruksies na vore kom, wat op grond van die getuienis voor hande kritiese beoordeling verdien. Hierdie drie aspekte het 'n gemene deler: dit word voorgehou as oorsaak en aanduiding daarvan dat Jehu se koningskap misluk het. Voor sy deur word dit gelê dat hy die koninkryk van Israel van 'n periode van hoogbloei onder die Omriede op 'n pad van selfvernietiging gelei het. Aan sy seun, Joahas, het

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy feitelik 'n bankrotboedel nagelaat (Knott 1971:24-25; Gray 1970:563-654; Donner 1986:280-282; Deist & Le Roux 1987:1987: 89-97), terwyl die verskuiwing in lojaliteit van die Aramese koalisie af na die Neo-Assiriese patronaat Israel onherroeplik aan die harde genade van die Assiriese uitbreidingspolitiek gekoppel het (Smith 1977:98).

### 7.2.1 **Jehu se magsoorname: 'n bloedige Jahwerevolusie**

Daar word in die Jehuvertelling geen doekies omgedraai dat Jehu se magsoorname 'n bloedige magsgreep was nie. Die bloedstorting wat Jehu veroorsaak het, het moontlik reeds in die Hoseaanse tradisie 'n negatiewe, veroordelende neerslag gevind. In die moderne rekonstruksie van die geskiedenis van Jehu word dit in ieder geval steeds in die skerpste terme veroordeel (Herrmann 1973:276; Deist 1975:62-64; Hobbs 1985: 119; Nelson 1987:205-206). Hierdie bloedbad word in die moderne rekonstruksies van die koningskap van Jehu dan verder geïnterpreteer as 'n belangrike bydraende faktor tot die afgang van die staat Israel onder Jehu.

> Die rewolusie het vir die gewone mense niks in die sak gebring nie en het die land met sy hele infrastruktuur geruïneer (Deist & Le Roux 1987:89).

> Die Revolte des Jehu, das Blutbad, das er anrichtete, die dadurch bedingte Erschütterung des Staatsgefüges: das alles hat den Nordstaat an den Rand des Abgrundes gebracht (Donner 1986:280).

Hierdie bloedbad, sê die Jehuvertelling, het plaasgevind in opdrag van Jahwe. Hierdie bloedbad, sê die moderne rekonstruksies wat van die Altse hipotese uitgaan dat Israel 'n diep verdeelde gemeenskap was, was 'n profete-aangestigte Jahwerevolusie waarin die Israeliete opnuut die oorhand oor die Kanaäniete in Israel verkry het (Herrmann 1973:274-277; Donner 1986:279; Deist & Le Roux 1987:89-94; Hobbs 1985:132).

© University of Pretoria  Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die hipotese dat Israel 'n diep verdeelde gemeenskap was, is egter nie houdbaar nie. Die getuienis waarop die hipotese gebou word, weerspieël nie die heersende verhoudinge in Israel tydens die bewind van die Omriede nie maar die teologie van die Dtr. Die getuienis wat die 'nuwe argeologie' aan die lig bring, dui op heel ander sosio-ekonomiese verhoudinge en skep 'n ander beeld van die religie wat in Israel beoefen is. Die getuienis van die Ou Testament self laat dit in elk geval duidelik word dat die Jahwisme nie deur die optrede van Jehu die plek van 'n uitsluitlike kultus in Israel verwerf het na die bewindsoorname van Jehu nie. Daar is ook nie getuienis van 'n radikale verandering in die sosiale en ekonomiese struktuur van Israel nie. Die beoordeling van Jehu se optrede as 'n revolusie word dus nie gedra deur betroubare historiese getuienis nie en kan laat vaar word.

Dit laat die oordeel dat sy bloedige optrede die oorsaak was van die verval van Israel onder Jehu se bewind. Volgens watter norm word daar egter geoordeel: 'What is new and shocking is the scope and brutality of Jehu's reforming violence' (Nelson 1987:205)? Nelson (1987:205) verstrek onmiddellik die antwoord: 'Jehu's murders at Jezreel were to become a byword, a bloody symbol of the dynasty he began (Hosea 1:4-5).'

Sonder die invloed van die tradisie wat in Hosea oorgelewer is, en wat telkens weer in die beoordeling van Jehu se optrede bygehaal word (Herrmann 1973:274; Deist 1975:64; Miller & Hayes 1986:255; Bright 1970:235), kom die optrede van Jehu in 'n ander lig te staan.

Enersyds is dit duidelik dat die getalle wat verstrek word van die familielede van Agab en Ahasia wat in die staatsgreep omgebring is, nie letterlik opgeneem kan word nie. Andersyds is dit duidelik dat die vertelling in 2 Konings 10:1-11 'n literêre konstruksie is wat tot meerdere roem van Jehu sy

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



diplomatieke vernuf illustreer, terwyl die berig oor die dood van Ahasia se broers binne die samehang van die vertelling meer historiese vrae oproep as antwoord.

Daar is geen rede om te vermoed dat Jehu nie sy politieke teenstanders en die moontlike aanspraakmakers op die troon uit die huis van Agab omgebring het nie. Die optrede is in ooreenstemming met die optrede van onder andere Abimeleg (Rig 9:5), Dawid (2 Sam 8:2; 20:21-22), Salomo (1 Kon 2:12-47) en volgens die DtrG al die usurpators voor en na Jehu. So 'n bloedlating was polities gebiedend noodsaaklik, ten einde die koning se greep op die troon te bevestig en die staat polities te bestendig.

Die optrede van Jehu staan teen hierdie agtergrond. Die politieke moorde wat met sy magsoorname plaasgevind het, was volgens die getuienis in die Jehuvertelling self beperk tot die baie dun boonste laag koninklikes en vertrouelinge aan die koninklike hof. Dit is onwaarskynlik dat Jehu daarmee die infrastruktuur en die administratiewe rugsteun van die staat vernietig het. Die grusame Assiriese gebruik om by wyse van 'n piramiedestapeling van afgekapte koppe (Gray 1970:554-555; Astour 1971:388 n 36) die bevolking skrik op die lyf te jaag, het moontlik die diep indruk gemaak wat in die Hoseaanse tradisie weerklank vind.

### 7.2.2 **Die regering van Jehu: 'n periode van agteruitgang**

Die beoordeling van Jehu se regering as 'n periode van agteruitgang berus op twee argumente. Die eerste argument is 'n argument uit die stilte. 'Ons bronne is besonder swygsaam oor dié dinastie, waarskynlik omdat hulle so skromelik misluk het' (Deist & Le Roux 1987:89, Kantaantekening).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie argument word soms versterk deur daarop te wys dat Agab by die slag van Karkar 'n groot mag in die veld kon stoot, terwyl Joahas deur Gasael onderwerp is en slegs 'n onbeduidende leër toegelaat is (Bright 1970:236; Donner 1986:281).

Die argument uit die stilte kan ook anders aangewend word (kyk bo bl 138-139). Die verwysing na die diskrepansie tussen die magte van Agab en Joahas oortuig ook nie. Afgesien van die vraag of die besonderhede wat die Assiriese inskripsie bied betroubaar is, is die argument dat die neerlaag van Joahas teen Gasael die verswakte posisie van Israel tydens Jehu se regering weerspieël in sigself nie koherent nie.

Daar word aanvaar dat Agab oor 'n sterk leërmag beskik het, wat eers met verloop van tyd onder Jehu verswak is. Die getuienis van die Ou Testament toon egter dat Ahasia, die opvolger van Agab, nie die opstand in Moab kon voorkom nie en dat Joram in bondgenootskap met Juda en Edom, nie die verlore grondgebied kon herower nie. Indien die Jehu-Joahas-argument logies deurgevoer word, moet daar dan afgelei word dat Agab reeds die leër dermate verswak het dat sy opvolgers nie eers 'n suksesvolle veldtog teen Moab kon voer nie. Dit kan egter nie steekhou nie, omdat Agab baie kort na die slag by Karkar oorlede is.

Die analogie met Agab toon nietemin aan dat die opvolgers van Agab militêr minder bedrewe of suksesvol was as hyself. Dieselfde afleiding kan ten opsigte van Jehu wat as militaris die troon bestyg het en Joahas gemaak word. Oor die sterkte van die leërmag wat Johas geërf het, sê die getuienis niks. Die troepevermindering waarvan 2 Konings 13:7 melding maak, volg immers op die neerlaag wat Joahas gelei het en was nie die oorsaak daarvan nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die tweede argument wat gebruik word om aan te toon dat Jehu die land tydens sy bewind op 'n afdraandepad gestuur het, is die argument uit die argeologie (Knott 1971; Deist & Le Roux 1987:89-90). Yeivin (1979:151-152) bied egter data wat 'n ander interpretasie van die regering van Jehu moontlik maak:

> It seems that Jehu acted wisely during all that time and strove to strenghthen the economy of his country. At any rate, it is quite clear that following the building phases attributed to Omri and Ahab, two more building phases (III-IV) existed at Samaria. ... at least one of them belong to the reign of Jehu and testifies to extensive building activity at that time. It also seems probable that some alterations and reconstruction in Stratum IVB at Megiddo, wrongly attributed to Ahab, should be assigned to Jehu.

Die verdwyning van die Fenisiese invloed op die argitektuur en vakmanskap in Israel tydens die bewind van Jehu weerspieël eerder die verbreking van die hegte verhouding wat tydens die bewind van die Omriede tussen Israel en Tirus bestaan het as op ekonomiese en tegnologiese verval en agteruitgang. Dit is selfs waarskynlik dat die verbreking van hierdie bande vir die elitegroep in Israel ekonomiese voordeel ingehou het, omdat die kompetisie verwyder is. Verder weerspieël dit nie nét iets van die resultate van Jehu se regering nie, maar is dit deel van 'n groter beweging in die totale Siries-Palestynse gebied (Weippert 1988:574; Smith 1987:15-16; Tigay 1989:157-194).

Dit is duidelik dat daar met die beskikbare getuienis oor die regering van Jehu na sy magsoorname nie tot 'n bevredigende en verantwoorde rekonstruksie van die geskiedenis gekom kan word nie. Die rekonstruksies van hierdie periode moet, totdat daar meer en betroubaarder inligting aan die lig kom, in die sfeer van ingeligte spekulasie bly.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 7.2.3 Israel deur Jehu se opstand prysgegee aan die vyande rondom

Daar word besonder straf geoordeel oor die verbreking van die buitelandse bondgenootskappe van die Omriede onder Jehu se bewind (Deist & Le Roux 1987:94; Donner 1986:280; Bright 1970:235; Ahlström 1977:60-61). Op die gebied van die internasionale politiek sou Jehu juis gefaal het en in 'n onmagtige posisie teenoor die agressie van Gasael beland het.

> In furnishing the usurper with the oracle of divine election he (= **Elisa - JHB**) made a grave political mistake, for he contributed directly to the future disasters which soon befell his country. His candidate for the throne, Jehu, did not become a blessing for Israel, but just the opposite (Ahlström 1977:61).

Die verbreking van die verbintenisse met Damaskus het Israel in die magsfeer van Assirië ingebring. Dit het tegelyk ook die beskerming van Assirië meegebring. Daar kan van geen staatsman meer verwag word as om die tydsomstandighede waarbinne hy in sy eie tyd leef, te beoordeel en volgens die beoordeling wat hy van die tydseise maak, op te tree nie. Onder die omstandighede het Jehu waarskynlik nie 'n ander keuse gehad as dié tussen bondgenootskap met die Arameërs of die Assiriërs nie.

Die getuienis oor Jehu se buitelandse verhoudinge swyg volledig oor enige vyandigheid tussen Israel en Damaskus, maar ook oor enige vyandigheid tussen Israel en Assirië. In die bewind van sy opvolgers, Joahas en Joas, het die Assiriese beskerming van Israel as sy vasal die volledige onderwerping van die staat deur Damaskus verhoed. Die indruk wat in die getuienis van die Ou Testament gewek word, dat Israel oor 'n lang tydperk deur die Arameërs in 'n onderhorige posisie gehou is, is waarskynlik nie korrek nie. Die totale getuienis dui eerder

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarop dat Gasael die onsekerheid in die Assiriese Ryk tydens die begin van Adad-Nirari III se regering benut het om sy eie magsfeer uit te brei. Sy optrede het tydens die regering van Joahas plaasgevind, maar is nog tydens die bewind van Joahas deur Adad-Nirari III tot 'n einde gebring (Shea 1978:101-113; Miller & Hayes 1986:301).

Onder hierdie omstandighede was Joas, en veral Jerobeam II, in staat om die agteruitgang in die Assiriese en die Aramese magsposisie gedurende die tweede kwart van die sewende eeu v C uit te buit en Israel opnuut in 'n bloeitydperk in te lei. Die verskuiwing van lojaliteit weg van Assirië na 'n nuwe Aramese koalisie ná die val van die dinastie wat Jehu gevestig het, het uiteindelik tot Israel se ondergang gelei.

In die geheel beoordeel, is daar 'n sterk saak voor uit te maak dat Jehu se politieke insig op internasionale gebied aan Israel 'n eeu van relatiewe bestendigheid en sekuriteit besorg het. Daar is geen betroubare getuienis wat dit teenspreek dat Jehu ten minste gedurende die periode wat hy aan die roer was, aan sy onderdane 'n geslag lank rus, sekuriteit en bestendigheid gebied het nie. Meer kan daar nie met billikheid van 'n koning verwag word nie. Vanselfsprekend is hierdie beoordeling, by gebrek aan voldoende betroubare getuienis, ook nie meer as spekulasie nie.

## 7.3 **Samevatting**

